

198601834201



U.O.V.S. - BIBLIOTEK

\*198601834201220000019\*



HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE  
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

**ONTSLAG VAN MAATSKAPPYDIREKTEURE  
IN DIE SUID-APRIKAANSE REG**

Deur

**Jean Jacques du Plessis**

Ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad

**Magister Legum**

in die

**Fakulteit Regsgeleerdheid, Departement Handelsreg**

aan die

**Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

Datum van inlewering

**15 Januarie 1986**

Studieleier

**Prof. J.J. Henning**

Universiteit van die Oranje-Vrystaat  
BLOEMFONTEIN

12-5-1986

KL. No.

T

No.

346.

6806642

PLE

## DANKBETUIGING

Ek betuig my opregte dank aan my studieleier, prof. J.J. Henning. Die groot hoeveelheid moeite wat hy, somtyds op kort kennisgewing, gedoen het en sy opbouende kritiek het my altyd ywerig oor nuwe uitdagings ten opsigte van hierdie onderwerp navorsing laat doen. My innige dank ook aan my eggenote vir haar onderskraging, geduld en moeite met die proefleeswerk.

Ek bedank die Registrateur Akademies van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat dat toestemming verleen is om die teksgedeelte van hierdie verhandeling in dubbelspasiëring en die voetnote in een-en-'n-halwe-spasiëring te tik. My dank kom ook die Seksie Interbiblioteeklenings van die U.O.V.S. Biblioteekdiens toe vir die beskikbaarstelling van buitelandse regsbronne. Ek betuig ook waardering aan sowel die Regsbiblioteek van die Universiteit van Suid-Afrika wat my toegelaat het om 'n deeltydse lener te wees, as aan prof. P.E.J. Brooks wat die English Companies Act 1985 aan my beskikbaar gestel het.

Laastens wil ek mev. Groenewald bedank vir al die Saterdag wat sy opgeoffer het om die tikwerk af te handel en vir Karin Riekert en Lorraine Gresse vir hulle hulp in verband met die taalkundige versorging.

## INHOUDSOPGAWE

Bladsy

### HOOFSTUK 1

#### INLEIDING

1	UITEENSETTING .....	1
2	PROBLEEMSTELLING .....	2
3	AFBAKENING .....	3

### HOOFSTUK 2

#### AGTERGROND EN ONDERLIGGENDE VERHOUDINGE

1	INLEIDING .....	5
2	INTERNE VERHOUDINGE .....	6
2.1	<u>Oorsig</u> .....	6
2.2	<u>Tipes Verhoudinge</u> .....	6
2.2.1	Direkteur en Maatskappy .....	6
2.2.2	Direkteure Onderling .....	9
2.2.3	Direkteure en Lede .....	11
2.2.4	Lede Onderling .....	12
2.2.5	Maatskappy en Lid .....	13
2.3	<u>Samevatting</u> .....	14
3	DIE VERHOUDING TUSSEN DIREKTEUR EN MAATSKAPPY IN DIE BESONDER .....	14
3.1	<u>Oorsig</u> .....	14
3.2	<u>Die Verhouding Kontraktueel</u> .....	14
3.2.1	Direkteursvergoeding .....	14
3.2.2	Wyses van Totstandkoming .....	16
3.2.2.1	Uitdruklik .....	16

3.2.2.2	Stilswyend .....	17
3.2.2.3	<u>Stipulatio Alteri</u> .....	20
3.2.3	Aard .....	23
3.2.3.1	Oorsig .....	23
3.2.3.2	Begripsverwarring .....	24
3.2.3.3	Regsposisie van die Direkteur .....	27
3.2.3.4	Regsposisie van die Besturende Direkteur .....	30
3.3	<u>Die Verhouding Nie-Kontraktueel</u> .....	36
3.3.1	Vorderingsreg <u>Ex Lege</u> .....	36
3.3.2	Ongeregverdigde Verryking .....	37
4	TEN SLOTTE .....	39

### HOOFSTUK 3

#### ONTSLAG IN DIE ALGEMEEN

1	INLEIDING .....	40
2	WYSES VAN ONTSLAG .....	40
2.1	<u>Oorsig</u> .....	40
2.2	<u>Beëindiging van Direkteurskap</u> .....	41
2.3	<u>Bepalings in die Akte of Statute</u> .....	43
2.4	<u>Ander Wysies</u> .....	45
2.5	<u>Die Statutêre Middel</u> .....	47
2.6	<u>Samevatting</u> .....	50
3	LEWENSLANGE DIREKTEURE .....	50
4	VOORGESKREWE ONTSLAGPROSEDURE .....	51
5	TEN SLOTTE .....	53

**HOOFSTUK 4****SKADELOOSSTELLING EN SKADEVERGOEDING**

1	INLEIDING .....	54
2	SKADELOOSSTELLING .....	55
3	SKADEVERGOEDING .....	56
4	GEEN SKADEVERGOEDING .....	57
4.1	<u>Gemeenregtelike Gronde</u> .....	57
4.2	<u>Statutêre Gronde</u> .....	58
5	BEREKENING VAN SKADEVERGOEDING .....	59
6	VERDERE ASPEKTE .....	61
7	TEN SLOTTE .....	62

**HOOFSTUK 5****SKADEVERGOEDING EN SPESIFIEKE NAKOMING BY ONTSLAG BUIE  
DIE STATUTÊRE REËLING**

1	INLEIDING .....	64
2	SKADEVERGOEDING .....	64
2.1	<u>Oorsig</u> .....	64
2.2	<u>Die Ontneming van die Reg op Skadevergoeding</u> .....	65
2.2.1	Ontslag ingevolge Bestaande Statute .....	65
2.2.2	Ontslag ingevolge Gewysigde Statute .....	69
2.2.3	Ontslag ingevolge die Dienskontrak .....	75
2.3	<u>Samevatting</u> .....	79
3	TEN SLOTTE .....	79

## HOOFSTUK 6

SKADEVERGOEDING EN SPESIFIEKE NAKOMING BY ONTSLAG INGEVOLGE  
DIE STATUTÊRE REËLING

1	INLEIDING .....	80
2	SKADEVERGOEDING .....	80
2.1	<u>Oorsig</u> .....	80
2.2	<u>Die Ontneming van die Reg op Skadevergoeding</u> .....	81
2.2.1	Uitdruklik .....	81
2.2.2	Stilswyend .....	88
2.3	<u>Samevatting</u> .....	95
3	DIE BESTURENDE DIREKTEUR .....	95
3.1	<u>Oorsig</u> .....	95
3.2	<u>Onderliggende Beginsels</u> .....	96
3.3	<u>Die Dienskontrak</u> .....	103
3.3.1	Spesifieke Nakoming Statutêr Uitgesluit .....	103
3.3.2	Spesifieke Nakoming in die Engelse en Suid-Afrikaanse Reg	104
3.3.2.1	Oorsig .....	104
3.3.2.2	Die Suid-Afrikaanse reg : Spesifieke Nakoming van Dienskontrakte .....	105
3.3.3	Spesifieke Nakoming en die Statutêre Reëling .....	108
3.3.4	Die Interdik en die Statutêre Reëling .....	112
3.3.5	Samevatting .....	114
4	TEN SLOTTE .....	114



## HOOFSTUK 7

EX LEGE-BESKERMING TEEN ONTSLAG

1	INLEIDING .....	116
2	INGEVOLGE DIE STATUTÊRE REËLING .....	116
3	INGEVOLGE ART 344(h) VAN DIE WET .....	118
3.1	<u>Oorsig</u> .....	118
3.2	<u>Die Grond "Reg en Billik"</u> .....	118
3.2.1	Historiese Perspektief .....	119
3.2.2	Interpretasie .....	122
3.2.3	Aansluiting by die Vennootskapsreg .....	124
3.2.4	Vereistes vir die Aanwending van Vennootskapsbeginsels .	127
3.2.5	Verstrengeling van Hoedanighede .....	129
3.2.6	Beperkings op Vennootskapsbeginsels .....	131
3.2.7	Die Engelse Regspraak .....	133
	a. <u>Ebrahimi v Westbourne Galleries Ltd.</u> .....	133
	b. <u>Bentley-Stevens v Jones</u> .....	134
	c. <u>Re A &amp; BC Chewing Gum Ltd. Topps Chewing Gum Inc v Coakley</u> .....	134
3.2.8	Die Suid-Afrikaanse Regspraak .....	136
	a. <u>Erasmus v Pentamed Investments (Pty) Ltd.</u> .....	136
	b. <u>Wackrill v Sandton International Removals (Pty) Ltd.</u> .....	137
	c. <u>Sweet v Finbain</u> .....	139
3.2.9	Die Regspraak in Perspektief .....	140

3.2.10	Die "Clean hands" - beginsel .....	144
3.3	<u>Samevatting</u> .....	145
4	TEN SLOTTE .....	146

## HOOFSTUK 8

### MAATREËLS TER VOORKOMING VAN ONTSLAG

1	INLEIDING .....	148
2	OMVANG VAN SKADEVERGOEDING .....	148
2.1	<u>Oorsig</u> .....	149
2.2	<u>Ontslag of Finansiële Oorlewing</u> .....	149
2.3	<u>Die Posisie in die Engelse Reg</u> .....	151
2.4	<u>Die Suid-Afrikaanse Reg</u> .....	155
2.5	<u>Aanbeveling</u> .....	162
3	BELADING VAN STEMME .....	164
3.1	<u>Oorsig</u> .....	165
3.2	<u>Publieke Maatskappye</u> .....	165
3.3	<u>Private Maatskappye</u> .....	165
3.3.1	Teenstrydighede en Standpunte .....	166
3.3.2	Aanbevelings .....	170
3.3.2.1	Riglyne vir Huidige Regspraak .....	170
3.3.2.2	Toekomstige Wetgewing .....	172
4	OOREENKOMSTE BULTE DIE STATUTÊRE REËLING .....	173
4.1	<u>Oorsig</u> .....	173
4.2	<u>Die Trefwydte van die Statutêre Reëling</u> .....	174
4.3	<u>Inperking van Stemreg</u> .....	175

4.3.1	Stemooreenkomste .....	177
4.3.1.1	Tussen Direkteure en Aandeelhouders .....	177
4.3.1.2	Tussen Aandeelhouders Onderling .....	178
4.3.1.3	Die Gevolge .....	180
4.4	<u>Ooreenkoms tussen die Maatskappy en Derdes</u> .....	182
4.5	<u>Samevatting</u> .....	186
5	TEN SLOTTE .....	186

## HOOFSTUK 9

### GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

1	GEVOLGTREKKINGS .....	188
2	AANBEVELINGS .....	189

### AANHANGSELS

1.	OPSOMMING .....	I
2.	LYS VAN AFKORTINGS .....	IV
3.	VONNISREGISTER .....	VI
4.	BIBLIOGRAFIE .....	XI
5.	TYDSKRIFARTIKELS .....	XV
6.	AMPTELIKE VERSLAE .....	XVIII

---

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

1. UITEENSETTING
  2. PROBLEEMSTELLINGS
  3. AFBAKENING
- 

#### 1 UITEENSETTING

Die hoofdoel van hierdie studie is om ondersoek in te stel na die ontslag van maatskappydirekteure in die Suid-Afrikaanse reg. Daar word veral gekyk na verskillende wyses van ontslag, onder andere na ontslag-bepalings in die maatskappykonstitusie en ontslag ingevolge die statutêre middel verleen deur art 220 van die Maatskappywet 61 van 1973 (hierna die Wet genoem).

As 'n vertrekpunt word die aandag eerstens bepaal by die intrakorporatiewe verhouding, aangesien dit so 'n belangrike aanknopingspunt bied waarvolgens hierdie studie gefundeerd aangepak kan word. Met die intrakorporatiewe verhouding voor oë word daar in die besonder aandag geskenk aan ontslag as sodanig, die moontlike gevolge van ontslag, ex lege-beskerming teen ontslag en maatreëls ter voorkoming van ontslag.

Die verskillende wyses waarop ontslag bewerkstellig kan word, speel 'n belangrike rol in die moontlike gevolge wat uit ontslag mag voortspruit. Juis daarom word die belangrikste gevolg van ontslag, naamlik skadevergoeding, in twee afsonderlike hoofstukke behandel. Eerstens word skadevergoeding en spesifieke nakoming by ontslag buite die statutêre reëling oorweeg,

waarna daar in die tweede plek gekyk word na skadevergoeding en spesifieke nakoming by ontslag ingevolge die statutêre reëling.

Ter afronding van die studie word daar ondersoek ingestel na ex lege-beskerming teen ontslag en maatreëls ter voorkoming van ontslag. Hierdie twee aspekte dwing 'n mens tot 'n kritiese evaluering van die statutêre middel tot ontslag. Vervolgens word daar aan die hand gedoen hoe die statutêre reëling aangaande ontslag deur middel van wetswysigings aangepas kan word om sommige van die bestaande onsekerhede en onduidelikhede uit te skakel.

In die loop van die algemene bespreking word daar ook aandag geskenk aan aangeleenthede wat nou verwant is aan die hooftema. So word daar onder andere gekyk na die verhouding tussen die direkteur en die maatskappy in die besonder, die regsposisie van die direkteur en die besturende direkteur, ontslag ingevolge die dienskontrak en die problematiek verbonde aan die ontslag van 'n besturende direkteur met 'n dienskontrak.

## 2. PROBLEEMSTELLINGS

Daar word puntsgewys verwys na 'n paar van die belangrikste probleme wat daar bestaan rondom hierdie studieveld en wat derhalwe binne die konteks van die taakstelling aandag geniet :

- a. Daar is aanduidings dat die regsposisie van die direkteur midde-in 'n proses van verandering is. Tradisionele opvattings oor direkteurskap word gevolglik in die weegskaal geplaas en dit kan in die toekoms lei tot 'n herevaluering en herformulering van direkteursontslag.
- b. Die regsposisie van die besturende direkteur is nie vas

omskrewe nie. Die gevolg is dat daar beswaarlik beginselstandpunt ingeneem kan word oor die uitwerking wat ontslag as direkteur op die beëindiging van besturende direkteurskap het. 'n Verdere probleem is dat daar tans onduidelikheid bestaan oor die onderskeid tussen besturende direkteurskap en werknemerskap.

- c. Daar bestaan veral nog onsekerheid oor die grondslag van die reg op skadevergoeding wat 'n direkteur na ontslag mag hê. Selfs waar daar eenstemmigheid is oor die aard van die reg, byvoorbeeld dat dit kontraktueel is, bestaan daar min duidelikheid oor die wyse waarop die kontrak tot stand kom.
- d. Die aanwending van vennootskapsbeginsels in die maatskappyereg kan 'n metode wees waarop ontslag op 'n indirekte wyse voorkom kan word. Die ongekwalfiseerde toepassing van die vennootskapsbeginsels in die maatskappyereg kan egter tot besondere probleme lei en moet gevolglik versigtig hanteer word.
- e. Daar heers nog besondere verwarring oor die vraag of die direkteur, deur middel van alle ooreenkomste wat buite die statutêre reëling val, ontslag kan voorkom.
- f. Daar is nog nooit finale sekerheid bereik in die Suid-Afrikaanse reg oor die omstrede kwessie rondom die belading van stemreg in private maatskappye nie.

Alhoewel die ontslag van direkteure in private maatskappye die meeste aandag in die literatuur geniet, word in hierdie studie

ook aandag geskenk aan die ontslag van direkteure in publieke maatskappye. Die studie sentreer hoofsaaklik om die Suid-Afrikaanse reg. Verwysings na die Engelse reg kom noodwendig voor, as gevolg van historiese redes maar ook as gevolg van die groot mate van ooreenstemming wat daar steeds vandag op hierdie gebied van die reg tussen die twee stelsels bestaan. Verwysings na ander regstelsels word vir die doeleindes van hierdie studie tot die allernoodsaaklikste beperk.

---

---

## HOOFSTUK 2

### ACTERGROND EN ONDERLIGGENDE VERHOUDINGE

1. INLEIDING
  2. INTERNE VERHOUDINGE
  3. DIE VERHOUDING TUSSEN DIREKTEUR EN MAATSKAPPY IN DIE BESONDER
  4. TEN SLOTTE
- 

1. INLEIDING

Die intrakorporatiewe verhouding is van besondere belang, nie alleen omdat dit die grondslag lê vir begrip aangaande ontslag van direkteure as sodanig nie, maar ook omdat dit so 'n bepaalde rol speel ten opsigte van die moontlike gevolge van sodanige ontslag.<sup>1</sup>

'n Verdere belangrike aspek wat hieruit voortvloei, is die verhouding tussen die direkteur en die maatskappy, in die besonder. 'n Behoorlike ontleding van dié verhouding lê die grondslag ingevolge waarvan die eis vir skadevergoeding of skadeloosstelling, wat 'n bepaalde direkteur na ontslag mag hê, gefundeerd aangepak kan word.

- 
1. Sien ook Botha, D., "Some aspects concerning the Removal of Directors" D.R., 1973, 465 (hierna Botha (some aspects) genoem) wat besondere klem lê op die intrakorporatiewe verhouding waarby die direkteur betrokke is.



## 2. INTERNE VERHOUDINGE

### 2.1 Oorsig

Heelwat faktore kan 'n invloed uitoefen op intrakorporatiewe verhoudinge, soos byvoorbeeld stemooreenkomste, aandeelhouders-ooreenkomste of selfs die feit dat daar voor die oprigting van die maatskappy 'n vennootskap bestaan het. Laasgenoemde aspek te word nie hier behandel nie. Daar word alleen maar gekyk na die basiese verhoudinge soos dit in die maatskappyereg aanwending vind.<sup>2</sup>

### 2.2 Tipes Verhoudinge

#### 2.2.1 Direkteur en Maatskappy

Direkteurskap beteken bloot dat 'n amp beklee word, dit wil sê dat daar in 'n bepaalde hoedanigheid opgetree word. Dit beteken nie per se dat daar 'n kontrak tussen die direkteur en die maatskappy tot stand kom met as inhoud die maatskappykonstitusie nie,<sup>3</sup> alhoewel so 'n moontlikheid nie uitgesluit is nie.<sup>4</sup> 'n Benadering wat algemeen byval vind, is dat die

---

2. Vir 'n ander onderskeid, vergelyk Ribbens, D.S., The Personal Fiduciary Character of Members' Inter Se Relations in the Incorporated Partnership, DCL, Montreal, 1981, 2-3.

3. Naudé, S.J., Die Regsposisie van die Maatskappydirekteur, 1970, 48; Cilliers, H.S. en Benadé, M.L. (et al.), Maatskappyereg, 1982, 85, par. 6.06.

4. Die wyse waarop so 'n kontrak tot stand kom is deur gedrag sien bespreking in Afdeling 3.2.2.2 (infra) van hierdie hoofstuk.

direkteur as sodanig nie 'n werknemer van die maatskappy is nie, maar dit is moontlik dat hy in gegewe gevalle beide direkteur en werknemer kan wees.<sup>5</sup> Ten einde die besondere regte, pligte en bevoegdhede wat die direkteur qua ampsbekleër toekom, te verduidelik, is sy posisie al gepas vergelyk met dié van byvoorbeeld 'n voog, kurator of trustee.<sup>6</sup> Waar daar wel 'n kontraktuele verhouding tussen die direkteur en die maatskappy bestaan, kan dit die grondslag wees ingevolge waar-

- 
5. Diner v Dublin, 1962(4) S.A. 36(N), 41B-C; Moresby White v Rangeland Ltd., 1952(4) S.A. 285 (SR), 287C-D; French Hairdressing Saloons, Ltd. v National Employers Mutual General Insurance Association, Ltd., 1931 A.D. 60 op 69; R v Berman, 1932 C.P.D. 133 op 136; Anderson v James Sutherland, (1941) S.C. 203 op 218; The Taupo Totara Timber Co., Ltd. v Rowe, (1978) A.C. 537 op 546; Lee v Lee's Air Farming, Ltd., (1960) 3 All E.R. 420; Cilliers en Benadé, op. cit., 325, par. 22.09; Meskin, P.M. (red.), Companies in LAW S.A., Vol.4, 1982, 170, par. 161; Leveson, G., Company Directors Law and Practice, 1970, 24; Hahlo, H.R., South Africa Company Law through the Cases, 1983, 44-45 (hierna Hahlo (cases) genoem); Powell-Smith, V., The Law and Practice Relating to Company Directors, 1969, 30; Crump, D.W. (red.), Dix and Crump on Contracts of Employment, 1980, 13, par. 1.32. Dat 'n direkteur nie sonder meer 'n werknemer is nie, word onder andere geïllustreer deur Schmitthoff, C.M. (red.), Palmer's Company Law, Vol. I, 1982, 793-794, par. 61-02 (hierna Schmitthoff (red.) genoem); Loose, P., The Company Director his Functions, Powers and Duties, 1975, par. 1-12(c) en 8-11; Gullick, J.M. (red.), Ranking and Spicer's Company Law, 1981, 273. Dat daar egter 'n neiging is om direkteure as werknemers te beskou, word deur Rubin, G.R., "The Director as Employee of the Company", J.B.L., 1978, 328, betoog. Sien egter ook Schmitthoff, C.M., "Directors as Employees", J.B.L., 1978, 61; Schmitthoff, C.M., "The Director as Employee of the Company", J.B.L., 1979, 4.
6. Daar moet nie uit die analogie met die trustee afgelei word dat die direkteur as trustee in enge sin teenoor die maatskappy te staan kom nie. Vir die onderskeid tussen "trust in wye sin" en "trust in enge sin" - sien Honoré, T., The South African Law of Trusts, 1985, 3-4 en De Villiers, S.W.L. (et al.), Trust en Boedelbeplanning - Consulta 4, 1980, 6-7. Dat dié analogie in die Suid-Afrikaanse reg onvanpas is word bevestig deur Cilliers en

van die direkteur, na ontslag, 'n reg op skadevergoeding kan hê. Die wyse waarop die verhouding geskep kan word en die aard van die verhouding word in Afdeling 3 van hierdie hoofstuk behandel. Die reg op skadevergoeding voortspruitend uit 'n verbreking van die verhouding en die rol wat die maatskappykonstitusie in so 'n geval kan speel, word egter later afsonderlik bespreek.<sup>7</sup>

Die verhouding tussen die direkteur en die maatskappy word voorts beskou as 'n fidusiêre verhouding.<sup>8</sup> Dit kan ook

---

Benadé, op. cit., 298, par. 21.03; Botha, D.H., Henning, J.J. en De la Rey, E.M., Cilliers en Benadé : Inleiding tot Maatskappyereg, 1985, 175, par. 16.03; Leveson, op. cit., 4. Sien ook Loose, op. cit., par.1-12; Chesterman, M.R., "The 'Just and Equitable' Winding up of Small Private Companies", M.L.R., 1973, 131, voetnoot 15.

7. Sien Afdeling 3 (infra) van hierdie hoofstuk en Hoofstukke 5-6 (infra).
8. In Unity Investment Co. (Pty) Ltd. v Johnson, 1932, C.P.D. 275 op 283 word die besondere gevolge wat uit hierdie fidusiêre verhouding vir die direkteur spruit, met 'n aanhaling uit Re Coronation Syndicate Ltd., 1903 T.S. 489, verduidelik : "It appears to me that there is a great difference in principle between the case of a shareholder binding himself by such a contract and the directors of the company undertaking such an obligation. The shareholder is dealing with his own property, and he is entitled to consider his own interests without regard to the interests of other shareholders. But the directors are in a fiduciary position and it is their duty to do what they consider will best serve the interests of the shareholders. If, therefore, they have bound themselves by contract to do a certain thing, and thereafter have bona fide come to the conclusion that it is not in the interests of the shareholders that they should carry out their agreement, I do not think the Court would be justified in interfering with their discretion and compelling them to do what they honestly believe would be detrimental to the interests of the shareholders." Sien ook Meskin (red.), op. cit., 170, par. 161; Schmitthoff (red.), op. cit., 838, par. 63-05.

beskryf word as 'n verhouding van die hoogste goeie trou.<sup>9</sup> As inhoud het dit dan dat die direkteur sy bevoegdhede te goeder trou moet uitoefen<sup>10</sup> en 'n botsing tussen sy eie belange en dié van die maatskappy moet vermy.<sup>11</sup>

### 2.2.2 Direkteure Onderling

Naudé<sup>12</sup> voer aan dat "daar weinige (sic) indien enige kontrakte te bedink is wat direkteure in daardie hoedanigheid selfs uitdruklik inter se kan sluit om hulle qua direkteure te bind".<sup>13</sup> Hierdie stelling word bevestig deur Coronation

- 
9. Sien French Hairdressing Saloons, Ltd. v National Employers Mutual General Insurance Association, Ltd. (supra), 68; Fisheries Development Corporation of SA Ltd. v Jorgensen : AWJ Investments (Pty) Ltd., 1980(4) S.A. 156(W), 163E. Dit is interessant om te let op die benadering in Mutual and Federal Insurance Co., Ltd. v Oudtshoorn Municipality, 1985(1) S.A. 419(A), 433F, 'n saak wat oor die versekeringreg handel, maar waar die Latynse term "uberrima fides" ("utmost good faith") as "an alien, vague, useless expression without any particular meaning in law" bestempel word. Die minderheidsuitspraak (443D) wys egter daarop dat "(a)fter the many years in which the term ("uberrimae fides") has been used ..... it is not ..... potentially misleading". Die benadering van Reinecke, M.F.B. en Becker, E.A., "Die Openbaringsplig by Versekering : Uberrima Fides Oorboord", T.S.A.R., 1985, 88 weerspieël tereg dat die meerderheidsuitspraak se verwerping van die gebruik van die term "uberrima fides", wyer as net by versekeringskontrakte strek.
10. Naudé, op. cit., 111.
11. Ibid., 116; Cilliers en Benadé, op. cit., 327, par. 22.16.
12. Op. cit., 49.
13. Ibid. Eie beklemtoning is aangebring.

Syndicate Ltd. v Lilienfield.<sup>14</sup> In dié saak het die direkteure hulleself kontraktueel verbind om 'n sekere vergadering te belê. Die verskil tussen die posisie van 'n aandeelhouer en dié van 'n direkteur word eers verduidelik en daarna word die belangrike beginsel gestel dat 'n hof nie spesifieke nakoming van so 'n kontrak sal beveel as die direkteure bona fide glo dat die nie-nakoming in belang van die maatskappy (aandeelhouders) is nie.<sup>15</sup> Daar moet egter beklemtoon word dat daar hier nie van 'n starre reël gebruik gemaak word nie. Omstandighede mag dit ook gewens maak dat die direkteure hulle qua direkteure moet kan bind, byvoorbeeld waar dit in die belang van die maatskappy is. So 'n kontrak is dan geldig.<sup>16</sup> Dit is ongewens om 'n fyn onderskeid te tref tussen wanneer die kontrak aangegaan kan word en wanneer nie. Die beste algemene oplossing is hier om die optrede in belang van die maatskappy voorop te stel.<sup>17</sup>

Waar daar nie sprake is van enige kontrak nie, bestaan daar geen besondere verhouding tussen direkteure nie, behalwe dat hulle as bekleërs van 'n besondere amp, die direksie vorm.<sup>18</sup> Afhangende daarvan of die interne optrede, of

---

14. Supra, 496 en 497. Sien ook Naudé, op. cit., 111; Meskin (red.), op. cit., 216, par. 222; Hahlo H.R., "Voting Agreement", S.A.L.J., 1963, 282; Afterman, A.B. en Baxt, R., Cases and Materials on Companies and Associations, 1975, 443-448.

15. Cilliers en Benadé, op. cit., 331, par. 22.24.

16. Ibid., 332, par. 22.24; Prentice, D.D., "Winding up on the Just and Equitable Ground : The Partnership Analogy", L.Q.R., 1973, 111-113.

17. Prentice, op. cit., 112.

18. Naudé, op. cit., 50.

die optrede na buite beskou word, word die direkteure as orgaan of as verteenwoordiger tipeer.<sup>19</sup>

Die afleiding moet egter nie hieruit gemaak word dat die direkteur hom nie in 'n ander hoedanigheid,<sup>20</sup> byvoorbeeld as aandeelhouer,<sup>21</sup> kontraktueel kan bind nie.

### 2.2.3 Direkteure en Lede

Regtens bestaan daar geen regstreekse verhouding tussen 'n direkteur en 'n aandeelhouer of lid nie.<sup>22</sup> Alle wisselwerking tussen 'n direkteur en 'n lid vind via die maatskappy plaas.<sup>23</sup>

Die organe van die maatskappy, naamlik die direksie ("direkteure")<sup>24</sup> en die algemene ledevergadering, word nie hier

- 
19. Cilliers en Benadé, op. cit., 298, parr. 21.04 en 21.05.
  20. Sien voetnoot 5 (supra) van hierdie hoofstuk.
  21. Die belangrike rol wat 'n ooreenkoms met ander aandeelhouders kan speel, word in Hoofstuk 8, Afdeling 4 (infra) bespreek.
  22. Vir huidige doeleindes word "aandeelhouer" en "lid" as sinonieme gebruik. Sien Cilliers en Benadé, op. cit., 185, par. 14.01.
  23. Naudé, op. cit., 52. Cilliers en Benadé, op. cit., 335, par. 22.32 verklaar hierdie situasie op grond van die uiteenlopende belange wat aandeelhouders mag hê en die onhoudbare posisie waarin die direkteur hom sou bevind as hy in 'n vertrouensposisie teenoor die maatskappy en lede gestaan het. Dit is ook die wese van die benadering in Fisheries Development Corporation of SA Ltd. v Jorgensen : AWJ Investments (Pty) Ltd. (supra), 163D-G.
  24. Cilliers en Benadé, op. cit., 297, par. 21.01.

behandel nie. Behandeling van hierdie aspekte word beskou as bestuursprobleme<sup>25</sup> en val buite die bestek van die intrakorporatiewe verhoudinge soos tans onder bespreking.

#### 2.2.4 Lede Onderling

Die maatskappykonstitusie het 'n besondere rol te speel in hierdie verhouding. Anders as by die verhouding tussen direkteure onderling of tussen die direkteur en die maatskappy, skep dit in hierdie geval wel per se 'n kontraktuele verhouding tussen die lede onderling.<sup>26</sup>

In sy hoedanigheid as lid, ontleen elke lid sekere kontraktuele regte aan die maatskappykonstitusie. Die afdwinging van hierdie regte kan of teen 'n besondere lid<sup>27</sup> of teen die maatskappy<sup>28</sup> geskied.

- 
25. Ibid., 261-266, parr. 19.01 tot 19.08; Naudé, op. cit., 51.
26. Sien art 65(2) van die Maatskappywet 61 van 1973 (hierna die Wet genoem); Naudé, ibid., 51; Cilliers en Benadé, op. cit., 85, par. 6.05; Gower, L.C.B., (et. al.), Gower's Principles of Modern Company Law, 1979, 315-320 (hierna Gower (et. al.) genoem); Pennington, R.R., Company Law, 1979, 56-59.
27. Die voorbeeld van Cilliers en Benadé, loc. cit. aangaande die bepaling in die statute dat "aandele eers aan medelede aangebied" moet word, is hier van toepassing. Dit is byvoorbeeld 'n bepaling wat gereeld in die statute van private maatskappye, wat uit familieledede bestaan, voorkom.
28. Die voorbeeld wat Naudé, op. cit., 51 gebruik, is waar die algemene vergadering 'n besluit neem wat op "ongoorloofde wyse inwerk op die posisie van 'n minderheidsaandeelhouer soos dit uit die konstitusie blyk".

## 2.2.5 Maatskappy en Lid

Ook hier is die maatskappykonstitusie van besondere belang. Alhoewel daar nie per se 'n trouverhouding tussen die maatskappy en die lid bestaan nie,<sup>29</sup> skeep die maatskappykonstitusie 'n kontraktuele verhouding tussen die maatskappy en die lid.<sup>30</sup> Dit is as gevolg van hierdie kontraktuele verhouding dat 'n lid by wyse van 'n hofbevel die maatskappy kan verhoed "om met 'n onderneming buite die vermoënsfeer te begin of voort te gaan".<sup>31</sup>

Die kontraktuele aard van die maatskappykonstitusie in die geval van die verhouding tussen lede onderling en in die geval van die verhouding tussen die lid en maatskappy is eiesoortig.<sup>32</sup> 'n Bespreking van hierdie kenmerke val egter buite die bestek van hierdie studie.

- 
29. Dat 'n trouverhouding tussen 'n lid en die maatskappy wel kan bestaan, blyk uit Bellairs v Hodnett, 1978(1) S.A. 1109(A), 1130E waarin, voortspruitend uit die besondere bepalings van die ooreenkoms tussen die aandeelhouders, opgemerk is dat : "We think that the analogy of a partnership to the relationship of Bellairs and Hodnett (direkteure en aandeelhouders) and the Company is an apposite and true one" (eie beklemtoning). Dit is interessant om daarop te let dat art 42 van die Wet op Beslote Korporasies 69 van 1984 'n vertrouensverhouding tussen die lede en die korporasie skeep.
30. Cilliers en Benadé, op. cit., 84, par. 6.04; Naudé, op. cit., 50.
31. Cilliers en Benadé, loc. cit.
32. Naudé, op. cit., 63-64; Gower (et al.), op. cit., 315-318.



## 2.3 Samevatting

Die ontslag van direkteure word later behandel. By die behandeling daarvan is dit belangrik om deurgaans in gedagte te hou dat daar verskillende intrakorporatiewe verhoudinge bestaan.<sup>33</sup> Elkeen word deur eiesoortige kenmerke van mekaar onderskei. Bowenal moet daar steeds in gedagte gehou word dat 'n enkele persoon by meer as een van die verhoudinge betrokke kan wees.

## 3. DIE VERHOUDING TUSSEN DIREKTEUR EN MAATSKAPPY IN DIE BESONDER

### 3.1 Oorsig

Hierdie verhouding word onder die loep geneem met die oog op die moontlike verbreking daarvan, en potensiële remedies voortspruitend uit so 'n verbreekte verhouding word ook ondersoek. Naudé<sup>34</sup> se indeling word by die behandeling hiervan gevolg. Daar word dus vasgestel of die verhouding van so 'n aard is dat die verbreking daarvan 'n eis ex contractu, ex lege of selfs 'n eis gebaseer op verryking tot gevolg kan hê.

### 3.2 Die Verhouding Kontraktueel

#### 3.2.1 Direkteursvergoeding

Die grondslag waarop vergoeding vir direkteure berus, is geleë

---

33. Daar word met Pennington, op. cit., 507-508 saamgestem dat die onderskeid tussen verskillende hoedanighede waarin 'n persoon kan staan nie altyd behoorlik getref word nie. Die oorsprong van die gebrek aan 'n onderskeid lê daarin dat die verskillende intrakorporatiewe verhoudinge verontagsaam word. Dit kan sonder twyfel aangemerkt word as die belangrikste rede vir die verwarring wat op hierdie gebied bestaan.

34. Naudé, op. cit., 98-101.

in die feit dat die reg daarop in die statute geskep moet word.<sup>35</sup> Dit beteken nie dat die direkteur geen ander vergoeding mag ontvang nie. Die algemene vergadering kan wel 'n toekenning aan die direkteur maak, al is die besondere magtiging daartoe nie in die statute geskep nie. So 'n toekenning word bloot ex gratia gedoen.<sup>36</sup> Aangesien daar in die statute nie magtiging daartoe verleen is nie, sal die direkteur in so 'n geval nie ex contractu op die toekenning geregtig kan wees nie. Hierdie reël geld ten spyte van die feit dat ontslag ingevolge art 220 van die Wet plaasvind en ten spyte van die feit dat art 220(7) van die Wet die magtiging vir 'n kontraktuele eis bevat.<sup>37</sup>

Indien die voorafgaande paragraaf as vertrekpunt geneem word, los dit nog hoegenaamd nie al die probleme op wat ontstaan rondom die vraag oor wanneer die direkteur in 'n kontraktuele

- 
35. Ross & Co. v Coleman, 1920 A.D. 408 op 411; Phillips v Base Metal Exploration Syndicate, Ltd. (In liq.), 1911 T.P.D. 403 op 407; Hahlo (cases), op. cit., 357; Naudé, op. cit., 98; De Wet, J.C. en Van Wyk, A.H., De Wet en Yeats : Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg, 1978, 647, voetnoot 806; Cilliers en Benadé, op. cit., 324-325, par. 22.06; Meskin (red.), op. cit., 204-205, par. 210; Schmitthoff (red.), op. cit., 816, par. 61-33; Pennington, op. cit., 514; Gullick (red.), op. cit., 274; The English and Empire Digest with Complete and Exhaustive Annotations, Vol. 9, 1975, 481-483; Boyle, A.J. en Sykes, R.S. (et al.) (red.), Gore-Brown on Companies, 1982, par. 25-8; Powell-Smith, op. cit., 47.
36. Naudé, op. cit., 98; Cilliers en Benadé, op. cit., 325, par. 22.06; Meskin (red.), op. cit., 198, par. 204 en 205, par. 210; Leveson, op. cit., 25 en 35; Boyle en Sykes (red.), op. cit., par. 25-8.
37. Naudé, loc. cit.

verhouding tot die maatskappy staan nie. Sodanige probleme ontstaan veral as gevolg van die feit dat die statute nie sonder meer 'n kontrak skep tussen die maatskappy en die direkteur in sy hoedanigheid as direkteur nie, selfs al word die reg op vergoeding in die statute geskep.<sup>38</sup> Gevolglik het die direkteur ook nie sonder meer na ontslag 'n reg op skadevergoeding nie.

Die statute reël die interne sake en bestuur van 'n maatskappy, en kan dus verskil van maatskappy tot maatskappy.<sup>39</sup> Dit is ook begryplik dat alternatiewe reëlings ten opsigte van die reg op vergoeding, soos vervat in die statute, kan bestaan.<sup>40</sup> Tabel A of B<sup>41</sup> van die Eerste Bylae tot die Wet kan in hierdie verband as voorbeeld dien.

### 3.2.2 Wyses van Totstandkoming

#### 3.2.2.1 Uitdruklik

Dat die direkteur sekere aspekte van sy amp kontraktueel kan reël, staan vas.<sup>42</sup> Dit sluit beslis nie net dienskon-

---

38. Sien voetnoot 3 (supra) van hierdie hoofstuk.

39. Cilliers en Benadé, op. cit., 113, par. 8.05.

40. Meskin (red.), op. cit., 205, par. 210; Schmitthoff (red.), op. cit., 819-821, parr. 61-38 tot 61-42.

41. Sien Reëls 54, 55 en 61 van Tabel A van die Eerste Bylae tot die Wet en Reëls 55, 56 en 62 van Tabel B van die Eerste Bylae tot die Wet.

42. Naudé, op. cit., 80-81; Botha (some aspects), op. cit., 466; Hahlo (cases), op. cit., 334; Van Jaarsveld, S.R. (et al.), Die Suid-Afrikaanse Handelsreg, Vol. III, 1984, 204.

traktuele reëlings in nie, maar het ook betrekking op direkteursvergoeding.

Indien die kontrak uitdruklik beding is, kan die volgende moontlikhede bestaan :<sup>43</sup>

- a. 'n Kontrak waarin al die bepalings volledig vervat is (dit kan ook bepalings van die statute bevat, maar dan sonder enige verwysing dat dit aan die statute ontleen is).
- b. 'n Kontrak waarin sekere bepalings volledig vervat is en ander weer bloot deur middel van verwysings na die statute.
- c. 'n Kontrak wat alleen maar verwysings na die statute bevat.

Afhangende van wat die uitdruklike bepalings behels of watter geïmpliseerde terme in die kontrak ingelees kan word, sal die direkteur na ontslag 'n reg op skadevergoeding kan hê.

### 3.2.2.2 Stilswyend

Die mees voor-die-hand-liggende voorbeeld hiervan is 'n kontrak wat tussen die direkteur en die maatskappy tot stand kom op die basis van die statute. Die rede vir die totstandkoming is dat

---

43. Naudé, op. cit., 80-81; Botha, op. cit., 466. Tog praat Hahlo, op. cit., 334 slegs van 'n "service contract", maar Naudé en Botha beperk dit nie net tot so 'n kontrak nie.

die statute gewoonlik bepalings, soos diensvoorwaardes, tydperk van aanstelling en direkteursvergoeding, bevat. Alhoewel daar al twyfel uitgespreek is oor die wenslikheid daarvan om so 'n kontrak te fingeer,<sup>44</sup> dui die gesag oorheersend daarop dat so 'n moontlikheid wel kan bestaan.<sup>45</sup>

'n Verklaring vir die totstandkoming van so 'n kontrak is geleë in die feit dat hierdie kontrak ook uitdruklik beding kon gewees het. Stilswyende totstandkoming kan dus nie sonder meer uitgesluit word nie.<sup>46</sup>

Die kontrak kom tot stand by wyse van gedrag. So 'n kontrak moet onderskei word van 'n kontrak wat mondeling tot stand kom,

- 
44. Naudé, op. cit., 80, 86 en 99, voetnoot 1; Cilliers en Benadé, op. cit., 325, par. 22.06, voetnoot 4; De Wet en van Wyk, op. cit., 647, voetnoot 810.
45. Ross & Co. v Coleman (supra), 418; R v Mall, 1959(4) S.A. 607(N), 623B-C; Appel v Sher, 1950(2) S.A. 224(W), 227-229; Meskin (red.), op. cit., 170, par. 161; Milne, A. (et al.) (red.), Henochsberg on the Companies Act, 1975, 386; Botha, op. cit., 466; Hahlo (cases), op. cit., 334; Van Jaarsveld, S.R., (et al.), Die Suid-Afrikaanse Handelsreg, Vol. 11, 1983, 58; Van Jaarsveld (Vol. 111), op. cit., 204 en 206, voetnoot 192; Ringrose, H.G., The Law and Practice of Employment, 1983, 27 en 36; Gower (et al.), op. cit., 151 en 318; Schmitthoff (red.), op. cit., 817, par. 61-35; Pennington, op. cit., 58-59; Loose, op. cit., parr. 8-05(b) en 8-09; Gower, L.C.B., "Companies Removal of Managing Director", M.L.R., 1953, 84 (hierna Gower (managing director) genoem); Re T.N. Farrar, Ltd., (1937) 2 All E.R. 505 op 507-508; Crump (red.), op. cit., 13, par. 1.32; Boyle en Sykes (red.), op. cit., par. 4-2(u-x).
46. Sien Robinson v Randfontein Estates Gold Mining Co., Ltd., 1921 A.D. 168 op 181. Dieselfde beginsel is ook op ander gebiede van die reg erken - sien byvoorbeeld Ally v Dinath, 1984(2) S.A. 451(T), 454F-G en Norman-Scoble, C., Law of Master and Servant in South Africa, 1956, 96 en 120.

en juis daarom moet bronne waarin daar alleen maar sprake is van 'n kontrak wat nie op skrif is nie, met omsigtigheid bejeën word.<sup>47</sup> In gevalle waar die kontrak nie skriftelik is nie, kan dit steeds uitdruklik mondeling beding wees. Beide gevalle (naamlik stilswyend by wyse van gedrag en uitdruklik mondeling beding) gee uit die aard van die saak voortdurend aanleiding tot bewysregtelike probleme. Die wyse waarop die kontrak tot stand kom en die feit dat bewysregtelike probleme ondervind mag word, is egter bloot feitelike vrae<sup>48</sup> en kan nie tot gevolg hê dat die bestaan van die kontrak uit 'n beginseloogpunt ontken word nie.

Ook in die geval van die kontrak wat stilswyend by wyse van gedrag tot stand kom, is die verhouding tussen die direkteur en die maatskappy kontraktueel. Ontslag as direkteur kan dus in bepaalde gevalle, selfs waar geen uitdruklike kontrak beding is nie, tot gevolg hê dat die direkteur 'n reg op skadevergoeding het. Wat die omvang van dié reg is en of dit die direkteur in sekere gevalle ontnem kan word, kan wissel van geval tot geval.

- 
47. Norman-Scoble, op. cit., 96; Powell-Smith, op. cit., 31, 32, 37 en 43; Adams, P.R., The Law and Practice Relating to Company Directors in Australia, 1970, 61. Die benadering van Van Jaarsveld (Vol. II), op. cit., 55, voetnoot 11 dat geen formaliteite soos opskrifstelling 'n vereiste vir die totstandkoming van 'n dienskontrak is nie, maar dat opskrifstelling wenslik is, is realisties. Die gebruik van die woorde "concluded oral agreement" in James v Thomas H. Kent & Co. LD., (1951) 1 K.B. 551 op 555, gee erkenning aan die feit dat so 'n kontrak uitdruklik mondeling beding kan word.
48. Ross & Co. v Coleman (supra), 418; Robinson v Randfontein Estates Gold Mining Co., Ltd. (supra), 181; R v Mall (supra), 623B-C; Ally v Dinath (supra), 454G; Van Jaarsveld (Vol. III), op. cit., 204; Re T.N. Farrar (supra), 508A.

### 3.2.2.3 Stipulatio Alteri

Daar kon slegs twee Suid-Afrikaanse bronne opgespoor word wat die beding ten behoeve van 'n derde as totstandkomingswyse van hierdie kontrak oorweeg.

Eerstens oorweeg Naudé,<sup>49</sup> in sy soeke na die bron van die vorderingsreg wat die direkteur in 'n bepaalde geval mag hê, ook die beding ten behoeve van 'n derde. Dié konstruksie word egter nie sonder meer deur Naudé aanvaar nie. Sy argument word gegrond op die feit dat direkteursvergoeding maar een aspek van die direkteursamp is. Uit die feit dat direkteursvergoeding in die statute vermeld word, kan nie afgelei word dat dit die bedoeling van die maatskappy was om ten gunste van die direkteur te beding nie.<sup>50</sup>

Tweedens beskou De Wet en Van Wyk<sup>51</sup> die Engelsregtelike fingering van 'n kontrak as "klaarblyklik onbevredigend"<sup>52</sup> en verwerp hulle ook die benadering van Naudé.<sup>53</sup> Die verwerping van Naudé se standpunt word

---

49. Op. cit., 99 en 294-295.

50. Ibid.

51. Op. cit., 647, voetnoot 810; Van Jaarsveld (Vol. III.), op. cit., 206, voetnoot 193 verwys slegs, sonder enige kommentaar, na hierdie benadering van De Wet en Van Wyk.

52. De Wet en Van Wyk, loc. cit. verwys na Naudé, op. cit., 98-99 om hierdie stelling te regverdig.

53. De Wet en Van Wyk, loc. cit., verwys weer eens na Naudé, loc. cit.

gebaseer op die feit dat art 65(2) van die Wet <sup>54</sup> die statute in elk geval tot 'n kontrak tussen die maatskappy en sy lede verhef. Ook die bepaling in die statute wat vir direkteursvergoeding voorsiening maak, is dus volgens De Wet en Van Wyk 'n beding ten behoewe van 'n derde.

Die beding ten behoewe van 'n derde is vreemd aan die Engelse reg.<sup>55</sup> Dit het dus min waarde om, soos De Wet en Van Wyk,<sup>56</sup> op grond van statutêre reëlings wat hulle oorsprong juis in die Engelse reg het,<sup>57</sup> te argumenteer dat hier wel 'n beding ten behoewe van 'n derde voorhande is. Die benadering van Naudé is meer realisties. Laasgenoemde skrywer gaan van die standpunt uit dat na die vereistes van die beding ten behoewe van 'n derde self gekyk moet word om te bepaal of dit die wyse is waarop die kontraktuele verhouding tussen die direkteur en die maatskappy tot stand kom. Daar word dan ook deur hom uitdruklik erkenning verleen aan die feit dat die direkteur, as derde, sy regte wel aan die statute kan

- 
54. Art 65(2) van die Wet lui soos volg : "Die akte en statute bind die maatskappy en sy lede, in dieselfde mate asof dit onderskeidelik deur elke lid onderteken is, tot nakoming, behoudens die bepalings van hierdie Wet, van al die bepalings van die akte en van die statute."
55. Naudé, op. cit., 64-65; Cilliers en Benadé, op. cit., 84, par. 6.04.
56. Op. cit., 647, voetnoot 810.
57. Die ooreenstemmende bepaling aan art 65(2) van die Wet, is art 14 van die English Companies Act 1985 (hierna die 1985 Act genoem). Om kruisverwysings te vergemaklik word ook verwys na die ooreenstemmende bepalings van die vorige Engelse Companies Acts - art 20 van die Companies Act 1948. Sien Naudé, op. cit., 57; Pennington, op. cit., 59; Schmitthoff (red.), op. cit., 156, par. 13-01.



ontleen. Die belangrike kwalifikasie is egter dat dit die bedoeling moet wees om 'n voordeel ten behoeve van hom (direkteur/derde) te beding.<sup>58</sup>

Dit is dus heel moontlik dat direkteur X 'n reg op skadevergoeding kan hê, waar dit in die statute gestel word dat hy teen R5 000,00 per jaar vir 5 jaar as direkteur aangestel word en hierna byvoorbeeld na 2 jaar ontslaan word.<sup>59</sup> Dieselfde afleiding kan egter nie gemaak word waar die reg op vergoeding van direkteure in die algemeen in die statute geskep is nie. Hierdie benadering is ook in ooreenstemming met die algemene beginsels van 'n beding ten behoeve van 'n derde soos verduidelik in McCullough v Fernwood Estate Ltd.<sup>60</sup> Hierdie uitspraak bring duidelik na vore dat waar twee persone 'n kontrak aangaan, dit tot die voordeel van 'n derde kan geskied. Wanneer die derde die voordeel aanvaar, kom daar 'n vinculum iuris direk tussen hom en die promittens tot stand. Die derde verkry so 'n vorderingsreg. Dit kan sowel regsgeldiglik deur hom aangevra teen hom afgedwing word.<sup>61</sup>

Hierdie benadering uit die McCullough-saak is al gekritiseer as " 'n gedoente ..... wat op(ge)dis (is en 'n) onding" is.<sup>62</sup>

---

58. Naudé, op. cit., 68.

59. Ibid., 75. Heelwat ander oorwegings kan egter in verband met die reg op skadevergoeding 'n rol speel - sien Hoofstukke 5 en 6 (infra).

60. "McCullough (sic) v Fernwood Estate Ltd., 1920 A.D. 204" oorspronklik verskyn op bl. 205-206 soos aangehaal in Amoils v Fuel Transport (Pty) Ltd. 1978(4) S.A. 343(W), 345D-E.

61. McCullough v Fernwood Estate Ltd. (supra), 206; Amoils v Fuel Transport (Pty) Ltd. (supra), 345G-H.

62. De Wet en Van Wyk, op. cit., 96-97.

Daar word egter met Naudé<sup>63</sup> saamgestem dat dit vir die huidige doeleindes "geen doel (sou) dien om hier die andersluitende menings te ontleed oor vroe soos teenoor wie aanvaar word ... en of aanvaarding deur C vir hom 'n kontraktuele verhouding skep of slegs sy onbestendige reg bestendig nie". Die benadering tans is ook net dat "B hom derhalwe kontraktueel teenoor A (kan) verbind tot 'n prestasie aan C. Indien C die voordeel aanvaar, kan hy dit teenoor B afdwing".<sup>64</sup>

In gevalle waar die bedoeling om die direkteur te bevoordeel, dus teenwoordig is, is dit moontlik dat die direkteur (quar derde) op grond van die beding ten behoeve van 'n derde in 'n kontraktuele verhouding teenoor die maatskappy kan staan. Die verbrekking van dié verhouding kan weer kontraktbreuk daarstel.

### 3.2.3 Aard

#### 3.2.3.1 Oorsig

Afdeling 3.2.2 hierbo bring aan die lig dat daar verskillende wyses is waarop 'n kontrak tussen die direkteur en die maatskappy tot stand kan kom. Waar dié kontrak verbreek word, kan die direkteur 'n reg op skadevergoeding hê.

'n Enkele direkteur kan verskillende kontraktuele reëlings met die maatskappy aangaan. Om te bepaal of 'n direkteur 'n skadevergoedingseis het as hy ontslaan word, is dit belangrik om vas

---

63. Op. cit., 66, voetnoot 5.

64. Ibid., 66.

te stel wat die aard van die kontraktuele verhouding(e) is wat in 'n gegewe geval mag bestaan. Die huidige ondersoek sentreer hoofsaaklik rondom die vraag of die verhouding tussen die direkteur en die maatskappy dienskontraktueel van aard is, al dan nie.

### 3.2.3.2 Begripsverwarring

Die Engelse begrippe, "contract of employment", "contract of service" en "contract for service", moet met groot omsigtigheid gebruik en vertaal word. Die verwarring ten opsigte van die gebruik van hierdie begrippe blyk duidelik uit 'n paar van die Engelsregtelike statutêre bepalinge wat betrekking het op direkteurskontrakte :

- a. Daar word soms melding gemaak van "any director holding a salaried employment or office in the company".<sup>65</sup>
- b. Die opskrif in die kantlyn van art 318 van die 1985 Act verwys weer na "directors' service contracts", in art 318(1)(a) en (b) word gepraat van 'n direkteur met 'n "contract of service" en in art 318(1)(c) word dit beskryf as die kontrak van 'n direkteur "who is employed under a contract of service".<sup>66</sup>

---

65. Schmitthoff (red.), op. cit., 794, par. 61-02, voetnoot 6; Loose, op. cit., par. 8-11(a).

66. Volg ook Reël 5(b) van die Sesde Bylae tot die 1985 Act. Vergelyk art 26 van die Companies Act 1967 en sien ook Schmitthoff (red.), op. cit., 897, par. 66-14 onder die opskrif "(i)nspector of directors' service contracts".

c. In art 319 van die 1985 Act word die term "director's contract of employment" egter gebruik.<sup>67</sup>

Dit is dus moeilik om vas te stel wat presies bedoel word wanneer 'n spesifieke begrip gebruik word. Om 'n vaste reël te probeer neerlê, byvoorbeeld dat "contract of employment" as genus beskou moet word, en "contract of service" en "contract for service" as species daarvan, bied nie 'n bevredigende oplossing nie.<sup>68</sup> Die oplossing lê eerder daarin om die betekenis van 'n bepaalde begrip vas te stel en dit dan konsekwent in sy vertaalde vorm te gebruik.

---

67. Sien ook art 47 van die Companies Act 1980. Ingevolge art 319 (7)(b) van die 1985 Act sluit "employment", vir doeleindes van art 319 van die 1985 Act, ook "employment under a contract for service", in. Die opskrif wat Schmitthoff (red.), op. cit., 863, par. 64-17 by die behandeling van art 47 van die Companies Act 1980 gebruik is "(d)irectors' service contracts". Hierdie skrywer gebruik dan ook in die teks die terme "director's employment", "contracts of service" en "service contracts" as klaarblyklike sinonieme. 'n Oplossing wat deur Le Roux, P.A.K., "Identifying the Contract of Service", M.B.L., 1979, 50, voetnoot 7, aan die hand gedoen word, is dat: "(In the United Kingdom) (t)he contract of employment is the equivalent of our contract of service." 'n Vraag wat dan egter onmiddellik ontstaan, is naamlik wat die Suid-Afrikaanse eweknie van die Engelse "contract of service" is, soos na verwys deur onder andere Schmitthoff.

68. Dit wil voorkom of dit die bedoeling is wat na vore kom uit Anderson v James Sutherland (supra), 213 en 218. Word die losse gebruik van die begrippe deur Schmitthoff, soos aangehaal in die vorige voetnoot in ag geneem, kan begryp word waarom die oplossing nie geleë is in eenvormige vertalings uit Engels nie. Indien die begrip "contract of employment" werklik as genus dien, is die opskrif wat deur Schmitthoff (red.), op. cit., 863, par. 64-17 gebruik word ("(d)irectors' service contract") beslis nie in ooreenstemming met die opskrif van die artikel wat hy bespreek nie - art 47 van die Companies Act 1980 verwys immers na "(c)ontracts of employment of directors" (eie beklemtoning).

Die begrip "contract for service" verskaf nie altyd probleme nie, want dit word gewoonlik vertaal as 'n lasgewingsooreenkoms, byvoorbeeld dié aangegaan deur 'n argitek of prokureur.<sup>69</sup> Die mees onderskeidende kenmerk is hier dat die lashebber sy arbeidskragte nie onder die direkte gesag van die lasgewer stel nie, maar dit is nie die enigste faktor wat in ag geneem moet word nie.<sup>70</sup>

Ter wille van eenvormigheid word Van Jaarsveld en Coetzee<sup>71</sup> se omskrywing van "dienskontrak" (vir die huidige doeleindes) gebruik :

"'n (W)ederkerige ooreenkoms ingevolge waarvan 'n werknemer sy dienste, gewoonlik vir 'n bepaalde termyn, tot die beskikking stel van 'n ander persoon of

- 
69. Sien De Wet en Van Wyk, op. cit., 338; Norman-Scoble, op. cit., 1-2; Van Jaarsveld (Vol. II), op. cit., 52-53 en 60-61; Van Jaarsveld, S.R. en Coetzee, W.N., Arbeidsreg, 1980, 13-15; Cilliers en Benadé, op. cit., 355, par. 23.03. Ingevolge art 319(7)(a) van die 1985 Act word "contract for service", vir doeleindes van art 319 van die 1985 Act, spesifiek ingesluit onder die term "employment". Hier bestaan egter ook grys areas - sien Smit v Workmen's Compensation Commissioner, 1979(1) S.A. 51(A), 62G-H; Le Roux, op. cit., 52; Crump (red.), op. cit., 2-5, parr. 1.05-1.09.
70. Smit v Workmen's Compensation Commissioner (supra), 62C-G; Stock Construction (OFS) (Pty) Ltd. v Metter-Pingon (Pty) Ltd., 1980(1) S.A. 507(A), 519E-F; Ongevallekommissaris v Onderlinge Versekeringsgenootskap A.V.B.O.B., 1976(4) S.A. 446(A), 456H - 457A. Sien in die algemeen De Wet en Van Wyk, op. cit., 340; Van Jaarsveld (Vol. II), op. cit., 60; Van Jaarsveld en Coetzee, op. cit., 14.
71. Op. cit., 10. Aangaande die historiese verloop van die dienskontrak in die Suid-Afrikaanse Arbeidsreg kan Fourie, J.S.A., Die Dienskontrak in die Suid-Afrikaanse Arbeidsreg, Proefskrif, UNISA, 1977, 139-145 geraadpleeg word.

instansie, as werkgewer, teen vergoeding, op so 'n wyse dat die werkgewer gesag voer oor die werknemer en toesig hou oor die lewering van dienste".

In die geval van die "dienskontrak" is die kenmerkende eienskap juis, in teenstelling met die kenmerke van 'n lasgewingssooreenkoms, dat die werknemer hom onder die gesag, beheer en toesig van die werkgewer stel, maar weer eens moet hierdie toets gekwalifiseer word.<sup>72</sup>

### 3.2.3.3 Regsposisie van die Direkteur

Die enigste geval waaraan oorweging geskenk word, is waar die direkteur slegs in die hoedanigheid as direkteur teenoor die maatskappy staan. Aan die feit dat hy byvoorbeeld ook 'n dienskontrak as vlieënier het, word nie nou aandag geskenk nie.<sup>73</sup> Dit het in elk geval nie veel waarde om die invloed van ontslag op hierdie kontrak te probeer vasstel nie. As gevolg van die duidelike onderskeid in hoedanighede (direkteur en werknemer), kan ontslag as direkteur beswaarlik die dienskontrak sonder meer tot 'n einde laat kom.<sup>74</sup>

- 
72. Smit v Workmen's Compensation Commissioner, (supra), 62C-G; Stock Construction (OFS) (Pty) Ltd. v Metter-Pingon (Pty) Ltd., 1980(1) S.A. 507(A), 519E-F; Ongevallekommissaris v Onderlinge Versekeringsgenootskap A.V.B.O.B., 1976(4) S.A. 446(A), 456H - 457A; Le Roux, op. cit., 50-51. Sien in die algemeen ook De Wet en Van Wyk, op. cit., 338.
73. Sien voetnoot 5 (supra) van hierdie hoofstuk. Sien ook Moresby White v Rangeland Ltd. (supra), 287C-D.
74. Die benadering van Cilliers en Benadé, op. cit., 302, par. 21.11 dat "ontslag van 'n direkteur as werknemer beëindig weer nie op sigself sy amp nie", geld natuurlik ook gewoonlik in omgekeerde

Die aard van die verhouding tussen die direkteur en die maatskappy word vir die huidige doeleindes goed geïllustreer deur eers vas te stel wat die verhouding nié is nie. Die direkteur, qua direkteur, is nie 'n werknemer van die maatskappy nie.<sup>75</sup> Daar kan dus gesê word dat die aard van die verhouding nie dienskontraktueel is nie. Die feit dat 'n dienskontrak voorhande is, is immers 'n aanduiding daarvan dat dié kontrak 'n werknemer toekom.<sup>76</sup>

Tog moet dit beklemtoon word dat daar beslis gesag bestaan wat die direkteur, qua direkteur, as 'n werknemer beskou.<sup>77</sup> Indien hierdie siening as die moderne neiging beskou kan word, kan radikale omwentelinge ten aansien van die maatskappyereg verwag word. 'n Herevaluering en herformulering van die direkteursamp en ook van die tradisionele opvattinge ten opsigte van die trouverhouding tussen direkteur en maatskappy, sal dus noodwendig moet volg. Dit sal ook beteken dat die direkteur by 'n hele nuwe regsgebied, naamlik onbillike ontslag van die

---

sin. Sien egter Cilliers en Benadé, op. cit., 302, par. 21.11, voetnoot 23 en die kommentaar daarop in Hoofstuk 5, Afdeling 2.2.3 (infra).

75. Sien voetnoot 5 (supra) van hierdie hoofstuk.

76. Sien R v Mall (supra), 614D-E, waar die gebruik van die term "contract of employment" as aanduiding van dit wat 'n "servant" toekom, soos volg verduidelik word: "Clearly, however, if the first accused was a servant of the company, this must have been as the consequence of some form of contract of employment ....." (eie beklemtoning).

77. Sien onder andere Sealy, L.S., "The Director as Trustee", C.L.J., 1967, 97; Rubin, op. cit., 328 en verder; Schmitthoff, "Directors as Employees", op. cit., 61; Boyle en Sykes (red.), op. cit., parr. 25-12 en 27-6; Loose, op. cit., par. 8-11. Sien egter Schmitthoff, "The Director as Employee of the Company", op. cit., 4.

werknemer, besondere belang kan hê.<sup>78</sup>

Daar word beslis nie altyd 'n onderskeid getref tussen direkteurskap en werknemerskap nie.<sup>79</sup> Dit is ongetwyfeld dan ook een van die heel belangrikste redes vir die onbevredigende stand van sake op hierdie gebied van die reg.<sup>80</sup>

Wanneer 'n direkteur ontslaan word as direkteur, kan hy egter in bepaalde gevalle vind dat 'n kontraktuele reëling (alhoewel dit nie dienskontraktueel van aard is nie) met die maatskappy bestaan wat hom op skadevergoeding geregtig maak. Hierdie reëling kan verskil van geval tot geval. Die aard van die verhouding is beslis sui generis. Die beste beskrywing hiervan is dat 'n kontraktuele verhouding bestaan as gevolg van 'n reëling in verband met direkteursvergoeding. So 'n omskrywing doen dan gestand aan die onderskeid, soos inderdaad deur sekere bronne getref, tussen direkteursvergoeding en dienskontraktuele vergoeding.<sup>81</sup>

- 
78. Sien Schmitthoff, "Directors as Employees", op. cit., 61; Boyle en Sykes (red.), op. cit., par. 25-12; Crump (red.), op. cit., 13, par. 1.32, voetnoot 3. In die algemeen kan die volgende bronne onder andere oor onbillike ontslag van werknemers geraadpleeg word : Olivier, M.P., Unfair Dismissal Law : An Appraisal of Current Developments, University of South Africa Tax and Business Law Centre Monograph Series, 1984; Van Jaarsveld (Vol. 11), op. cit., 80; Crump (red.), op. cit., 157-220.
79. Hahlo (cases), op. cit., 334 en 337; Leveson, op. cit., 17; Preis, D.A., "Prevention of the Statutory Removal of Directors", M.B.L., 1983, 115; Gower (et al.), op. cit., 443; Adams, op. cit., 61 en 66.
80. Pennington, op. cit., 507-508; Re T.N. Farrar, Ltd. (supra), 508A; Loose, op. cit., 1-12(c) en 8-11(a).
81. Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Wysiging van die Maatskappywet, U.G. 69/1948, parr. 71 en 145 (hierna die



### 3.2.3.4 Regposisie van die Besturende Direkteur

Heelwat meer probleme word ondervind by die ontleding van die verhouding tussen die besturende direkteur en die maatskappy. Die grootste struikelblok is dat die betekenis van die term "besturende direkteur" nie noodwendig 'n vaste regsinhoud het nie.<sup>82</sup> Die gevolg is dat heelwat stellings wat die persoon eintlik in 'n heel ander hoedanigheid raak, op die besturende direkteur van toepassing gemaak word.<sup>83</sup>

---

Millin-verslag genoem); Milne (red.), op. cit., 387; Naudé, op. cit., 80, 100; Pennington, op. cit., 508, 511 en 530-532; Schmitthoff (red.), op. cit., 832, par. 62-10. Alhoewel Browne, S.R. en Grogan, P.R., Company Directors, 1974, 296, voetnoot 24 en Botha (some aspects), op. cit., 468 (op gesag van die vorige uitgawe van Brown), skepties is of daar 'n eis sal wees buiten een vir 'n dienskontrak of een waar die direkteur die posisie van uitvoerende direkteurskap beklee, ontken hulle nie dat dit wel moontlik is nie ("(i)t is difficult to imagine", maar in beginsel sekerlik nie onmoontlik nie). Sien ook die erkenning hiervan in Beach v Reed Corrugated Cases, Ltd., (1956) 2 All E.R. 652 op 656E-G; Goodwin v Brewster, (1951) 32 T.C. 80 op 86 en 92.

82. Anderson v James Sutherland (supra), 213; Naudé, op. cit., 101, voetnoot 1; Cilliers en Benadé, op. cit., 365, par. 23.27.
83. Alhoewel Naudé, loc. cit., op gevare van veralgemening wys, word hy myns insiens juis oor die punt wat hy probeer maak, verkeerd verstaan. Cilliers en Benadé, op. cit., 368, par. 23.32 haal Naudé, op. cit., 100 en 101 aan as gesag vir die stelling dat die kontrak van die besturende direkteur nie bloot as "dienskontrak" beskou moet word nie, "alhoewel dit gewoonlik ('n dienskontrak) sal wees". Naudé behandel die moontlikheid of die vergoedingseis van 'n direkteur op grond van ongeregverdigde verryking baseer kan word. Aangesien 'n algemene verrykingsaksie volgens Naudé nie in die Suid-Afrikaanse reg erken word nie, word die verrykingsaksie wat kasuïsties ontwikkel het, oorweeg. Dié aksie kom slegs 'n werknemer toe. Naudé wys dan daarop dat die direkteur se kontrak "beswaarlik as 'n dienskontrak bestempel (kan) word", omdat die direkteur hom nie "onderwerp aan die gesag, beheer en toetsing van die werkgever" nie. Die belangrike gedeelte volg dan :

'n Benadering wat algemeen byval vind, is dat die onderskeid tussen direkteurskap en besturende direkteurskap belangrik is en dat die twee begrippe nie met mekaar verwar moet word nie.<sup>84</sup> So word daar ook soms onderskei tussen die besturende direkteur en die bestuurder.<sup>85</sup> Die bestuurder word sonder meer as 'n werknemer van die maatskappy beskou.<sup>86</sup> Die onderskeid tussen besturende direkteurskap en werknemerskap is egter nog in die duister.

Die toonaangewende saak betreffende die onderskeid tussen besturende direkteurskap en werknemerskap, is Anderson v James Sutherland.<sup>87</sup> Die benadering in hierdie saak is dat daar in die verlede verwarring tussen direkteurskap en besturende

---

"Om dieselfde rede kan 'n kontrak van 'n besturende direkteur met die maatskappy nie sonder meer as 'n dienskontrak bestempel word nie" (eie beklemtoning). Myns insiens is die afleiding dat dit gesag is vir die benadering dat dit "gewoonlik" 'n dienskontrak is, nie geregverdig nie. Dat so 'n afleiding nie uit Naudé se benadering gemaak kan word nie, word versterk deur die feit dat laasgenoemde skrywer besturende direkteurskap (net soos direkteurskap), as 'n amp beskou - sien Naudé, op. cit., 101, voetnoot 1.

84. Anderson v James Sutherland (supra), 213 en 216; Goodwin v Brewster (supra), 97; Lincoln Mills (Aust.) Ltd. v Gough, 1964 V.L.R. 194 op 197-198; Meskin (red.), op. cit., 196, par. 202.
85. Kuter v S.A. Pharmacy Board, 1954(2) S.A. 423(T), 425A; Ver-slag van die Kommissie van Onderzoek insake die Maatskappywet, R.P. 45/1970, 310, par. 44.48 (hierna die Van Wyk De Vries-verslag genoem). Sien egter De Wet en Van Wyk, op. cit., 663.
86. R v Mall (supra), 623B-C; Moresby White v Rangeland Ltd. (supra), 287F; Meskin (red.), op. cit., 196, par. 202; De Wet en Van Wyk, loc. cit.; Van Wyk De Vries-verslag, op. cit., 310, par. 44.48.
87. (1941) S.C. 203.

direkteurskap bestaan het. Alle gesag wat daarop dui dat die besturende direkteur qua besturende direkteur nie 'n werknemer van die maatskappy is nie, verwar dus sy posisie met dié van 'n direkteur.<sup>88</sup> "Qua managing director he is a party to a (contract of service) with the company."<sup>89</sup> Hierdie saak word ook voortdurend aangehaal as gesag en is een van die hoof-oorsake waarom die verhouding tussen die besturende direkteur en die maatskappy bykans deurgaans as "dienskontraktueel" van aard beskou word.<sup>90</sup>

Die bronne wat die stelling in twyfel trek dat 'n besturende direkteur qua besturende direkteur 'n "werknemer" van die maatskappy is, is uiters beperk.<sup>91</sup> Die duidelikste gesag vir hierdie beskouing word in Moresby White v Rangeland Ltd.<sup>92</sup> gevind. By die ander bronne is enige standpunt

---

88. Anderson v James Sutherland (supra), 216.

89. Ibid., 218.

90. The Taupo Totara Timbers Co. Ltd. v Rowe (supra), 546A; Lincoln Mills (Australia) Ltd. v Gough (supra), 199; Hahlo (cases) op. cit., 317; Leveson, op. cit., 25-26; Boyle en Sykes (red.) op. cit., parr. 26-8 en 27-6; Powell-Smith, op. cit., 31 en 37; Adams, op. cit., 61; Afterman en Baxt, op. cit., 443.

91. Moresby White v Rangeland Ltd. (supra), 287A-B; Goodwin Brewster (supra), 95 saamgelees met 97; Meskin (red.), op. cit. 196, par. 202, voetnoot 6. In Crump (red.), op. cit., 13, par. 1.32 word verwys na Sputz v Broadway Engineering Ltd., (1944) 17 L.T. 50 as gesag daarvoor dat die besturende direkteur nie 'n werknemer is nie, maar daar word ook gesê dat "this decision must be treated as of doubtful authority today ....."

92. Supra, 287A-B. Dit word soos volg gestel : "A fully accredited managing director, acting in that capacity, acts as the company itself, just as the board so acts, and he could not properly be described as the servant of the company." Dat die besturende direkteur ook nie maar bloot 'n werknemer van die ander direkteur

hieroor minder direk.<sup>93</sup>

Die bestaan van die twee benaderings (naamlik dat die besturende direkteur 'n werknemer van die maatskappy is en dat hy dit nie is nie) is natuurlik 'n direkte gevolg van die onsekerheid wat heers ten opsigte van sy regsposisie in die maatskappy.<sup>94</sup> Die gevolg hiervan is weer dat daar beswaarlik beginselstandpunt oor die aard van sy kontrak ingeneem kan word. As gevolg van die onsekerhede kan die probleem slegs op een wyse opgelos word : die aard van die kontrak sal, ooreenkomstig die besondere bepalinge daarvan, as feitelike vraag,<sup>95</sup> bepaal moet word.<sup>96</sup> In beginsel word daar

---

kan wees nie, blyk uit Kuter v South African Pharmacy Board (supra), 456F.

93. Die benadering van Naudé, op. cit., 100 en 101, voetnoot 1 dui myns insiens op indirekte wyse daarop dat die kontrak van die besturende direkteur nie 'n dienskontrak is nie - sien voetnoot 83 (supra) van hierdie hoofstuk. Die benadering van Meskin (red.), op. cit., 196, par. 202, voetnoot 6, is eenvoudig dat : "It has been held that a managing director is not, as such, a servant of the company." Die afleiding tot dien effekte word ook gemaak uit Goodwin v Brewster (supra), 95 waar op McMillan v Guest, 24 T.C. 190 gesteun word : "(w)e are here dealing with an 'office', not with an 'employment', the locality of which may be governed by different considerations." Laasgenoemde aanhaling het slegs betrekking op direkteurskap, maar aangesien ook besturende direkteurskap as 'n "office" beskou word, moet dieselfde oorwegings ten opsigte daarvan geld - Goodwin v Brewster (supra), 97.
94. Cilliers en Benadé, op. cit., 366, par. 23.29. Dit val buite die bestek van hierdie studie om in diepte op besturende direkteurskap as sodanig in te gaan.
95. Naudé, op. cit., 80; Cilliers en Benadé, op. cit., 366, par. 23.29.
96. Cilliers en Benadé, op. cit., 368, par. 23.32; Crump (red.), op. cit., 13, par. 1.32. Dit is ook die benadering in ander ge-

dus vir die huidige doeleindes aanvaar dat hierdie verhouding ook dienskontraktueel van aard kan wees.<sup>97</sup>

Die standpunt dat die kontrak ook 'n dienskontrak kan wees en dat dit 'n dienskontrak is wat die besturende direkteur qua besturende direkteur toekom, lei alleenlik tot een gevolgtrekking, naamlik dat besturende direkteurskap 'n eienaardige verstrengeling van verskillende hoedanighede impliseer.<sup>98</sup> Hierdie afleiding word gemaak omdat daar dikwels geen behoorlike onderskeid getref word tussen die regte, pligte en bevoegdhede wat die werknemer of bestuurder toekom, en dié wat die besturende direkteur toekom, nie. Besturende direkteurskap word dus as die rendezvous van verskillende hoedanighede beskou.<sup>99</sup> Om die verwarring te bowe te kom, kan die aard

---

valle waar dit van belang is om te bepaal of 'n persoon 'n dienskontrak het - sien Smit v Workmen's Compensation Commissioner (supra), 64B, 68B en 68H.

97. Sien voetnoot 90 (supra) van hierdie hoofstuk. Sien in die algemeen Ongevallekommissaris v Onderlinge Versekeringsgenootskap (supra), 457A.
98. Die verstrengeling van hoedanighede word soos volg deur Schmitthoff (red.), op. cit., 831, par. 62-09 verduidelik: "In modern company practice a managing director, in the great majority of cases, combines the position of director and of employee and that, as has been observed earlier, the validity of his appointment and the scope of his duties have to be gathered from the provisions of the articles and the terms of his contract with the company." Sien ook Schmitthoff (red.), op. cit., 847, par. 63-11 waarin aangevoer word dat: "The service contract may impose obligations upon the director that go beyond his duties qua director." Die benadering van Loose, op. cit., par. 9-05(d) is eenvoudig dat: "(H)is position on the board may be a requirement of his service contract, as where he is the Managing Director" (el beklemtoning).
99. De Wet en Van Wyk, op. cit., 663; Cilliers en Benadé, op

van die amp<sup>100</sup> van die besturende direkteur tans alleen maar na aanleiding van die bepalinge van sy kontrak<sup>101</sup> en die besondere bepalinge van die statute<sup>102</sup> vasgestel word.

Heelwat probleme en moontlike gevolge kan spruit uit die feit dat daar by die besturende direkteur 'n verstrengeling van hoedanighede voorkom. Tydens latere bespreking word daar in die besonder gelet op die invloed wat ontslag op die besturende direkteur se dienskontrak kan hê.<sup>103</sup> Dit is maar een van die probleemgevalle; daar bestaan ook heelwat ander probleme.<sup>104</sup>

---

cit., 356, par. 23.04, voetnoot 8, 366, par. 23.29 en 368, par. 23.32; Powell-Smith, op. cit., 31, 43, 54 en 107; Boyle en Sykes (red.), op. cit., par. 25-11.

100. Die besturende direkteur word deur Naudé, op. cit., 101, voetnoot 1 as bekleër van 'n amp beskou. Myns insiens kan die kontrak wat die besturende direkteur in daardie hoedanigheid sluit ook "nie sonder meer" as 'n dienskontrak bestempel word nie - sien voetnoot 83 (supra) van hierdie hoofstuk. Dit is klaarblyklik nie die benadering van skrywers soos Cilliers en Benadé nie. Laasgenoemde skrywers praat terselfdertyd van "die amp van besturende direkteur" (Cilliers en Benadé, op. cit., 366, par. 23.29) en dat die kontrak van die besturende direkteur "gewoonlik 'n (dienskontrak) sal wees" (Cilliers en Benadé, op. cit., 368, par. 23.32).
101. Skrywers soos De Wet en Van Wyk, op. cit., 663 het geen twyfel dat dit 'n "dienskontrak" is nie. Die benadering van Cilliers en Benadé, op. cit., 367, par. 23.29 en 368, par. 23.32 is meer gekwalifiseerd as die van eersgenoemde skrywers. Sien in die algemeen Boyle en Sykes (red.), op. cit., par. 26-8.
102. De Wet en Van Wyk, op. cit., 663; Cilliers en Benadé, op. cit., 367, par. 23.29; Boyle en Sykes (red.), op. cit., par. 26-8.
103. Sien Hoofstuk 6, Afdeling 3.3 (infra).
104. So word daar deur Cilliers en Benadé, op. cit., 365, par.

Die vele onsekerhede wat daar ten opsigte van besturende direkteurskap bestaan beklemtoon die feit dat dit gebiedend noodsaaklik is om gefundeerde navorsing oor hierdie braak gebied in die reg te onderneem.

### 3.3 Die Verhouding Nie-Kontraktueel

#### 3.3.1 Vorderingsreg Ex Lege

Daar is reeds op gewys dat die gesag oorheersend daarop dui dat 'n kontrak tussen die direkteur en die maatskappy stilswyend by wyse van gedrag tot stand kan kom.<sup>105</sup> In so 'n geval sal daar dus steeds beweer kan word dat die verhouding kontraktueel is, alhoewel dit nie uitdruklik beding is nie.

Naudé<sup>106</sup> doen egter 'n ander oplossing aan die hand. Hy is die mening toegedaan dat "(t)ensy daar inderdaad 'n kontrak gesluit is, ..... die enigste verklaring (is) dat dit eenvoudig ex lege ontstaan".<sup>107</sup> Die rede waarom Naudé hierdie alternatief as oplossing aanvaar, spruit direk uit die skrywer se verwerping van die moontlikheid dat die kontrak gefingeer kan word.<sup>108</sup>

---

23.27 kripties in hierdie verband opgemerk : "(Besturende direkteurskap) is regtens nie 'n begrip met 'n vas omskrewe inhoud nie en veralgemening is derhalwe noodwendig riskant." Sien ook Lincoln Mills (Australia) Ltd. v Gough (supra), 199 en The Taupo Totara Timber Co. Ltd. v Rowe (supra), 545G-546B.

105. Sien Afdeling 3.2.2.2 (supra), voetnoot 45 van hierdie hoofstuk.

106. Op. cit., 99 en 295.

107. Ibid., 99.

108. Ibid., 80, 86 en 99, voetnoot 1.

Daar kan geen fout gevind word met Naudé se benadering dat die vorderingsreg in bepaalde gevalle ex lege ontstaan nie. Die gesag dui egter oorweldigend daarop dat dit nie, soos Naudé wil voorgee, die "enigste verklaring"<sup>109</sup> vir die vorderingsreg is nie. Afhangende van die feite van elke saak, sal die vorderingsreg ook in bepaalde gevalle op grond van 'n kontrak wat stilswyend by wyse van gedrag tot stand gekom het, verklaar kan word.<sup>110</sup>

### 3.3.2 Ongeregverdigde Verryking

Naudé<sup>111</sup> betwyfel nie die billikheid van so 'n eis nie. Die skrywer wys egter daarop dat die direkteur nie 'n werknemer van die maatskappy is nie. Gevolglik sal die direkteur nie kan steun op die verrykingsaksie wat kasuïsties ontstaan het nie, en wat naamlik inhou dat die werknemer "wat nie 'n behoorlike of voltooide prestasie ingevolge die locatio conductio operarum lewer nie, 'n verrykingsaksie teen die werkgewer ..... vir sy gedeeltelike prestasie" het.<sup>112</sup> Naudé<sup>113</sup> voer ook aan dat die verrykingsaksie nie 'n verklaring bied vir die vorderingsreg van die direkteur nie, aangesien die eis nie onder een van die erkende verrykingsaksies tuisgebring kan word nie.<sup>114</sup>

---

109. Sien Naudé, op. cit., 99 en vergelyk dit met Afdeling 3.2.2.2 (supra), voetnoot 45 van hierdie hoofstuk.

110. Sien Afdeling 3.2.2.2 (supra) van hierdie hoofstuk.

111. Op. cit., 101. Sien ook De Wet en Van Wyk, op.cit., 647, voetnoot 811.

112. Naudé, op. cit., 100.

113. Loc. cit.

114. Sien ook De Wet en Van Wyk, op. cit., 647, voetnoot 811.



Wat die benadering van Naudé betref, moet daar in die eerste plek daarop gelet word dat daar wel neigings is om die direkteur as werknemer te beskou.<sup>115</sup> Aangesien daar egter vir die huidige doeleindes aanvaar word dat die direkteur in daardie hoedanigheid nie dienskontraktueel met die maatskappy verbind is nie, sal hierdie argument nie verder uitgebou word nie.<sup>116</sup> Ten opsigte van die besturende direkteur is dit egter wel so dat hy in bepaalde gevalle as 'n werknemer aangemerkt kan word.<sup>117</sup> In die gevalle waar hy wel 'n werknemer is, sal die besturende direkteur dus wel ingevolge die locatio conductio operarum 'n verrykingsaksie vir sy gedeeltelike prestasie kan hê.

Tweedens dien daarop gelet te word dat die ontkenning van 'n algemene verrykingsaksie vandag nie meer op so 'n stewige grondslag berus nie. Sonder om te poog om hierdie interessante en omvangryke vraagstuk in diepte te ontleed, word net verwys na die benadering van De Vos :<sup>118</sup>

"(Die hof)<sup>119</sup> wys daarop dat die Appèlhof (in Nortje en 'n Ander v Pool N.O.)<sup>120</sup> onbewus was

- 
115. Sien Afdeling 3.2.3.3 (supra), voetnoot 74 van hierdie hoofstuk.
116. Sien Afdeling 3.2.3.3 (supra) van hierdie hoofstuk.
117. Sien Afdeling 3.2.3.4 (supra), voetnote 90, 94-96 van hierdie hoofstuk.
118. De Vos, W., Verrykingsaanspreeklikheid in die Suid-Afrikaanse Reg, 1971, 281.
119. Daar word verwys na De Costa v Bank of Ceylon, (1970) 7 N.L.R. (Ceylon) 536.
120. Nortjé en 'n Ander v Pool N.O., 1966(3) S.A. 96(A).

van die nuwe materie wat aan die lig gekom het met die publikasie van die Observationes Tumultuariae van Willem Pauw en sê dat indien die Hof wel daarvan bewus was, 'the Court may well have decided differently'".

Daar is dus aanduidings dat so 'n algemene verrykingsaksie wel bestaan het. Selfs al word die direkteur of besturende direkteur nie as werknemers beskou nie, wil dit dus tog voorkom of hulle in bepaalde gevalle 'n eis mag hê wat op ongeregverdigde verryking gebaseer is.

4. TEN SLOTTE

Die intrakorporatiewe verhoudinge moet gedurig voor oë gehou word. Dit dien as belangrike aanknopingspunt vir hierdie studie, onder andere by ontslag as sodanig, die gevolge van ontslag, ex lege-beskerming teen ontslag en maatreëls ter voorkoming van ontslag.

---

---

### HOOFSTUK 3

#### ONTSLAG IN DIE ALGEMEEN

1. INLEIDING
  2. WYSES VAN ONTSLAG
  3. LEWENSLANGE DIREKTEURE
  4. VOORGESKREWE ONTSLAGPROSEDURE
  5. TEN SLOTTE
- 

1. INLEIDING

Die behandeling van die intrakorporatiewe verhoudinge in die vorige hoofstuk het die grondslag gelê vir die hantering van ontslag as sodanig. Twee aspekte waaraan daar nou besondere aandag geskenk word, is die wyse waarop ontslag plaasvind en die prosedure wat gevolg moet word by die ontslag van 'n direkteur.

2. WYSES VAN ONTSLAG

- 2.1 Oorsig

Die statutêre bevoegdheid tot ontslag word vir die eerste keer in 1952 op die Suid-Afrikaanse wetboek geplaas. Dit geskied by wyse van art 43 van die Wysigingswet op Maatskappye 46 van 1952. Die besondere bepaling deur laasgenoemde wet ingevoeg, was art 69ter van die Maatskappyywet 46 van 1926.<sup>1</sup>

---

1. Hierna die 1926 Wet genoem.

o

Dit is, met geringe wysigings, die eweknie van art 220 van die Maatskappywet 61 van 1973.<sup>2</sup>

Voor die invoeging van die statutêre ontslagbepaling, het daar wel wyses bestaan waarop direkteurskap beëindig kon word, asook wyses waarop ontslag bewerkstellig kon word, byvoorbeeld deur bepalinge in die statute. Hierdie wyses bestaan vandag nog. Die invoeging van die statutêre middel bied net 'n aanvullende ontslagbevoegdheid.

## 2.2 Beëindiging van Direkteurskap

Daar word net verwys na 'n paar wyses van ontslag of ontruiming van die direkteursamp. Dat hierdie wyses waarop direkteurskap beëindig kan word, steeds bestaan, strook met die bepalinge van art 220(7) van die Wet. Dit maak voorsiening daarvoor dat die ontslagbevoegdheid, soos vervat in art 220, nie afbreuk doen aan enige ander bevoegdheid tot ontslag wat mag bestaan nie.<sup>3</sup>

Opsommenderwys kan gesê daar word dat direkteurskap beëindig

- 
2. Hierna die Wet genoem. Sien Report of the Committee on Company Law Amendment, Cmd. 6659/1945, par. 130 (hierna die Cohen-verslag genoem); Verslag van die Kommissie van Onderzoek insake die Wysiging van die Maatskappywet, U.G. 69/1948, par. 125 (hierna die Millin-verslag genoem); Cilliers, H.S., Benadé, M.L., (et al.), Maatskappyereg, 1982, 28, par. 2.18; Powell-Smith, V., The Law and Practice Relating to Company Directors, 1969, 36.
  3. Meskin, P.M. (red.), Companies in LAW S.A., Vol. 4, 1982, 187, par. 184 en 199, par. 205; Botha, D., "Some Aspects Concerning the Removal of Directors", D.R., 1973, 466 en 467 (hierna Botha (some aspects) genoem); Loose, P., The Company Director his Functions, Powers and Duties, 1975, par. 3-02(f); Gullick, J.M. (red.), Ranking and Spicer's Company Law, 1981, 273.

word as :

- a. daar 'n gemeenregtelike grond tot ontslag ontstaan;<sup>4</sup>
- b. die hof 'n bevel tot ontslag gee;<sup>5</sup>
- c. die direkteur ingevolge 'n bepaling in die statute ontslaan word of gediskwalifiseer word om voortaan as direkteur op te tree;<sup>6</sup>

---

4. Milne, A., (et al.) (red.), Henochsberg on the Companies Act, 1975, 387.

5. Cilliers en Benadé, op. cit., 310, par. 21.29. Die bevel sal dan ingevolge Art 219 van die Wet geskied.

6. Sien Reëls 65 en 66 van Tabel A en B (onderskeidelik) van die Eerste Bylae tot die Wet, wat die volgende reëlings bevat :

"Die direkteursamp word ontruim as die direkteur -

- a. ophou om 'n direkteur te wees of verbied word om 'n direkteur te wees uit hoofde van 'n bepaling van die Wet; of
- b. sonder die toestemming van die maatskappy, verleen op 'n algemene vergadering, 'n ander winsgewende amp, behalwe dié van besturende direkteur of bestuurder, by die maatskappy beklee; of
- c. by skriftelike kennisgewing aan die maatskappy en die Registrateur uit sy amp bedank; of
- d. vir meer as ses maande sonder verlof van die direkteure afwesig is van direkteursvergaderings gehou gedurende daardie tydperk; of
- e. regstreeks of onregstreeks 'n belang het in 'n kontrak of voorgename kontrak met die maatskappy en versuim om sy belang en die aard daarvan te verklaar op die wyse deur die Wet vereis."

Hierdie is maar net 'n paar ontruimingsgevalle wat in die statute kan voorkom. Ander kan ook ingevoeg word. Aangaande die algemene bevoegdheid om direkteursontslag in die statute te reël - sien onder andere Lee v Hshien, (1984) 1 W.L.R. 1202; Meskin (red.) op. cit., 187, par. 185. Sien in die algemeen ook Botha (some aspects), op. cit., 466; Leveson, G, Company Directors, Law and Practice, 1970, 18 en 29; Schmitthoff, C.M. (red.), Palmer's Company Law, 1982, 805, par. 61-17 (hierna Schmitthoff (red.) genoem); Loose, op. cit., par. 9-09.

- d. 'n buitestaander, aan wie die bevoegdheid tot ontslag verleen is, hierdie bevoegdheid uitoefen;<sup>7</sup>
- e. die direkteur nie voldoen aan die aandelekwalifikasies soos vereis in die betrokke maatskappy se statute nie;<sup>8</sup> en
- f. die direkteur nie weer herverkies word nie.<sup>9</sup>

### 2.3 Bepalings in die Akte of Statute

Indien daar geen spesifieke tydperk van aanstelling in die akte of statute vermeld word nie, sal ontslag by wyse van gewone besluit bewerkstellig kan word. Dit was die posisie voor die invoeging van die statutêre middel.<sup>10</sup> In Appel v Sher<sup>11</sup> word 'n voorbeeld van die aanwending van hierdie beginsel gevind. Die hof gaan van die standpunt uit dat aangesien daar geen voorsiening vir ontslag of vir 'n spesifieke tydperk van aanstelling in die akte of statute gemaak word nie, 'n gewone besluit al is wat nodig was om ontslag van die direk-

- 
- 7. Naudé, S.J., Die Regsposisie van die Maatskappydirekteur, 1970, 104; Meskin (red.), op. cit., 199 en 200, par. 205.
  - 8. Cilliers en Benadé, op. cit., 308, par. 21.24.
  - 9. Ibid., 302, par. 21.11, voetnoot 23; Powell-Smith, op. cit., 36; Gamble, R.H., A working Guide to the Administration of Private Companies, 1981, 81.
  - 10. Sien Afdeling 2.1 (supra) van hierdie hoofstuk.
  - 11. Appel v Sher, 1950(2) SA 224(W).

teur te bewerkstellig.<sup>12</sup>

Daar is egter geen rede waarom dieselfde benadering nie vandag ook kan geld nie.<sup>13</sup> Pennington<sup>14</sup> argumenteer oortuigend dat dit wel die geval in Engeland is :

"If the articles do not specify the duration of a director's appointment, however, he holds office at will and will be dismissed by an ordinary resolution passed by the members at any time."

Die statute self kan natuurlik ook 'n bepaling bevat wat lu dat ontslag van direkteure by wyse van gewone besluit deur die algemene vergadering of direksie sal geskied. Dan verval die nodigheid om van die statutêre middel gebruik te maak. ' Bykomende voordeel van hierdie wyse van ontslag is dat die statutêre vereiste prosedure nie nagekom hoef te word nie. In dien die statute direkteursontslag ingevolge 'n gewone besluit deur die direksie magtig, is dit begryplik dat die subjektiewe mening van die direkteure 'n belangrike invloed op die ontslag van 'n bepaalde direkteur kan hê.<sup>15</sup> Art 220(7) van die

---

12. Appel v Sher (supra), 228.

13. Sien die benadering van Milne (red.), op. cit., 386-387. Die redenasie wat aangevoer word, is dat die invoeging van die statutêre bevoegdheid tot ontslag die posisie voor die invoeging slegs verander in die sin dat die moontlikheid om ontslag by wyse van interdik te voorkom, nou statutêre uitgesluit is.

14. Pennington, R.R. Company Law, 1979, 504.

15. Holmes v Life Funds of Australia Ltd., (1971) 1 N.S.W.L.R. 860 op 862D-E; Boyle, A.J. en Sykes, R.S. (et al.) (red.), Gore

Wet gee egter uitdruklik erkenning daaraan dat die ontslag van direkteure volledig in die statute gereël kan word. Laasgenoemde subartikel bepaal dat art 220 van die Wet nie so uitgelê word dat dit afbreuk doen aan 'n bevoegdheid om 'n direkteur te ontslaan wat afgesien van dié artikel bestaan nie.

#### 2.4 Ander Wyses

Ontslag kan ook by wyse van spesiale besluit bewerkstellig word. Dié afleiding kan uit 'n ontleding van die beginsels op hierdie gebied gemaak word en omdat dit 'n spesiale besluit verg om die akte of statute te wysig.<sup>16</sup> In die gevalle waar daar dus 'n bepaling in die maatskappykonstitusie vervat is wat die tydperk van aanstelling bepaal, of wat uitdruklik bepaal dat ontslag slegs by wyse van spesiale besluit kan geskied, sal hierdie bepalings gewysig kan word. Na die wysigings sal ontslag dan deur 'n gewone meerderheid bewerkstellig kan word.<sup>17</sup>

---

Brown on Companies, 1982, par. 25-22(q-r); Afterman, A. B., Company Directors and Controllers, 1970, 21.

16. Artt 62 en 201 van die Wet. Dit beteken 'n 3/4 - meerderheid en kennisgewing van 21 dae van die vergadering. Sien art 199(1) van die Wet; Millin- verslag, op. cit., parr. 125 en 169; De Wet, J.C. en Van Wyk, A.H., De Wet en Yeats : Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg, 1978, 674-675.
17. Appel v Sher (supra), 227 en 228; Brown, S.R. en Grogan, P.R., Company Directors, 1974, 292. Terwyl dit natuurlik in elk geval 'n spesiale besluit verg om die statute te wysig sal die maatskappy eerder daar en dan van die bepaling in die statute gebruik maak (al verg dit ook 'n spesiale besluit) om die direkteur te ontslaan - sien Boyle en Sykes (red.), op. cit., par. 25-22 (q-r).



Daar moet egter beklemtoon word dat ontslag ingevolge art 220 van die Wet, vandag steeds bewerkstellig kan word, selfs al bestaan daar 'n bepaling in die statute dat die direkteur slegs by wyse van 'n spesiale besluit ontslaan kan word of al bestaan daar 'n ooreenkoms ingevolge waarvan die direkteur vir 'n spesifieke tydperk aangestel is.<sup>18</sup> In die verlede was die wysiging van die statute egter soms die enigste wyse om van 'n onwelkome direkteur ontslae te raak.<sup>19</sup> Dié wysiging sou 'n spesiale besluit verg en dit was ook nog gebruiklik om 'n bepaling in die statute te hê wat ontslag van direkteur slegs by wyse van spesiale besluit gemagtig het.<sup>20</sup> Da die maatskappy dit dus in die verlede soms moeilik kon vind om 'n direkteur te ontslaan, is voor-die-hand-liggend.

In Appel v Sher<sup>21</sup> word verwys na Imperial Hydropathic

---

18. Art 220(1)(a) van die Wet. Sien egter Hoofstuk 8 (infra).
19. Die gevalle waarin 'n ander grond tot ontslag of ontruiming mag bestaan, word nie hier ingesluit nie. Sien die bespreking in Afdeling 2.2, punte a-f (supra) van hierdie hoofstuk. Wat ontslag voor die invoeging van die statutêre bepaling betref, sien onder andere Gower, L.C.B. (et al.), Gower's Principles of Modern Company Law, 1979, 148-149 (hierna Gower (et al.) genoem); Gower L.C.B., "Companies Removal of Managing Director, M.L.R., 1953, 8 (hierna Gower (managing director) genoem).
20. In Stuart v Mansion - Housechambers, (1866) 2 T.L.R. 761 ko die volgende voor: "The articles contained the usual power to remove directors by special resolution." 'n Verdere verduideliking hiervan word weer gevind in Imperial Hydropathic Hotel Co. Blackpool v Hampson, 23 Ch. 1 op 6. In laasgenoemde uitspraak word daarop gewys dat dié bepaling vervat was in Reël 65 van Tabela A tot die English Companies Act 1862. In Appel v Sher (supra) 227 vind ons dat 'n soortgelyke bepaling ook in Reël 104 van Tabela A van die Eerste Bylae tot die 1926 Wet voorgekom het.
21. Appel v Sher (supra), 227.

Hotel Co., Blackpool v Hampson.<sup>22</sup> Laasgenoemde saak illustreer duidelik die beginsel wat hier ter sprake is. 'n Spesifieke tydperk van aanstelling het wel bestaan, maar die bevoegdheid tot ontslag was nie deel van die statute nie. Die enigste wyse waarop die direkteur in sulke omstandighede ontslaan kon word, was deur die invoeging van 'n bepaling in die statute wat die bevoegdheid tot ontslag verleen.<sup>23</sup> Dieselfde gevolg sou bewerkstellig kon word deur bloot die bepaling wat die tydperk van aanstelling in die statute reël, te wysig.<sup>24</sup> In beide die gevalle (invoeging van ontslagbepaling of wysiging van die tydperk van aanstelling) sou die wysiging as sodanig slegs by wyse van spesiale besluit bewerkstellig kon word.<sup>25</sup> Daarna sou 'n gewone besluit egter voldoende wees om die direkteurskap te beëindig.<sup>26</sup>

## 2.5 Die Statutêre Middel

Die Engelse<sup>27</sup> en Australiese reg<sup>28</sup> bevat bepalings

---

22. Supra.

23. Appel v Sher (supra), 227-228.

24. Indien die bepaling in die statute wat die tydperk van aanstelling reël, gewysig word, sou 'n soortgelyke situasie geskep gewees het as wat bestaan het in Appel v Sher (supra). Sien Afdeling 2.3 (supra), voetnoot 12 van hierdie hoofstuk.

25. Sien voetnoot 16 (supra) van hierdie afdeling.

26. Appel v Sher (supra), 228.

27. Artt 303 en 304 van die English Companies Act 1985 (hierna die 1985 Act genoem) - voorheen art 184 van die Companies Act 1948. Sien ook Swordlow v Cohen, 1977(3) S.A. 1050(T), 1055; Botha (some aspects), op. cit., 667.

28. Art 225 van die Companies Act 89 van 1981. Die eweknie hier-

wat feitlik identies is aan art 220 van die Wet.<sup>29</sup> Hierdie bepaling kom kortliks daarop neer dat 'n maatskappy<sup>30</sup> enige direkteur voor die verstryking van sy ampstermyn by wyse van 'n gewone besluit<sup>31</sup> kan ontslaan. So 'n ontslag kan geskied ondanks enigiets wat in die akte of statute voorkom, ondanks enigiets vervat in 'n ooreenkoms tussen die direkteur en maatskappy, en kan selfs voor die verstryking van die direkteur se ampstermyn geskied.<sup>32</sup>

Die hoofmotivering vir die plasing van so 'n bepaling op die wetboek, was om die lede in algemene vergadering groter seggen-

---

van was voorheen art 120 van die Companies Act 71 van 1961. Sien Wallace en Young, J.M., Australian Company Law and Practice, 1965, 382; Mason, H.H., Casebook on Australian Law, 1980, 137.

29. Die verskille wat wel bestaan is so gering dat slegs daarna verwys word, maar dit nie in detail bespreek word nie.
30. "Maatskappy" in hierdie verband gebruik dul op die lede in algemene vergadering.
31. Art 220(1)(a) van die Wet praat slegs van 'n "besluit". Die woorde "ordinary resolution" word egter in art 303(1) van die 1985 Act gevind. Sien onder andere Halsbury's Statutes of England, Vol. 5, 1968, 255; Pennington, op. cit., 504-505; Cartoon, B.J., "The Removal of Company Directors", J.B.L., 1980, 20. Die Engelse gesag beklemtoon dat "ordinary resolution" nie omskryf word nie. Die uitleg daarvan is egter dat slegs 'n meerderheid van een vereis word. Ook in die Suid-Afrikaanse reg is dit die betekenis van "besluit" soos in art 220(1)(a) van die Wet gebruik. Sien onder andere Swerdlow v Cohen, 1977(3) S.A. 1050(T), 1053F; Cilliers en Benadé, op. cit., 312, par. 21.33, voetnoot 1. Sien Die Wet en Van Wyk, op. cit., 674-675 vir 'n onderskeid tussen 'n gewone en spesiale besluit. Sien in die algemeen ook art 1(1) van die Wet - "spesiale besluit" en die verwysing daarin na art 199 van die Wet - "vereistes vir spesiale besluit".
32. Sien die vereistes soos vervat in art 220(1)(a) van die Wet. Dit beteken ook dat spesifieke nakoming van die ooreenkoms statuutêr uitgesluit word - sien Hoofstuk 6, Afdeling 3.3.1 (infra) voetnoot 77 en 78.

skap oor die bestuur van die maatskappy te gee.<sup>33</sup> Die  
 nodigheid het veral ontstaan omdat ooreenkomste met die maat-  
 skappy, of bepalinge in die maatskappykonstitusie, die algemene  
 vergadering remedieloos kon laat. Die statutêre bepaling stel  
 dus 'n relatief maklike wyse daar ingevolge waarvan die lede in  
 algemene vergadering van 'n sogenaamde "waardelose" direkteur  
 ontslae kan raak. Dit kan bewerkstellig word selfs al sou die  
 direkteur sy posisie probeer verskans het deur 'n ooreenkoms  
 met die maatskappy, of selfs al bestaan daar 'n bepaling in die  
 statute wat byvoorbeeld meer as 'n gewone besluit vir die ont-  
 slag van die direkteur vereis. Hierdie statutêre middel tot  
 ontslag kan dus fatale gevolge vir direkteurskap inhou en is al  
 beskryf as 'n "extremely serious (remedy) which should be adop-  
 ted when there is no other way out".<sup>34</sup> Hoe ernstig dit  
 ook al beskou word, bly die feit staan dat die maatskappy inge-  
 volge die statutêre bepaling, die direkteur normaalweg by wyse  
 van gewone besluit kan ontslaan.<sup>35</sup>

- 
33. Cohen-verslag, op. cit., par. 130; Millin-verslag, op. cit.,  
 par. 125. In laasgenoemde verslag (par. 128) word die algemene  
 beginsel wat deur art 69ter van die 1926 Wet beoog word, soos volg  
 gestel: "Ons Wet behoort nie te probeer om direkteure te beskerm  
 wat in gebreke gebly het om die meerderheid van stemgeregtigde  
 lede te bevredig nie." Sien ook Naudé, op. cit., 103; Beuthin,  
 R.C., "A Director Firmly in the Saddle", S.A.L.J., 1969, 489;  
 Preis, D.A., "Prevention of the Statutory Removal of Directors",  
M.B.L., 1983, 111; Schmitthoff (red.), op. cit., 813, par. 61-27;  
 Gower (managing director), op. cit., 82; Prentice, D., "Removal  
 of Directors from Office", M.L.R., 1969, 693; Loose, op. cit.,  
 par. 9-03; Afterman, op. cit., 19. Of die lede werklik deur die  
 statutêre middel suksesvolle beheer oor die bestuur van sake in  
 die maatskappy verkry, is 'n ope vraag - sien die maatreëls ter  
 voorkoming van ontslag - Hoofstuk 8 (infra).
34. Powell-Smith, op. cit., 83.
35. Sien egter Hoofstuk 8 (infra).

2.6 Samevatting

Die wyse wat aangewend gaan word om ontslag te bewerkstellig, hang van verskillende faktore af. Sommige van die mees bepalende faktore waaraan aandag geskenk moet word, is byvoorbeeld of die lede in algemene vergadering voldoende steun sal verleen om die statute te wysig,<sup>36</sup> wat die moontlike gevolge van ontslag is<sup>37</sup> en of ontslag hoegenaamd bewerkstellig kan word.<sup>38</sup>

3. LEWENSLANGE DIREKTEURE

Ingevolge art 220(1)(b) van die Wet is die ontslag van direkteure van private maatskappye wat op 13 Junie 1949 hulle amp lewenslang beklee het, nie ingevolge art 220(1)(a) moontlik nie. Die rede vir hierdie bepaling word in die Millin-verslag<sup>39</sup> gevind. Eerstens word daarop gewys dat die Cohen-verslag<sup>40</sup> in Engeland ook so 'n bepaling nodig geag het. "Die rede wat gegee word is dat 'n permanente direkteur van 'n private maatskappy beskou moet word sy amp te beklee uit hoofde van 'n kontrak tussen hom en die ander lede wat feitlik sy vennote is".<sup>41</sup> Die datum in Engeland was 18 Julie

---

36. Dit verg natuurlik 'n spesiale besluit - sien Afdeling 2.4 (supra) van hierdie hoofstuk.

37. Sien Hoofstukke 5 en 6 (infra).

38. Sien veral Hoofstuk 8 (infra), maar ook die oorwegings ter sprake in Hoofstuk 7 (infra).

39. Op. cit., par. 127.

40. Op. cit., par. 130.

41. Millin-verslag, op. cit., par. 127.

1945. Dit was die datum waarop die Cohen-verslag verskyn het.<sup>42</sup> In Suid-Afrika is die verskyningsdatum van die Millin-verslag weer as die bepalende datum gekies. Die rede waarom die datum van verskyning van die wetsontwerp nie gekies is nie, is bloot omdat daar gevrees is dat daar in die tydperk tussen die verskyning van die verslag en die aanneming van die wetsontwerp, verskeie pogings deur direkteure van private maatskappye aangewend sou word om die status van lewenslange direkteur te verkry.<sup>43</sup>

Aangesien die datum 13 Junie 1949 is, en min direkteure dus vandag nog deur die bepaling geraak word, word daar met Gower<sup>44</sup> saamgestem dat hierdie bepaling ook in die Suid-Afrikaanse reg "of decreasing practical importance" is.

#### 4. VOORGESKREWE ONTSLAGPROSEDURE

Die voorgeskrewe prosedure hoef slegs nagekom te word indien ontslag ingevolge art 220 van die Wet geskied.<sup>45</sup> Dit kom kortliks op die volgende neer :

a. Spesiale kennisgewing van die voorgenome ontslag moet

---

42. Gower (et al.), op. cit., 150; Cohen-verslag, op. cit., par. 130. Dit is interessant om daarop te let dat dié bepaling nie meer voorkom in art 303 van die 1985 Act nie en ook ingevolge Reël 5 van die Vierde Bylae tot die Iron and Steel Act 1982, ten opsigte van "relevant companies", uitgesluit is - sien verduideliking in Hoofstuk 8, Afdeling 4.4 (infra), voetnoot 141.

43. Millin-verslag, op. cit., par. 127 (sien ook par. 128).

44. Gower (et al.), op. cit., 150.

45. Holmes v Life Funds of Australia Ltd. (supra), 862C-E.

geskied.<sup>46</sup>

- b. Die te ontslane direkteur sal sy kant van die saak op die ontslagvergadering kan stel.<sup>47</sup>
- c. Die direkteur kan ook skriftelike verstoë rig wat dan aan die lede versprei moet word.<sup>48</sup>
- d. Indien die verstoë wat deur die direkteur gerig is, te laat ontvang word vir verspreiding, moet dit op die ontslagver-

---

46. Art 220(2) van die Wet. Die spesiale tydperk van kennisgewing vir 'n so 'n besluit is 28 dae (Art 186(3) van die Wet). Waar die kennis nie gegee is nie, is die maatskappy strafbaar met 'n boete van R100. Daar word egter aan die hand gedoen dat indien die regte kennis nie gegee is nie, die besluit tot ontslag wat op so 'n vergadering geneem is, nietig is. Ingevolge art 220 van die Wet is daar sekere prosedure, soos byvoorbeeld die rig en verspreiding van verstoë wat gedurende hierdie tydperk moet plaasvind (Art 220(2)). Die oomblik van ontslag speel ook 'n belangrike rol ten opsigte van skadeloosstelling of skadevergoeding wat die direkteur mag hê (Art 220(7)). Die benadering in Bentley-Stevens v Jones, (1974) 2 All E.R. 653 op 655g-h waar Brown v La Trinidad (Ltd.), 4 T.L.R. 14 (C.A.) aangehaal word, kan dus nie aanvaar word nie. Die benadering is dat die vergadering in elk geval deur 'n behoorlike kennisgewing belê kan word en die besluit dan geldiglik geneem sal kan word. Die houe sal dan, so word aangevoer, nie met die besluit inmeng nie. Brown se saak is nie absolute gesag vir hierdie standpunt nie. In laasgenoemde saak was dit die optrede van die direkteur (hy het nie onmiddelik teen die kort kennisgewing beswaar gemaak nie) wat die oorweging dat 'n latere geldige besluit in elk geval geneem sou kon word, ter sprake laat kom het. Dit word verskeie kere beklemtoon dat "if he had at once given them notice that he objected to the calling of the board on such short notice, that might have altered the case" (eie beklemtoning) (15).

47. Art 220(2) van die Wet.

48. Ibid., art 220(3).

gadering voorgelees word.<sup>49</sup>

- e. Sou die maatskappy of enige ander persoon egter voel dat die verstoë neerkom op misbruik van hierdie artikel "om onnodige publisiteit vir lasterlike bewerings te verkry", kan daar by die hof aansoek gedoen word dat die verstoë nie uitgestuur word, of op die vergadering voorgelees word nie.<sup>50</sup>

## 5. TEN SLOTTE

Met die eerste oogopslag wil dit voorkom of daar weinig hoop is om ontslag ingevolge art 220 van die Wet te voorkom. Die rede blyk uit die feit dat art 220(1)(a) die moontlikheid van verskansing van die direkteurskap beide deur 'n bepaling in die akte of statute en deur 'n ooreenkoms tussen die direkteur en maatskappy, effektief hokslaan.<sup>51</sup>

By diepere ontleding is so 'n interpretasie egter nie regverdigbaar nie.<sup>52</sup> Voordat hierdie aspek behandel word, word daar eers aandag geskenk aan die gevolge wat uit ontslag as sodanig kan spruit.<sup>53</sup> Die waarde van 'n onderskeid tussen ontslag as sodanig en die gevolge voortspruitend uit ontslag, word dan tegelykertyd duidelik.

---

49. Ibid., art 220(4).

50. Ibid., art 220(5).

51. Sien Afdeling 2.5 (supra) van hierdie hoofstuk.

52. Sien veral Hoofstuk 8 (infra).

53. Sien Hoofstukke 4-6 (infra).



---

## HOOFSTUK 4

### SKADELOOSSTELLING EN SKADEVERGOEDING IN DIE ALGEMEEN

1. INLEIDING
  2. SKADELOOSSTELLING
  3. SKADEVERGOEDING
  4. GEEN SKADEVERGOEDING
  5. BEREKENING VAN SKADEVERGOEDING
  6. VERDERE ASPEKTE
  7. TEN SLOTTE
- 

#### 1. INLEIDING

Daar is reeds gewys op ontslag as sodanig. Nou word die grondslag gelê vir die hantering van sekere gevolge wat uit ontslag kan voortspruit. Die klem word veral geplaas op die direkteur se reg op skadeloosstelling of skadevergoeding.<sup>1</sup>

Dat die direkteur, ondanks die feit dat hy ingevolge art 220 van die Maatskappywet 61 van 1973 (hierna die Wet genoem) ontslaan is, steeds die reg op "skadeloosstelling of skadevergoeding" behou, is 'n direkte gevolg van die bepalinge van art 220(7) van die Wet.<sup>2</sup> Dit is dus 'n bevoegdheid wat sta-

- 
1. Loose, P., The Company Director his Functions, Powers and Duties, 1975, par. 9-05; Afterman, A.B. en Baxt, K., Cases and Materials on Corporations and Associations, 1975, 443.
  2. Milne, A. (et al.) (red.), Henochsberg on the Companies Act, 1975, 386; Hahlo, H.R., South African Company Law through the

tutêr geskep word.<sup>3</sup>

## 2. SKADELOOSSTELLING

Milne<sup>4</sup> gee 'n verduideliking van die onderskeid tussen "skadeloosstelling" en "skadevergoeding". Wat "skadeloosstelling" betref, voer dié skrywer aan dat dit byvoorbeeld dui op skadeloosstelling vir ampsverlies soos bedoel in art 227(1)(a), (b) of (c) van die Wet.<sup>5</sup> Indien ontslag dus tot gevolg het dat die direkteur later op skadeloosstelling vir ampsverlies geregtig is, beteken dit dat die betaling slegs geskied indien volle besonderhede aan die algemene vergadering geopenbaar is en die betaling by wyse van spesiale besluit goedgekeur

---

Cases, 1983, 337 (hierna Hahlo (cases) genoem); Schmitthoff, C.M. (et al.) (red.), Palmer's Company Law, 1982, 814, par. 61-30 en 832, par. 62-11 (hierna Schmitthoff (red.) genoem); Loose, ibid., parr. 9-03(e) en 9-05; Prentice, D., "Removal of Directors from Office", M.L.R., 1969, 694; Gullick, J.M. (red.), Ranking and Spicer's Company Law, 1981, 273; Boyle, A.J. en Sykes, R.S. (et al.) (red.), Gore-Brown on Companies, 1982, par. 25-22; Af-terman en Baxt, op. cit., 443.

3. Die Engelse term vir "skadeloosstelling of skadevergoeding" in beide art 220(7) van die Wet en art 303 van die English Companies Act 1985 (hierna die 1985 Act genoem) is "compensation or damages". Art 69ter (6) van die Maatskappywet 46 van 1926 (hierna die 1926 Wet genoem) het slegs melding gemaak van "vergoeding of skadevergoeding".
4. Milne (red.), op. cit., 387 verduidelik soos volg: "'Compensation' could be by way e.g., of compensation for loss of office within the meaning of S.227(1)(a), (b) or (c) and one may note the specific exclusion in S.227(6), from the operation of S.227 of a bona fide payment made, inter alia, by way of damages."
5. Ibid., 386.

is.<sup>6</sup> Die belang van art 220(7) van die Wet is dus slegs dat die direkteur steeds op so 'n betaling geregtig sal wees. Daar word aan die hand gedoen dat die vereistes soos vervat in art 227(1) steeds ten opsigte van so 'n betaling nagekom moet word, omdat art 227(6) van die Wet slegs voorsiening maak vir die nie-openbaring of -goedkeuring in die geval van bona fide betalings vir ampsverlies indien dié ampsverlies die verbreking van 'n kontrak tot gevolg het. Die ander uitsonderings het betrekking op gevalle waar die direkteur aftree en dit is betalings in verband met "pensioen", wat insluit "'n pensioentoe-lae, gratifikasie of derglike betaling ten opsigte van gelewerde dienste", wat dan ter sprake is.

### 3. SKADEVERGOEDING

Wat "skadevergoeding" betref, word dit beperk tot gevalle waar daar sprake is van 'n kontraktuele eis. Hierdie benadering spruit voort uit die feit dat "skadevergoeding" omskryf word as "actual financial loss suffered by a director as a consequence of his being removed from office".<sup>7</sup>

In beginsel word dus aanvaar dat die direkteur 'n reg op skadevergoeding het indien hy ingevolge art 220 van die Wet ontslaan word en indien 'n kontraktuele verhouding wat tussen hom en die maatskappy bestaan, verbreek word. Daar is reeds daarop gewys

---

6. Art 227(1)(a) van die Wet. Sien Cilliers, H.S. en Benade M.L. (et al.), Maatskappyereg, 1982, 340, par. 22.40.  
Let wel : Volle besonderhede van sodanige skadeloosstelling sa in elk geval nog in die finansiële jaarstate openbaar moet word sien art 297(1)(c) en art 297(4)(a) en (b) van die Wet.

7. Milne (red.), op. cit., 386.

dat die wyses waarop die kontraktuele verhouding tot stand kom, aansienlik kan varieer.<sup>8</sup> Dit kan byvoorbeeld gebeur dat die kontrak uitdruklik beding is,<sup>9</sup> of dat dit stilswyend by wyse van gedrag tot stand gekom het,<sup>10</sup> of dat 'n beding ten behoeve van 'n derde voorhande is.<sup>11</sup>

Die gevolgtrekking is dat, alhoewel daar in bepaalde gevalle ander verklarings vir die direkteur se vorderingreg is,<sup>12</sup> dit hoofsaaklik as 'n vorderingsreg ex contractu aangemerkt kan word.<sup>13</sup> Dit beteken ook dat die belang van art 220(7) van die Wet hoofsaaklik om "skadevergoeding", in teenstelling met "skadeloosstelling", sentreer.

#### 4. GEEN SKADEVERGOEDING

##### 4.1 Gemeenregtelike Gronde

Indien daar so 'n gemeenregtelike grond vir ontslag ontstaan kan die direkteur summier ontslaan word. Hy word dan enige reg op skadevergoeding ontsê.<sup>14</sup> In Farmers Associated

---

8. Sien Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.2 (supra).

9. Ibid., Afdeling 3.2.2.1.

10. Ibid., Afdeling 3.2.2.2.

11. Ibid., Afdeling 3.2.2.3.

12. Ibid., Afdeling 3.3.

13. Daar word egter beklemtoon dat die verklaring vir die vorderingsreg wel ex lege of op grond van 'n verrykingsaksie kan wees - sien ibid., Afdelings 3.3.1 en 3.3.2.

14. Milne (red.) (op. cit.), 387; Hahlo (cases), op. cit., 337; Leveson, G., Company Directors, Law and Practice, 1970, 30; Powell-Smith, V., The Law and Practice Relating to Company Directors, 1969, 44.

Dairies, Ltd. v Goldstein<sup>15</sup> word 'n voorbeeld van so 'n summiere ontslag gevind. Dit was 'n geval waarin die direkteur "has broken his contract by failure to render faithful service".<sup>16</sup> In casu is ook beslis dat dit 'n bevoegdheid is wat regs geldiglik deur die direksie, in teenstelling met die algemene vergadering, uitgeoefen kan word.

#### 4.2 Statutêre Gronde

Kragtens art 213 van die Wet moet 'n direkteur in bepaalde gevalle sy amp ontruim. Ontruiming geskied byvoorbeeld indien die direkteur nie binne 'n tydperk van twee maande na aanstelling of sodanige korter tydperk soos deur die statute voorgeskryf mag word, dié aandele verkry wat deur die statute vereis word nie. Indien die direkteur op 'n latere stadium ophou om dié voorgeskrewe aandele te hou, sal die direkteur ook sy amp moet ontruim.<sup>17</sup> In die pas vermelde ontruimingsgevalle en ook in die gevalle waarin die direkteur sy amp ingevolge artt 218 en 219 van die Wet moet ontruim, het sodanige direk-

- 
15. Farmers Associated Dairies, Ltd. v Goldstein, 1924 W.L.D. 181.
  16. Ibid., 183.
  17. Cilliers en Benadé, op. cit., 308, par. 21.24; Milne (red.), op. cit., 370; Verslag van die Kommissie van Onderzoek insake die Wysiging van die Maatskappywet, U.G. 69/1948, par. 119 (hierna die Millin-verslag genoem). Die benadering van Boyle en Sykes (red.) op. cit., par. 25-5 is dat in die Engelse reg die direkteur nie in hierdie omstandighede sy amp sal ontruim nie, maar slegs aan 'n oortreding ingevolge art 182(5) van die Companies Act 1948 (in Suid-Afrika - art 213(2) van die Wet), skuldig is indien hy as direkteur sou optree. ('n Soortgelyke bepaling kom voor in art 291(5) van die 1985 Act.)

teur geen reg op skadevergoeding nie.<sup>18</sup>

5. BEREKENING VAN SKADEVERGOEDING

Die omvang van die skadevergoedingseis is 'n feitelike vraag en kan verskil van geval tot geval. So moet algemene dienskontraktuele oorwegings die deurslag gee in geval van die moontlike verbreking van die besturende direkteur se dienskontrak.<sup>19</sup>

Besondere aspekte wat in die geval van die direkteur 'n rol kan speel, is onder andere die verpligting tot betaling van belasting, vergoeding, kommissie, pensioen, versekering, motortoelees, die tydperk van aanstelling en verlofvoordele.<sup>20</sup>

Die direkteur sal ook moet bewys dat hy inderdaad skade gely het as gevolg van die ontslag<sup>21</sup> en hy sal ook sy skade

- 
18. Cilliers en Benadé, op. cit., 307-312, parr. 21.24 tot 21.32.
19. Sien Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.3.4 (supra), voetnote 90, 95-97 en Hoofstuk 6, Afdeling 3 (infra). Sien in die algemeen ook Van Jaarsveld, S.R. (et al.), Die Suid-Afrikaanse Handelsreg, Vol. II, 1983, 68-70; Ringrose, H.G., The Law and Practice of Employment, 1983, 56; Mulligan, G.A., "Damages for Breach-Measure (General Principles)", S.A.L.J., 1957, 76-78. Die posisie ten opsigte van dienskontrakte in die VSA word verduidelik deur Page, A., "UK Developments relating to Unlawful Termination of Employment Contracts", I.B.L., Februarie, 1984, 67 en verder; Cathcart, D.A. en Kruse, S.A., "The new American Law of Wrongful Termination", I.B.L., Februarie, 1984, 73 en verder; Tobias, P.H., "Can you help me I've been fired", AM. BAR A.J., April 1984, 68 en verder.
20. Loose, op. cit., par. 9-06(b) en (c); Powell-Smith, op. cit., 44; Parsons v B.N.M. Laboratories, Ltd., (1963) 2 All E.R. 658.
21. Milne (red.), op. cit., 386.

sover moontlik moet beperk.<sup>22</sup> Die algemene beginsel dat 'n werk van mindere status<sup>23</sup> of selfs 'n "onopregte" aanbod,<sup>24</sup> nie aanvaar hoef te word nie, is ook op die direkteur van toepassing. Gewoonlik lewer die praktiese vraag aangaande berekening van skadevergoeding heelwat probleme op, as gevolg van die groot aantal faktore wat 'n invloed daarop kan uitoefen.<sup>25</sup> Daar moet altyd na die besondere bepalings van die kontrak tussen die direkteur en die maatskappy of na die reëlings in die statute gekyk word.<sup>26</sup>

Die Wet op Strafbedinge 15 van 1962 is ook van toepassing op enige skadevergoeding wat aan 'n direkteur betaalbaar is. Waar die hof dus van mening is dat die "bedrag buite verhouding is tot die nadeel ..... kan die hof die strafbedrag verminder in

- 
22. Vir die algemene beginsel dat skade beperk moet word - sien Mulligan, G.A. "Damages for Breach - Victim's Quasi-Duty to Mitigate", S.A.L.J., 1956, 423; Gunton v London Borough upon Thames, (1980) 3 All E.R. 577 op 589d-e. Sien ook ten opsigte van die direkteur : Powell-Smith, op. cit., 44; Adams, P.R., The Law and Practice Relating to Company Directors in Australia, 1970, 69; Boyle en Sykes (red.), op. cit., par. 25-12; Loose, op. cit. 9-06(c).
  23. Bulmer v Woollens Ltd. (In liq.), 1926 C.P.D. 459 op 465 en 468. Sien ook Loose, op. cit., par. 6-09(c).
  24. Shindler v Northern Raincoat Co., Ltd., (1960) 2 All E.R. 239.
  25. Bulmer v Woollens Ltd. (In liq.) (supra); Byron v Cape Sundays River Settlements, Ltd., 1923 E.D.L. 117; Shindler v Northern Raincoat Co., Ltd. (supra), 248C; Beach v Reed Corrugated Cases, (1956) 2 All E.R. 652 op 659 H-1; Bold v Brough, Nicholson & Hall, Ltd., (1963) 3 All E.R. 849.
  26. Vir voorbeelde in verband met reëlings in die statute en die uitwerking daarvan op die direkteur - sien Schmitthoff (red.), op. cit., 819-821, parr. 61-38 tot 61-41; Pennington, R.R., Company Law, 1979, 515.

die mate wat hy onder die omstandighede billik ag".<sup>27</sup> So 'n bevel mag dan die eis van die direkteur drasties inperk.<sup>28</sup>

Ingevolge art 227(6) van die Wet, is die bepaling van art 227 nie van toepassing op enige bona fide-betaling aan 'n direkteur by wyse van skadevergoeding vir kontrakbreuk nie.<sup>29</sup> Indien die ontslag ingevolge art 220 van die Wet dus wel op kontrakbreuk neerkom, kan dié skadevergoeding aan die direkteur betaal word sonder volle openbaring of goedkeuring by wyse van 'n spesiale besluit.<sup>30</sup>

#### 6. VERDERE ASPEKTE

Waar ontslag ook gepaard gaan met krenking van gevoel, sal dit nie per se 'n eis vir iniuria tot gevolg hê wat ook by die be-

---

27. Art 3 van die Wet op Strafbedinge 15 van 1962.

28. Leveson, op. cit., 34; Preis, D.A., "Prevention of the Statutory Removal of Directors", M.B.L., 1983, 116.

29. Openbaring in die finansiële jaarstate sal steeds moet plaasvind - sien art 297(1)(c) en art 297(4)(a) en (b) van die Wet. Sien in die algemeen ook Meskin, P.M. (red.), Companies in LAW S.A., Vol. 4, 1982, 235, par. 247; De Wet, J.C. en Van Wyk, A.H., De Wet en Yeats: Die Suid-Afrikaanse Kontrakereg en Handelsreg, 1978, 651, voetnoot 834; Botha, D., "Some Aspects Concerning the Removal of Directors", D.R., 1973, 469 (hierna Botha (some aspects) genoem); Leveson, op. cit., 41.

30. Milne (red.), op. cit., 387; Cilliers en Benadé, op. cit., 340, par. 22.43. Sien ook art 316(3) van die 1985 Act (Art 194(3) van die Companies Act 1948 - Pennington, op. cit., 518-519). In die algemeen kan die volgende bepaling in die Engelse reg ook geraadpleeg word: Artt 312 en 231(2)(d) van die 1985 Act, saamgelees met Reël 2(a) van die Vyfde Bylae tot die 1985 Act. Sien in die algemeen aangaande Nieu-Seelandse reg - The Taupo Totara



rekening van skadevergoeding in ag geneem kan word nie.<sup>31</sup> Daar bestaan egter geen rede waarom die besturende direkteur of direkteur nie 'n deliktuele eis sal hê in gevalle waar nalatige wanbewerings byvoorbeeld aanleiding gegee het tot die dienskontrak of die kontrak wat direkteursvergoeding reël nie.<sup>32</sup> Sover dit die dienskontrak van 'n besturende direkteur aangaan, sal die enigste remedie nie alleen skadevergoeding wees nie, maar spesifieke nakoming daarvan sal ook in bepaalde gevalle beveel kan word.<sup>33</sup>

7. TEN SLOTTE

In die hieropvolgende twee hoofstukke val die klem op die gevolge van ontslag. Die reg op skadevergoeding en veral die vraag of die moontlikheid bestaan dat die direkteur hierdie reg

---

Timber Co., Ltd., v Rowe, (1978) A.C. 537 op 546C; Boyle en Sykes (red.), op. cit., par. 27-25.

31. Ndamse v University College of Ford Hare, 1966(4) S.A. 137(E) op 139G-H en 140B-C; Powell-Smith, op. cit., 44. Die benadering dat kontrakbreuk as sodanig nie onregmatig is nie, is nou deur die Appêlhof vasgelê in Lillicrap, Wassenaar & Partners v Pilkington Brothers (SA) (Pty) Ltd., 1985(1) S.A. 475(A). Vir kommentaar op laasgenoemde saak kan die volgende geraadpleeg word : Boberg, P.Q.R., "Back to Winterbottom v Wright? - Not Quite!", S.A.L.J., 1985, 213; Beck, A., "Delictual Liability for Breach of Contract", S.A.L.J., 1985, 222; Van Warmelo, P., "Liability in Contract and in Delict", S.A.L.J., 1985, 227. Sien in die algemeen ook Addis v Gramophone Co., Ltd, (1908-1910) All E.R. 1.
32. Administrateur, Natal v Trust Bank van Afrika Bpk., 1979(3) S.A. 824(A); Kern Trust v Hurter, 1981(3) S.A. 607(C) op 616E-G. Tobias, op. cit., 70 haal gesag aan wat so 'n aksie in die gevalle van bedrieglike voorstellings erken.
33. Sien Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.3.4 (supra), voetnote 90, 95-97 en die bespreking in Hoofstuk 6, Afdeling 3 (infra).

ontsê kan word, word in diepte bespreek. Daar word 'n onderskeid getref tussen die gevolge van ontslag ingevolge art 220 van die Wet en ander wyses van ontslag. Wat die reg op skade-loosstelling of skadevergoeding betref, het die statutêre reëling weinig, indien enige, verandering meegebring. In Holmes v Life Funds of Australia Ltd.<sup>34</sup> is daar betoog dat selfs waar ontslag ingevolge 'n bepaling in die statute geskied, spesiale kennis van so 'n ontslagvergadering moes geskied.<sup>35</sup> Die onderskeid tussen die twee gevalle word gepas soos volg verduidelik :<sup>36</sup>

"The importance of this section ('n bepaling soortgelyk aan art 220) is that the statutory right is available to shareholders 'notwithstanding anything in its articles ....'. But the section is not in my judgement intended to provide the whole code for the removal of directors ....."

Juis as gevolg van dié onderskeid wat bestaan en die feit dat die onderskeid insiggewende verskille ten opsigte van die reg op skadevergoeding teweeg kan bring, word die volgende twee hoofstukke daarvolgens ingedeel.

---

34. Holmes v Life Funds of Australia Ltd., (1971) 1 N.S.W.L.R. 860 op 862C-D.

35. Die statutêre vereiste - sien art 220(2) van die Wet.

36. Holmes v Life Funds of Australia Ltd. (supra), 862D.

---

## HOOFSTUK 5

### SKADEVERGOEDING EN SPESIFIEKE NAKOMING BY ONTSLAG BUITE DIE STATUTÊRE REËLING

1. INLEIDING
  2. SKADEVERGOEDING
  3. TEN SLOTTE
- 

#### 1. INLEIDING

Die uitleg van art 220(7) van die Maatskappywet 61 van 1973<sup>1</sup> verdien vermelding, en in besonder die gedeelte wat lui dat dié subartikel nie so uitgelê word "dat dit 'n persoon wat daarkragtens ontslaan is, skadevergoeding of skadeloosstelling ontnem wat aan hom betaalbaar is ten opsigte van sy aanstelling as direkteur ..... of dat dit afbreuk doen aan 'n bevoegdheid om 'n direkteur te ontslaan wat afgesien van hierdie artikel mag bestaan"<sup>2</sup> nie. In die lig hiervan word die skadevergoedingseis oorweeg in gevalle waar ontslag nie ingevolge die statutêre bepaling geskied het nie.

#### 2. SKADEVERGOEDING

##### 2.1 Oorsig

In heelwat bronne word die algemene stelling gemaak dat die

---

1. Hierna die Wet genoem.
2. Ibid., art 220(7). Die beklemtoning is self aangebring.

direkteur se skadevergoedingseis afhanklik is van die bestaan van 'n "afsonderlike kontrak".<sup>3</sup> Hierdie terminologie word egter doelbewus vermy, aangesien dit die indruk skep dat 'n kontrak nie stilswyend by wyse van gedrag tot stand kan kom nie.<sup>4</sup> Daar is reeds aangetoon dat daar wel 'n moontlikheid bestaan dat 'n kontrak so tot stand kan kom.<sup>5</sup> 'n Beter gebruik is om van die standpunt uit te gaan dat die direkteur se eis afhanklik is van die bestaan al dan nie van "'n kontrak".<sup>6</sup> Daar word nou oorweeg of die maatskappy, byvoorbeeld voor ontslag, stappe kan doen wat die direkteur remedieloos kan laat.

## 2.2 Die Ontneming van die Reg op Skadevergoeding

### 2.2.1 Ontslag ingevolge Bestaande Statute

Daar bestaan heelparty voorbeelde van gevalle waarin die direk-

---

3. Naudé, S.J., Die Regsposisie van die Maatskappydirekteur, 1970, 80; Cilliers, H.S. en Benadé, M.L. (et al.), Maatskappyereg, 1982, 312, par. 21.33; Loose, P., The Company Director his Functions, Powers and Duties, 1975, parr. 9-03(e), 9-05(a) en (d).
4. Sien egter Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.2.2 (supra), voetnoot 45.
5. Dit is opvallend dat Van Jaarsveld, S.R. (et al.), Suid-Afrikaanse Handelsreg, 1978, 764 ook praat van 'n afsonderlike kontrak. In die latere uitgawe van laasgenoemde werk (Van Jaarsveld, S.R. (et al.), Suid-Afrikaanse Handelsreg, Vol. III, 1984, 104), word daar egter verwys na "'n kontraktuele verhouding (wat) ook stilswyend tot stand kan kom".
6. Sien onder andere Adams, P.R., The Law and Practice Relating to Company Directors in Australië, 1970, 64 en Powell-Smith, V., The Law and Practice Relating to Company Directors, 1969, 39 wat presies dieselfde woorde gebruik : "No claim for damages will arise by reason of the removal unless it constitutes a breach of contract."

teur ingevolge die statute ontslaan kan word. Een so 'n voorbeeld kom voor in Holmes v Life Funds of Australia Ltd.,<sup>7</sup> waar "article 90" van die statute bepaal het dat "(t)he company may by ordinary resolution remove any director before expiration of his office ....." So 'n bevoegdheid kon natuurlik ook aan 'n buitestaander opgedra gewees het.<sup>8</sup> Die reg op skadevergoeding het selfs voor die invoeging van art 69<sup>ter</sup> van die Maatskappywet 46 van 1926<sup>9</sup> bestaan.<sup>10</sup> Of die direkteur dus 'n reg op skadevergoeding het indien hy ingevolge 'n bepaling van die statute ontslaan word, hang af van gewone kontraktuele oorwegings. In die eerste plek sal vasgestel moet word of die reg op vergoeding in die statute geskep is.<sup>11</sup> Die tweede vraag sal dan wees of daar 'n uitdruklik bedongene kontrak is en of 'n kontrak stilswyend by wyse van gedrag tot stand gekom het.<sup>12</sup> Staan dit vas dat daar so 'n kontrak is en dat ontslag teenstrydig daarmee geskied het, sal skadevergoeding verhaal kan word. Of ontslag by wyse van gewone be-

- 
7. Holmes v Life of Australia Ltd., (1971) 1 N.S.W.L.R. 860 op 861G, Lee v Hshien, (1984) 1 W.L.R. 1202.
  8. Meskin, P.M. (red.), Companies in LAW S.A., Vol. 4, 1982, 199, par. 205 ; Naude, op. cit., 104.
  9. Hierna die 1926 Wet genoem. Sien Hoofstuk 3, Afdeling 2.3 (supra), voetnoot 10.
  10. Juis daarom was dit nodig om hierdie reg steeds uitdruklik ingevolge art 220(7) van die Wet te behou. Sien Report of the Committee on Company Law Amendment, Cmd. 6659/1945, par. 130 (hierna die Cohen-verslag genoem); Verslag van die Kommissie van Onderzoek insake die Wysiging van die Maatskappywet, U.G. 69/1948, par. 125 (hierna die Millin-verslag genoem).
  11. Sien Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.1 (supra), voetnoot 35.
  12. Sien ibid., Afdelings 3.2.2.1 en 3.2.2.2 en die voorbehoude daarin genoem.

sluit<sup>13</sup> of by wyse van "spesiale besluit"<sup>14</sup> plaasvind, behoort dan in beginsel geen verskil te maak nie.

Die sake Southern Foundaries (1926), Ltd. v Shirlaw,<sup>15</sup> Read v Astoria Garage (Streatham) Ltd.<sup>16</sup> en Shindler v Northern Raincoat Co., Ltd.<sup>17</sup> is van besondere belang.<sup>18</sup> In beide die Read- en Shindler-sake het dit gehandel oor ontslag ingevolge 'n bepaling in die statute. In beide sake is daar ook verwys na Southern Foundaries se saak, maar dit is deurgaans verskillend geïnterpreteer. So is Lord Hartman in Read se a quo-saak die mening toegedaan dat hy nie dink "that that case helps very much" nie.<sup>19</sup> In die appèlsaak is Lord Jenkins weer van mening dat "that is, however, an entirely different case .....".<sup>20</sup> In Shindler se saak is die goue beginsel juis in die Southern Foundaries-saak gevind<sup>21</sup> en is Lord Diplock van mening "that the decision

- 
13. Sien Hoofstuk 3, Afdeling 2.3 (supra).
  14. Ibid., Afdeling 2.4.
  15. Southern Foundaries (1926), Ltd. v Shirlaw, (1940) 2 All E.R. 445.
  16. Read v Astoria Garage (Streatham) Ltd., (1952) 1 All E.R. 922 en Read v Astoria Garage (Streatham) Ltd., (1952) 1 Ch. 637.
  17. Shindler v Northern Raincoat Co., Ltd., (1960) 2 All E.R. 239.
  18. Sien ook Hoofstuk 6, Afdeling 3.2 (infra).
  19. Read v Astoria Garage (Streatham) Ltd. (supra), 924G.
  20. Read v Astoria Garage (Streatham) Ltd. (supra), 643.
  21. Shindler v Northern Raincoat Co., Ltd. (supra), 245F-G en 248B.

..... which is of course, binding on me, is conclusive in the plaintiffs favour ....."<sup>22</sup>

Dit verg seker nie veel verbeelding om te beseef dat daar vele teenstrydige en verwarrende benaderings op hierdie gebied bestaan nie. In beide die Read- en Southern Foundaries-sake was daar 'n bepaling in die statute wat ontslag by wyse van spesiale besluit moontlik gemaak het. Die spil waarom dit egter in laasgenoemde sake draai, is wat die uitwerking van ontslag in-gevolge die statutêre rëeling op die skadevergoedingseis sou wees. 'n Vraag wat egter terloops geopper word, is wat die gevolg van die gebruikmaking van die bepaling in die statute sou wees om die direkteur te ontslaan. In Shindler se saak word die oplossing dan gevind :

"All of their Lordships made quite plain their view, that if the company itself had exercised their power under the original articles by removing the plaintiff as director by extraordinary resolution, that would have been a breach of the implied term ..... and would have given rise to the right for damages."<sup>23</sup>

Die benadering in die Read-saak dat, waar geen spesifieke tydperk van aanstelling bepaal is nie en daar geen uitdruklik bedonge kontrak is nie, ontslag maar sonder redelike kennis kan geskied,<sup>24</sup> is nie aanvaarbaar

---

22. Ibid., 246B-C.

23. Ibid., 245F-G. Die beklemtoning is self aangebring.

24. Leveson, G., Company Directors, Law and Practice, 1970, 29; Gower, L.C.B., "Company Removal of Managing Director", M.L.R., 84 (hierna Gower (managing director) genoem); Loose, op. cit., par. 9-05(f).

nie.<sup>25</sup> Ontslag sonder kennis sal slegs kan geskied onder omstandighede waarin die direkteur hom byvoorbeeld skuldig maak aan wangedrag of wanneer daar 'n ander statutêre grond vir ontruiming van die amp ontstaan.<sup>26</sup>

Die benadering in Southern Foundaries vind vandag nog aanwending. Gevolglik is daar, wat die reg op skadevergoeding betref, weinig verskil tussen die statutêr gereëlde posisie en gevalle waarin ontslag ingevolge die statute plaasvind.

### 2.2.2 Ontslag ingevolge Gewysigde Statute

Die voorafgaande bespreking het slegs betrekking gehad op die gevalle waarin die direkteur ontslaan is ingevolge 'n bevoegdheid wat reeds in die statute bestaan het. Daar was dus geen wysiging van die statute nodig om ontslag te bewerkstellig nie. Die geval tans onder bespreking, betrek hoofsaaklik die geval waarin die statute gewysig word of om die bevoegdheid tot ontslag daar te stel of om die reg op skadevergoeding wat die direkteur mag hê, hom te ontnem.

Die benadering van Pennington<sup>27</sup> val dadelik op :

"It is therefore more economical for a company to remove a director who has no service contract by

---

25. Hahlo, H.R., South African Company Law through the Cases, 1983, 337 (hierna Hahlo (cases) genoem); Leveson, op. cit., 30 en 33; James v Thomas H. Kent & Co. LD., (1951) 1 K.B. 551 op 555 en 556; Pennington R.R., Company Law, 1979, 504 en 531; Powell-Smith, op. cit., 45 en 46; Loose, op. cit., parr. 8-09(a)(4) en 8-09(c).

26. Sien Hoofstuk 4, Afdeling 4.1 en 4.2 (supra).

27. Op. cit., 506.



passing a special resolution altering its articles appropriately than by passing an ordinary resolution for his removal under the statutory power."

Dié voorbeeld van Pennington is vatbaar vir verskillende interpretasies. Die argument kan byvoorbeeld geopper word dat indien die direkteur in elk geval geen "service contract" het nie, ontslag maar ingevolge die statutêre reëling kan geskied; die direkteur het immers geen kontraktuele grondslag vir 'n skadevergoedingseis nie.

Daar kan myns insiens egter ten minste drie gevalle wees waarin dit meer voordelig vir die maatskappy kan wees om eerder die statute te wysig as om van die statutêre middel tot ontslag gebruik te maak. Eerstens kan dit van toepassing wees in 'n geval waar 'n uitdruklik bedonge kontrak bestaan waarin 'n bepaling opgeneem is dat die kontrak sal wysig soos die statute wysig. In die tweede plek kan dit aanwending vind in die geval van 'n uitdruklik bedonge kontrak, waarin daar geen voorsiening vir die wysiging daarvan gemaak word nie, maar dit 'n geïmpliseerde term van die kontrak is dat dit sal wysig soos die statute wysig.<sup>28</sup> Laastens kan dit ook van toepassing wees op 'n kontrak wat stilswyend by wyse van gedrag tot stand gekom het, met as inhoud die bepalings van die statute én daar bestaan genoegsame aanduidings dat die kontrak sal wysig soos die statute wysig.<sup>29</sup>

Anders gestel, kom dit op die volgende neer, naamlik dat 'n uitdruklike of geïmpliseerde bepaling in 'n kontrak tot gevolg

---

28. Vir 'n verdere verduideliking van die eerste twee gevalle sien Hoofstuk 6, Afdeling 2.2.1 (infra).

29. Ibid, Afdeling 2.2.2.

kan hê dat die direkteur wat ingevolge die gewysigde statute ontslaan word, sy reg op skadevergoeding ontnem kan word. Dieselfde gevolg kan ook op indirekte wyse bewerkstellig word deur die statute te wysig en die direkteur so sy reg op skadevergoeding te ontnem (so 'n wysiging sal 'n spesiale besluit verg).<sup>30</sup> Daar moet dan van art 220 van die Wet gebruik gemaak word om die direkteur te ontslaan. Wanneer die vraag na skadevergoeding ingevolge art 220(7) ter sprake kom, is die antwoord bloot dat die direkteur geen grondslag vir sy eis het nie.

Met die eerste oogopslag wil dit voorkom of laasgenoemde metode as 'n omseiling van die statutêre bepaling (art 220(7)) beskou moet word. Sou daar egter in ag geneem word dat presies dieselfde ook bereik sou kon word deur byvoorbeeld die invoeging van 'n ontslagbepaling in die statute, is die redenasie nie aanvaarbaar nie. Dit is in elk geval moeilik te bedink dat genoegsame steun verkry kan word om die direkteur sy reg op skadevergoeding te ontnem, maar dat daar nie genoegsame steun verkry kan word om 'n bepaling in die statute in te voeg wat ontslag sal magtig nie. Die feit bly staan dat, watter procedure ook al gevolg word, dit in hierdie gevalle 'n spesiale besluit (wysiging van die statute) sal verg om 'n direkteur wat 'n reg op skadevergoeding het, van hierdie reg te ontnem.

In al drie bogenoemde gevalle is die opmerking van Naudé,<sup>31</sup> alhoewel dit nie op dieselfde grondslag as die huidige bespreking berus nie, gepas :

---

30. Sien Hoofstuk 3, Afdeling 2.4 (supra), voetnoot 16.

31. Op. cit., 86.

"Die bevestigende verklaring ..... is eenvoudig dat 'n direkteur wat nie sy amp ..... (vir huidige doeleindes kan ingelees word 'nie behoorlik') met die maatskappy gereël het nie, maar verlies moet neem met die wysiging van sy ampsreëling in die statute."

Die statutêr verleende bevoegdheid om die statute te wysig<sup>32</sup> maak dit moontlik dat 'n sogenaamde ontslagbepaling altyd in die statute gevoeg kan word. Ontslag kan dan gewoonlik bewerkstellig word bloot deur 'n beroep op dié bepaling.<sup>33</sup> Waar daar egter 'n uitdruklik bedonge kontrak is, met geen uitdruklike of geïmpliseerde bepaling dat dit sal wysig soos die statute wysig nie, sal die direkteur nie sy reg op skadevergoeding ontnem kan word nie, al word hy ingevolge die nuwe invoeging ontslaan.<sup>34</sup> Ook waar daar slegs 'n kontrak is wat stilswyend deur gedrag tot stand gekom het, met as inhoud die bepalings van die statute, en daar genoegsame aanduidings is dat dit nie sal wysig soos die statute wysig nie, sal die direkteur nie van die reg op skadevergoeding ontnem kan word nie, selfs al word hy ingevolge die nuut ingevoegde bepaling ontslaan.<sup>35</sup>

---

32. Sien Hoofstuk 3, Afdeling 2.4 (supra), voetnoot 16.

33. Meskin (red.), op. cit., 187, par 185; Pennington, op. cit., 531. Sien egter die kwalifikasie soos verduidelik aan die hand van British Murac Syndicate, Ltd. v Alperon Rubber Co., Ltd., (1915) 2 Ch. 186 - voetnote 37-47 (infra) van hierdie hoofstuk: sou die invoeging van die ontslagbepaling bots met 'n ooreenkoms tussen die maatskappy en 'n derde, kan die maatskappy myns insiens deur 'n hofbevel verbied word om ingevolge die invoeging op te tree.

34. Sien ook Hoofstuk 6, Afdeling 2.2.1 (infra).

35. Ibid., Afdeling 2.2.2.

Voor die invoeging van die statutêre bevoegdheid tot ontslag, was wysiging van die statute soms die enigste wyse waarop ontslag bewerkstellig kon word.<sup>36</sup> Daar kan egter weinig twyfel bestaan daaroor dat die direkteur steeds so ontslaan kan word en dat sy skadevergoedingseis dan afhanklik sal wees van die oorwegings soos hierbo uiteengesit.

Hoe word British Murac Syndicate, Ltd. v Alperton Rubber Co., Ltd.<sup>37</sup> dan in die lig van bogenoemde beginsels verklaar? Die saak is nie korrek beslis ten opsigte van die feit dat 'n maatskappy verbied kan word om sy statute te wysig nie.<sup>38</sup> Daar is egter 'n tweede punt in die saak wat vir die huidige doeleindes van besondere belang is. In casu was dit nie nodig om die statute te wysig ten einde die bevoegdheid tot ontslag te "skep" nie : dit het reeds bestaan.<sup>39</sup> Die hof is egter die mening toegedaan dat die maatskappy nie van dié bepaling gebruik mag maak om die direkteure te ontslaan nie.<sup>40</sup> Wat hierdie aspek betref, moet die saak onderskei

- 
36. Sien Hoofstuk 3, Afdeling 2.4 (supra), voetnoot 19.
37. British Murac Syndicate, Ltd. v Alperton Rubber Co., Ltd. (supra).
38. De Wet, J.C. en Van Wyk, A.H., De Wet en Yeats : Die Suid-Afrikaanse Kontrakereg en Handelsreg, 1978, 554-555, voetnoot 178. Vergelyk dit met British Murac Syndicate, Ltd. v Alperton Rubber Co., Ltd. (supra), 193, 194 en 195.
39. In British Murac Syndicate, Ltd. v Alperton Rubber Co., Ltd., (supra), 188 word die bepalings van "Article 100" van die statute soos volg weergegee : "100. The company may by extraordinary resolution remove any director before the expiration of his period of office and may by ordinary resolution appoint another qualified person in his stead."
40. Ibid., 197-198. Sien egter Naudé, op. cit., 77.

word van al die sake wat voorheen in hierdie afdeling bespreek is. Dit was 'n geval waarin die bevoegdheid om as direkteur te dien, nie alleen vervat was in die statute nie,<sup>41</sup> maar ook in 'n uitdruklik bedonge ooreenkoms.<sup>42</sup> Verder, en dit is van besondere belang, was dit nie 'n ooreenkoms tussen die maatskappy en die direkteur nie, maar 'n ooreenkoms tussen die maatskappy en 'n derde.<sup>43</sup> Die gevolg was dat dit nie die direkteure was wat hulle oor potensieële ontslag bekla het nie, maar die derde, en wel op grond van die regte ontleen aan die uitdruklik bedonge ooreenkoms.<sup>44</sup>

In die lig van wat so pas gesê is, kan die stelling van Meskin<sup>45</sup> dat, "(b)ecause a company cannot be precluded from acting on its articles, an exercise of such a power (om op te tree ingevolge die gewysigde statute) will always effectively remove a director from office"<sup>46</sup> nie sonder meer as kor-

- 
41. British Murac Syndicate, Ltd v Alperton Rubber Co., Ltd. (supra), 187, in "Article 88".
42. Ibid., 187, in "Clause 10".
43. Die derde was 'n ander maatskappy (British Murac Syndicate, Ltd.) wat ook 'n aandeelhouer was. Dit word spesifiek nie 'n "aandeelhouersooreenkoms" genoem nie, aangesien heelwat ander ooreengings daarby ter sprake kan kom - sien Hoofstuk 8, Afdeling 4.3.1 (infra).
44. British Murac Syndicate, Ltd. v Alperton Rubber Co., Ltd. (supra), 193. Gower, L.C.B. (et al), Gower's Principles of Modern Company Law, 1979, 559 (hierna Gower (et al.) genoem) gee die korrekte verklaring vir die saak. Wat die meeste opval is die feit dat die voorkoming van 'n verbreking van so 'n ooreenkoms by wyse van interdik erken word. Indien die ooreenkoms reeds verbreek is sal die hof steeds spesifieke nakoming kan beveel.
45. Meskin (red.), op. cit., 187, par. 185 en 199 par. 205, voetnoot 3.
46. Eie beklemtoning is aangebring.

rek aanvaar word nie.<sup>47</sup>

Dit is tans 'n ope vraag of die direkteur dan ontslaan kan word deur van die statutêre bevoegdheid tot ontslag gebruik te maak.<sup>48</sup> Dit is egter so dat indien die direkteur wel ingevolge die statutêre reëling ontslaan sou kon word, die gewone oorwegings ten opsigte van skadevergoeding ingevolge art 220(7) van die Wet, in ag geneem moet word.<sup>49</sup>

### 2.2.3 Ontslag ingevolge die Dienskontrak

In Cilliers en Benadé,<sup>50</sup> waar dit handel oor moontlike wyses van ontslag en ontruiming, word die volgende stelling aangetref :

"Nog 'n moontlikheid is dat die dienskontrak met die direkteur bepaal dat sy ontslag as werknemer outomaties as bedanking deur hom as direkteur geag sal word."

Die gedeelte in die teks<sup>51</sup> handel oor die "gewone diensverhouding" en daar word ook net verwys na die "direkteur as

---

47. Gower (et al.), op. cit., 559 wys daarop dat die een redenasie juis nie logies uit die ander een volg nie.

48. Sien Hoofstuk 8, Afdeling 4.4 (infra).

49. Sien Hoofstuk 6, Afdeling 2 (infra).

50. Op. cit., 302, par. 21.11, voetnoot 23.

51. Ibid., 302, par. 21.11.

werknemer". Die afleiding is dus dat daar geen ander faktore, soos die feit dat die direkteur in 'n kontraktuele verhouding as besturende direkteur teenoor die maatskappy kan staan, in ag geneem is nie.<sup>52</sup> Hierdie afleiding word ook versterk deur die feit dat die "besturende direkteur as ampsdraer" later afsonderlik behandel word.<sup>53</sup> So beskou, moet die aangehaalde gedeelte soos volg geïnterpreteer word, naamlik dat waar die direkteur, as toevallige bykomende faktor, byvoorbeeld vlieënier<sup>54</sup> van die maatskappy is, die kontrak wat sy dienskontraktuele verhouding as vlieënier reël, 'n bepaling mag bevat wat inhou dat vlieëniersontslag as outomatiese direkteursbedanking beskou sal word. Dit gaan hier om twee geheel en al verskillende hoedanighede. Dat die een hoedanigheid in terme van die ander gereël kan word, kom beslis vreemd voor, maar aangesien die individu (vlieënier/direkteur) normaalweg kontrakteervryheid geniet, is so 'n bepaling seker moontlik.

Genoemde skrywers gaan nie verder as om bloot die stelling te maak dat so 'n bepaling in die dienskontrak moontlik direkteurskap tot 'n einde kan laat kom nie. Vir die huidige doeleindes is dit nodig om die uitwerking van so 'n bepaling op die direkteur se reg op skadevergoeding, te ondersoek.

- 
52. Dit dui hier byvoorbeeld op die verhouding wat ingevolge Reëls 61 en 62 van Tabel A en B (onderskeidelik) van die Eerste Bylae tot die Wet, geskep word - sien ook die bespreking in Hoofstuk 2 Afdeling 3.2.3.4 (supra).
53. Cilliers en Benadé, op. cit., 365-369. Let veral op par. 23.32.
54. Sien byvoorbeeld Lee v Lee's Air Farming, Ltd., (1960) 3 All E.R. 420.

Sou so 'n bepaling in die dienskontrak voorkom, en Tabel A of B<sup>55</sup> van die Eerste Bylae tot die Wet is as statute aanvaar, kan daar besondere oorwegings ter sprake kom. Die ontslag as werknemer sal byvoorbeeld as vooraf "skriftelike kennisgewing" tot bedanking as direkteur beskou kan word.<sup>56</sup> Gevolglik sal die direkteursamp "ontruim" word, en kan daar geargumenteer word dat die direkteur qua direkteur, geen reg op skadevergoeding het nie.<sup>57</sup> So 'n interpretasie kan lei tot 'n wyse waarop die direkteur doeltreffend van sy reg op skadevergoeding ontnem kan word. 'n Paar besware wat moontlik teen so 'n benadering geopper kan word, word vervolgens van naderby beskou.

Die benadering is nie in ooreenstemming met die algemene opvatting dat die direkteur se reg op skadevergoeding hom nie sonder meer ontnem kan word nie.<sup>58</sup> Die benadering strook ook nie met die strekking van art 220 van die Wet, waarin daar vir ontslag as sodanig voorsiening gemaak word, maar die direkteur nie sy reg op skadevergoeding ontsê word nie.<sup>59</sup> Selfs al sou die bepaling in die dienskontrak betrekking hê op die besturende direkteur se dienskontraktuele verhouding met die

---

55. Reëls 65 en 66 onderskeidelik.

56. Reëls 65(c) en 66(c) van Tabel A en B (onderskeidelik) van die Eerste Bylae tot die Wet lui soos volg: "Die direkteursamp word ontruim as die direkteur - (c) by skriftelike kennisgewing aan die maatskappy en die Registrateur uit sy amp bedank." Al wat nodig sal wees is om die dienskontrak aan die Registrateur te stuur.

57. Art 218(3) van die Wet. Sien bespreking in Hoofstuk 4, Afdeling 4.2 (supra).

58. Sien Hoofstuk 6, Afdeling 2.2 (infra).

59. Art 220(7) van die Wet.



maatskappy,<sup>60</sup> is dit ook teen die duidelike bedoeling van Tabel A en B<sup>61</sup> van die Eerste Bylae tot die Wet dat die besturende direkteur sy skadevergoedingseis moet verbeur.

Kom so 'n bepaling in die dienskontrak voor, kan ook aangevoer word dat 'n geval soortgelyk aan Shindler v Northern Raincoat Co. Ltd.,<sup>62</sup> voorhande is. In dië saak is beslis, op gesag van die beginsel neergelê in Stirling v Maitland,<sup>63</sup> dat die besturende direkteur nie sy reg op skadevergoeding ontnem kan word deur 'n ontslag as direkteur wat indirek ook die beëindiging van besturende direkteurskap tot gevolg sou hê nie. Ook in die geval wat tans onder bespreking is, kan geargumenteer word dat die skadevergoedingseis op die feit berus dat hy nie as werknemer ontslaan word nie. Die maatskappy mag dus niks indirek doen wat die direkteur sy eis ontnem nie. Vind ontslag as werknemer wel plaas en daarmee saam die outomaties gekoppelde bedanking as direkteur, kan daar gesê word dat die direkteur, soos in die gevalle waarin hy andersins die reg op skadevergoeding sou gehad het, ook in hierdie geval die reg moet behou, ongeag die eienaardige bepaling in die

- 
60. Sien Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.3.4 (supra), voetnote 90, 95-97.
61. Reëls 61 en 62 onderskeidelik.
62. Supra.
63. Stirling v Maitland, 122 E.R. 1043. In Maloney v NSW National Coursing Association Ltd., (1977-1978) 3 A.C.L.R. 404 het sekere ander statutêre oorwegings 'n rol gespeel, maar dien tog as 'n voorbeeld waarin ontslag op so 'n indirekte wyse bewerkstellig is. Die kwessie rondom skadevergoeding het ongelukkig nie ter sprake gekom nie.

### 2.3 Samevatting

In die gevalle waarin ontslag op 'n ander wyse as ingevolge art 220 van die Wet plaasvind, moet die uitwerking daarvan op die direkteur se reg op skadevergoeding, versigtig oorweeg word. Afhangende van die uitdruklike of geïmpliseerde bepalings van die kontrak bestaan die moontlikheid wel dat die direkteur sy reg op skadevergoeding ontnem kan word. Uit die aard van die saak sal dit dan ook 'n rol speel daarin of die maatskappy van die statutêre middel tot ontslag of van 'n ander wyse van ontslag gebruik gaan maak om die direkteur te ontslaan.

### 3. TEN SLOTTE

Die eiesoortige invloed wat ontslag ingevolge 'n ander wyse as die statutêre reëling op die skadevergoedingseis uitoefen, is 'n aspek wat nie buite rekening gelaat mag word nie. Die maatskappy moet beslis die aard van die direkteur se kontrak en die besondere reëlings in die statute deeglik oorweeg voordat daar blindelings voortgegaan word met ontslag ingevolge art 220 van die Wet.

---

64. Sien ook Hoofstuk 6, Afdeling 2.2 (infra) waar ontslag ingevolge art 220 van die Wet geskied, Afdeling 2.2.1 (supra) van hierdie hoofstuk waar ontslag ingevolge 'n bestaande bepaling van die statute geskied en Afdeling 2.2.2 (supra) van hierdie hoofstuk waar ontslag ingevolge die gewysigde statute geskied.

---

## HOOFSTUK 6

### SKADEVERGOEDING EN SPESIFIEKE NAKOMING BY ONTSLAG INGEVOLGE DIE STATUTÊRE REËLING

1. INLEIDING
  2. SKADEVERGOEDING
  3. DIE BESTURENDE DIREKTEUR
  4. TEN SLOTTE
- 

1. INLEIDING

Eerstens word die reg op skadevergoeding nou in detail oorweeg. Die tipe kontraktuele verhouding wat daar tussen die direkteur en die maatskappy bestaan, kan ook hier 'n verskil aan die toepaslike beginsels maak. Hierdie verskille, asook die invloed daarvan op die moontlike ontneming van die direkteur se reg op skadevergoeding, word in die besonder oorweeg. In die tweede plek word 'n paar interessante aspekte in verband met die besturende direkteur behandel. Die reeds-uitgekristalliseerde presedente, asook sy besondere posisie in die maatskappy, verg beslis aandag onder 'n aparte hoof.<sup>1</sup>

2. SKADEVERGOEDING

- 2.1 Oorsig

Die bespreking word nou gewy aan die vraag of die direkteur s

---

1. Sien onder andere Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.3.4 (supra).

reg op skadevergoeding ontnem kan word. Die antwoord is van belang juis omdat art 220(7) van die Maatskappywet 61 van 1973 (hierna die Wet genoem) bepaal dat 'n direkteur ondanks ontslag, steeds op skadevergoeding geregtig is. Dit klink na 'n teenstrydigheid, maar in die lig van die feit dat die ontneming van die reg moontlik voor ontslag kan geskied, is dit besonder belangrik om met die antwoord op hierdie vraag rekening te hou. 'n Antwoord sal slegs verkry kan word deur 'n paar praktiese gevalle te oorweeg.

## 2.2 Die Ontneming van die Reg op Skadevergoeding

### 2.2.1 Uitdruklik

Die geval wat eerste oorweeg word, is waar 'n kontrak uitdruklik beding is.<sup>2</sup> Ter illustrasie van die teenstrydighede wat op hierdie gebied bestaan, word na die menings van 'n paar skrywers verwys. Volgens Naudé<sup>3</sup> sal die direkteur, waar hy 'n "afsonderlike kontrak" het, 'n kontraktuele eis hê en sal hierdie reg hom ontnem kan word slegs as dit 'n uitdruklike beding van die kontrak is dat die reg hom ontnem kan word deur 'n wysiging van die statute.<sup>4</sup> Hahlo<sup>5</sup> is weer die

---

2. Sien in die algemeen ibid., Afdeling 3.2.2.1 (supra).
3. Naudé, S.J., Die Regsposisie van die Maatskappydirekteur, 1970, 80-86 en 99.
4. Ibid., 83 stel dit soos volg : "Bestaan daar wel so 'n kontrak wat geheel of gedeeltelik op die statute gebaseer is, en wat dit duidelik stel dat die statute soos dit op dié of enige latere tydstip na wysiging daar uitsien die terme van die kontrak is, dan is daar geen probleem nie. Saam met die gewysigde statute ondergaan die direkteur se kontrak met die maatskappy telkens 'n verandering sonder dat sy medewerking nodig is."
5. Hahlo, H.R., South African Company Law through the Cases,

mening toegedaan dat waar die kontrak uitdruklik of stilswyend die bepalinge van die statute insluit, dit afhang van die uitleg van die kontrak of die maatskappy dit mag wysig deur 'n wysiging van die statute. Botha<sup>6</sup> redeneer dat indien sekere bepalinge van die statute in die "separate contract" ingesluit is, dit sal afhang van die bedoeling van die partye of die bepalinge sal wysig soos die statute wysig. Laasgenoemde skrywer is egter ook die mening toegedaan dat indien die kontrak in sy geheel op die statute gebaseer is, dit dan sal wysig soos die statute wysig, "because all articles are subject to alteration by means of special resolution".<sup>8</sup>

---

1983, 334 (hierna Hahlo (cases) genoem). Hierdie skrywer se versigtige kwalifikasie staan in skelle kontras met die ongekwalifiseerde benadering van De Wet, J.C. en Van Wyk, A.H., De Wet en Yeats : Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg, 1978, 555. Die benadering van Van Jaarsveld, S.R. (et al.), Suid-Afrikaanse Handelsreg, Vol. III, 1984, 204 is nie heeltemal duidelik nie, maar toon ooreenkomste met Hahlo (cases), loc. cit., se benadering.

6. Botha, D., "Some Aspects Concerning the Removal of Directors" D.R., 1973, 466 (hierna Botha (some aspects) genoem)

7. Ibid.

8. Ibid. 'n Paar aspekte van Botha se benadering is besonder opvallend. Eerstens is daar geen verduideliking waarom die bedoeling van die partye 'n rol speel slegs waar sekere bepalinge van die statute in die kontrak vervat is nie, maar dié bedoeling geen rol speel waar al die bepalinge van die statute in die kontrak vervat is nie (vergeelyk 466, par. 3.2(b) en (c)). In die tweede plek is dit eienaardig dat, waar daar verwys word na die kontrak wat al die bepalinge van die statute bevat daar net sprake is van "a contract" en nie "a separate contract" nie (vergeelyk 466, par. 3.2(b) en (c)). Laasgenoemde gebrek aan onderskeid is veral opvallend omdat die skrywer wel die moontlikheid van 'n gefingeerde kontrak erken (vergeelyk 466, par. 3.2(c) en (d)). In die laaste instansie is dit ook eienaardig dat die skrywer geen verduideliking gee hoe die gefingeerde kontrak (466, par. 3.2(c)) beïnvloed word indien die statute gewysig word nie.

Die benadering van Naudé,<sup>9</sup> naamlik dat "(d)ie statute en die ooreenkoms tussen die maatskappy en direkteur immers twee afsonderlike kontrakte (is)", is realisties. Juis daarom sal die wysiging van die statute nie in alle gevalle 'n wysiging van die kontrak tot gevolg hê nie.<sup>10</sup> Twee verdere kwalifikasies wat egter beslis hierby gevoeg moet word, is dat daar nie 'n uitdruklike bepaling<sup>11</sup> in die kontrak mag wees dat die wysiging van die kontrak deur 'n wysiging van die statute bewerkstellig sal word nie. Dit moet ook nie by noodwendige

- 
9. Op. cit., 83. Op 62 stel die skrywer dit soos volg : "Die kontraktuele regte en verpligtinge spruit ..... nie uit die tersaaklike gedeelte van die statute nie, maar uit die identiese terme in sy kontrak." En weer op 63 : "Om te herhaal, die statute self kan nooit 'n deel van die kontrak met die derde vorm nie - sekere bepalinge daarvan is slegs oorgeneem of gedupliseer in hierdie kontrak; en in beginsel kan dit geen verskil maak of die kontrak met die derde uitsluitlik uit sulke ontlenings uit die statute bestaan of nog ander terme ook bevat nie. Die oorname van klousules uit die statute in die kontrak met 'n derde kom veral algemeen voor waar laasgenoemde 'n direkteur is."
10. In Shuttleworth v Cox Bros & Co. (Maidenhead) Ltd., (1926) All E.R. 498 (CA) op 544T word op Nelson v James Nelson & Sons, Ltd., (1914-1915) All E.R. 433 gesteun om te illustreer dat 'n wysiging van die statute nie die wysiging van die kontrak tot gevolg het nie : "There the court held ..... that there was a outside contract and the company could not alter that without the consent of both parties ....." Sien egter 504I - 505A van die Shuttleworthsaak waar die volgende voorkom : "But in the absence of an outside contract, an appointment under an article is subject to the power of varying the articles ..... and consequently the contract is ..... a contract ..... subject to the power of terminating the appointment given in the articles, or any modification of the articles, which may thereafter be made under the Companies Act ....." Sien ook Pennington, R.R., Company Law, 1978, 84-85; Gower, L.C.B. (et al.), Gower's Principles of Modern Company Law, 1978, 318, en 559 (hierna Gower (et al.) genoem).
11. In Ross & Co. v Coleman, 1920 A.D. 408 was die uitdruklike bepaling in die statute vervat - Naudé, op. cit., 84.

implikasie<sup>12</sup> deel vorm van die uitdruklik bedonge kontrak dat dit sal wysig soos die statute wysig nie.

Dit is inderdaad ook moontlik dat in bepaalde gevalle die afleiding gemaak kan word dat die kontrak nie sal wysig soos die statute wysig nie, selfs al is daar geen uitdruklike bepaling tot dien effekte in die kontrak nie. Juis daarom kan daar nie met De Wet en Van Wyk<sup>13</sup> saamgestem word dat waar "die bepalings van die statute uitdruklik of stilswyend deel van daardie ooreenkoms<sup>14</sup> vorm, die partye ooreengekom het dat een van hulle, nl. die maatskappy, die terme van daardie ooreenkoms kan verander" nie. So 'n benadering maak nie voorsiening daarvoor dat daar ook 'n andersluidende bedoeling, naamlik dat die kontrak nie sal wysig soos die statute wysig, mag bestaan nie. Dieselfde kritiek is ook van toepassing op die benadering van Botha.<sup>15</sup> In teenstelling met die benadering van laasgenoemde drie skrywers, verskaf Hahlo<sup>16</sup> die korrekte

- 
12. Sien in die algemeen - Mullin (Pty) Ltd. v Benade Ltd., 1952(1) S.A. 211(A), 214H; Gründling v Beyers, 1962(2) S.A. 131(W). Skrywers wat dan ook die beginsel erken is onder andere Cilliers, H.S. en Benadē, M.L. (et al.), Maatskappereg, 1982, 85, par. 6.06; Meskin, P.M. (red.), Companies in LAW S.A., Vol. 4, 1982, 205, par. 210; Pennington, op. cit., 59; Loose, P., The Company Director his Functions, Powers and Duties, 1975, par. 9-05(e).
  13. Op. cit., 555.
  14. Dit kom voor of hier inderdaad sprake is van 'n uitdruklik bedonge kontrak - sien ibid., 554.
  15. Botha (some aspects), op. cit., 466, par. 3.2(c).
  16. Die kwalifikasie word soos volg deur Hahlo (cases), op. cit., 334 verduidelik: "A director may hold office .... under a service contract which expressly or by implication, embodies the relevant provisions of the articles. In (this) case it is a matter of construction of the contract whether the company has retained the power to change the terms of the contract unilaterally by altering the articles" (eie beklemtoning).

kwalifikasies.

Bogenoemde is gewone kontraktuele beginsels, maar word selde, indien ooit, as kwalifikasies deur die bronne genoem. Die gevolg is dan dat die indruk voortdurend geskep word dat kontraktuele beginsels wel toegepas word, maar dan slegs tot so 'n mate dat 'n bepaalde sienswyse gedien word. So 'n benadering kan nie aanvaar word nie. Slegs die suiwer toepassing van kontraktuele beginsels kan lei tot 'n konsekwente oplossing van probleme op hierdie gebied, waar daar beslis nog nie duidelik uitgekristalliseerde riglyne bestaan nie.

Wanneer dit wat so pas gesê is, en die beginsels wat in die vorige hoofstuk uiteengesit is, in gedagte gehou word, het die toepassing van suiwer kontraktuele beginsels, waar 'n uitdruklik bedonge kontrak bestaan, die volgende tot gevolg :

- a. Waar die kontrak uitdruklik beding is, selfs al bevat dit al die bepalings of net sekere bepalings van die statute, sal die wysiging van die statute die wysiging van die kontrak tot gevolg hê, slegs indien :
  - (1) daar 'n uitdruklike bepaling is wat die wysiging van die kontrak deur die wysiging van die statute as outomatiese gevolg stel; of
  - (2) daar by noodwendige implikasie afgelei kan word dat dit die bedoeling van die partye was dat die wysiging van die statute ook die kontrak sal wysig.
- b. Die outomatiese inlees van 'n stilswyende bepaling in 'n uitdruklik bedonge kontrak dat dit sal wysig soos die statute wysig, kan net tot kunsmatighele lei. (Of die uitdruklik bedonge kontrak heeltemal op die statute baseer is en of daar net sekere bepalings uit die statute geneem is, kan in beginsel géén verskil maak nie.)



- c. Die outomatiese uitsluiting van so 'n stilswyende bepaling in alle gevalle is ook onnatuurlik en misken die toepassing van algemeen aanvaarbare kontraktuele beginsels.

Juis omdat bogenoemde beginsels nie altyd suiwer toegepas word nie, ontstaan daar verwarring. So word daar somtyds aangevoer dat die maatskappy by interdik verbied kan word om sy statute te wysig. Dit is moontlik, so word aangevoer,<sup>17</sup> omdat die wysiging van die statute ook die wysiging van sekere kontrakte, wat op die statute gebaseer is, tot gevolg sal hê.<sup>18</sup> Hierdie benadering ontken vanselfsprekend die afsonderlike bestaan van die statute.<sup>19</sup> Verder is dit ook soos al tereg geargumenteer is, logies om af te lei dat die maatskappy hom nie uit die statutêr verleende bevoegdheid, om die statute te kan wysig, kan kontrakkeer nie.<sup>20</sup> In s

- 
17. Sien Hoofstuk 5, Afdeling 2.2.2 (supra), voetnote 37 en 38 en die verwysings daarin na British Murac Syndicate, Ltd. v Alperio Rubber Co. Ltd., (1915) 2 Ch. 186. Sien ook De Wet en Van Wyk op. cit., 554-555, voetnoot 178.
18. Ibid.
19. Voetnoot 9 (supra) van hierdie hoofstuk.
20. Gower (et al.), op. cit., 559 stel dit soos volg : "Since the company has a statutory power to alter its articles it seems logical to hold that it cannot effectively contract out of this power . . . ." Sien ook De Wet en Van Wyk, op. cit., 554; Hahlo (cases) op. cit., 114; Boyle, A.J. en Sykes, R.S. (et al.) (red.), Gore Brown on Companies, 1982, par. 4-4; Allen v Gold Reefs of West Africa Ltd., (1900-1903) All E.R. 746 op 749I; Prentice, D.D. "Winding up on the Just and Equitable Ground : The Partnership Analogy", L.Q.R., 1973, 110 (hierna Prentice (winding up) genoem). Daar sal selfs nie in private maatskappye "deliberately and intentionally" van hierdie statutêr-verleende bevoegdheid afstand geneem kan word nie (Cartoon, B.J., "The Removal of Company Directors", J.B.L., 1980, 19). Veral nie waar so 'n afstanddoening

'n geval skyn die oplossing te wees dat die maatskappy by wyse van 'n spesiale besluit die statute mag wysig, maar dat dit die oomblik as daar ingevolge die gewysigde statute opgetree word, kontrakbreuk daarstel.<sup>21</sup> Hier sal die reg op skadevergoeding wat ingevolge art 220(7) van die Wet die direkteur toekom, ter sprake wees sodra ontslag bewerkstellig word. As gevolg van art 220(1)(a) van die Wet sal die direkteur uit die aard van die saak nie op spesifieke nakoming van 'n bepaling in die statute of van 'n ooreenkoms tussen die direkteur en maatskappy, geregtig wees nie.<sup>22</sup> Hierdie geval verskil weer van ander gevalle waarin 'n direkteur, in 'n ander hoedanigheid as direkteur, regte kontraktueel uit die statute verkry, byvoorbeeld as aandeelhouer, gewone skuldeiser of skuldbriefhouer. Hier sal die posisie steeds wees dat die maatskappy nie verbied kan word om sy statute te wysig nie. Indien die maat-

---

slegs van toepassing is vir 'n spesifieke doel soos byvoorbeeld om ontslag te voorkom of om die ontneming van die direkteur se skadevergoedingseis te bewerkstellig nie. Dië afleiding word baseer op die feit dat dit by noodwendige implikasie deel vorm van art 62 van die Wet dat daar nie afstand daarvan gedoen kan word nie en dat afstanddoening bowenal teen die openbare beleid sal wees - sien Portwig v Députation Street Investments (Pty) Ltd., 1985(1) S.A. 83(D) 90A-92I; Partnership in Mining Bpk. v Federale Mynbou Bpk., 1984(1) S.A. 175(T), 177F-H.

21. Ross & Co. v Coleman (*supra*), is obiter ten opsigte van hierdie punt, want daar was nie 'n statutêre bevoegdheid tot wysiging nie, maar illustreer die beginsel suiwer op 417. Ook De Villiers v Jacobsdal Saltworks (Michaelis and De Villiers) Pty, Ltd., 1959(3) S.A. 873(O) is obiter, want dit handel daarin oor 'n gefingeerde kontrak, maar illustreer ook hierdie beginsel op 874D. Sien ook Allen v Gold Reefs of West Africa Ltd., *op. cit.*, 750D; Southern Foundries (1926) Ltd. v Shirlaw, (1940) 2 All E.R. 445 op 455F, 458D, 461H en veral 469B-D; Gower (et al.), *op. cit.*, 151, voetnoot 57; Boyle en Sykes (red.), *op. cit.*, par. 4-4; Leveson, G., Company Directors, Law and Practice, 1970, 31.
22. Sien Hoofstuk 3, Afdeling 2.5 (*supra*), voetnoot 32 en Afdeling 3.3.1 (*infra*) van hierdie hoofstuk.

skappy egter ingevolge die gewysigde statute wil optree, sal die posisie volgens Gower<sup>23</sup> die volgende wees, naamlik dat die maatskappy nooit deur 'n wysiging van die statute kontrakbreuk sal kan regverdig nie. Die party wat deur so 'n wysiging geraak word (in hierdie geval byvoorbeeld die skuldeiser), sal die gewone kontraktuele remedies hê. Selfs die moontlikheid van spesifieke nakoming is nie uitgesluit nie. In hierdie geval is daar immers geen statutêre bepaling, soos art 220 van die Wet, wat spesifieke nakoming verbied nie.

### 2.2.2 Stilswyend

Besondere oorwegings kom ter sprake in gevalle waar daar oorweeg moet word of die direkteur se reg op skadevergoeding hoort ontnem kan word (voor ontslag ingevolge art 220 van die Wet) indien hy nie 'n kontrak het wat uitdruklik beding is nie, maar daar 'n kontrak stilswyend uit gedrag tot stand gekom het, met name as inhoud die bepalings van die statute.<sup>24</sup> Twee oorwegings speel 'n besondere rol, naamlik die feit dat die statute nie sonder meer 'n kontrak tussen die direkteur en maatskappy skep nie en tweedens die feit dat daar 'n statutêre bepaling bestaan wat aan die maatskappy die bevoegdheid verleen om die statute by wyse van 'n spesiale besluit te wysig.

Dat die statute nie 'n kontrak tussen die direkteur en die maatskappy tot stand laat kom, bloot uit hoofde van die direkteur se ampsbekleding nie, is inderdaad 'n diep gevestigde be-

---

23. Gower (et al.), op. cit., 559.

24. Sien Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.2.2 (supra).

ginsel.<sup>25</sup> Juis daarom kom dit soms vreemd voor dat die meeste bronne wat hierdie stelling maak ook die mening toegedaan is dat dit tog moontlik is dat 'n kontrak, gebaseer op die statute, stilswyend by wyse van gedrag tot stand kan kom.<sup>26</sup>

Daar is reeds daarop gewys dat dit 'n statutêre bevoegdheid is om die statute te kan wysig, en dat daar nie daaruit gekontrakteer kan word nie.<sup>27</sup> Dit het 'n invloed op die geïmpliseerde kontrak, want die vraag moet nou deurgaans gestel word of daar omstandighede kan bestaan waarin die statutêre bepaling tot wysiging nie deel van die geïmpliseerde kontrak vorm nie.

Teen die agtergrond van hierdie twee beïnvloedende faktore, naamlik die feit dat statute nie per se 'n kontrak tussen die direkteur en die maatskappy skep nie en die feit dat daar 'n statutêre bevoegdheid tot wysiging van die statute bestaan, word die stilswyende kontrak nou in oënskou geneem.

- 
25. De Villiers v Jacobsdal Saltworks (Michaelis and De Villiers) (Pty) Ltd. (supra), 877A; Cilliers en Benadé, op. cit., 85, par. 6.06 en 302, par. 21.11; De Wet en Van Wyk, op. cit., 646; Meskin (red.), op. cit., 205, par. 210; Naudé, op. cit., 80; Leveson, op. cit., 41; Gamble, R.H., A Working Guide to the Administration of Private Companies, 1981, 82; Preis, D.A., "Prevention of the Statutory Removal of Directors", M.B.L., 1983, 115; In re New British Iron Co., Ex parte Beckwith, (1898) 1 Ch. 324 op 326; Gower, L.C.B., "Companies' Removal of Managing Director", M.L.R., 1953, 84 (hierna Gower (managing director) genoem).
26. Botha (some aspects), op. cit., 465 en 466; Meskin (red.), op. cit., 170, par. 161; Gower (et al.), op. cit., 151 en 318; Pennington, op. cit., 58; Loose, op. cit., parr. 8-05(b) en 9-05(h); Schmitthoff, C.M. (et al.) (red.), Palmer's Companies Law, 1982, 817, par. 61-33 (hierna Schmitthoff (red.) genoem).
27. Sien Afdeling 2.2.1 (supra), voetnoot 20, van hierdie hoofstuk.

Die ondersoek is suiwer kontraktueel van aard. Die eerste vraag is wat die inhoud van hierdie kontrak is.<sup>28</sup> Die enigste bron waaruit vasgestel kan word wat die inhoud is, is die statute.<sup>29</sup> Daar sal in ag geneem moet word dat daar nie meer bepalings in hierdie kontrak ingelees mag word as wat werklik deur gedrag tot stand gekom het nie.<sup>30</sup>

'n Benadering wat oorwegend byval vind, is dat daar noodwendig geïmpliseer word dat art 62 van die Wet inderdaad deel vorm van die kontrak wat stilswyend tot stand gekom het. Die direkteur moet dan genoeg neem daarmee dat sy ampsreëling kan wysig soos die statute wysig. Sy ampsreëling kan van tyd tot tyd verander en hy sal hom nie op kontrakbreuk kan beroep as 'n wysiging van die statute (voor ontslag ingevolge art 220 van die Wet) hom remedieloos gelaat het nie.<sup>31</sup> Die wysiging van die kontrak geskied dan "in accordance with and not in breach of his

- 
28. In Ross & Co. v Coleman (supra), 418 word die volgende uit British Equitable Society v Bailey, 1906 A.C. 35 op 36 aangehaal: "the simple question is, what was the contract". Dit is natuurlik 'n feitelike vraag wat kan verskil van geval tot geval. Sien byvoorbeeld R v Mall, 1959(4) S.A. 607(N) op 623B-C en Robinson v Randfontein Estate Gold Mining Co. Ltd., 1921 A.D. 166 op 181.
29. In re T.N. Farrar, Ltd., (1937) 2 All E.R. 505 op 508A word dit treffend soos volg gestel: "It is from (the articles) alone that the terms of the contract can be ascertained."
30. Die benadering in Ally v Dinath, 1984(2) S.A. 451(T), 454G is direk van toepassing: "(One) cannot infer from the conduct of the parties a contract with a greater scope than is indicated by the conduct."
31. De Villiers v Jacobsdal Saltworks (Michaelis and De Villiers Pty Ltd. (supra), 880D-F; Cilliers en Benadé, op. cit., 118, par. 8.18; Hahlo (cases), op. cit., 352; Gower (et al.), op. cit., 318; Pennington, op. cit., 532; Loose, op. cit., par. 8-05(b).

..... contract".<sup>32</sup> Tog word daar ook benadruk dat dit moontlik is dat 'n wysiging van die statute nie altyd 'n wysiging van die stilswyende kontrak tot gevolg sal hê nie. Waar duidelike aanduidings bestaan dat die kontrak nie sal wysig soos die statute wysig nie, kan die direkteur, nieteenstaande die wysiging van die bepalings in die statute waarop sy eis berus, steeds 'n reg op skadevergoeding hê indien die maatskapy ingevolge die gewysigde statute sou optree.<sup>33</sup>

Die Appèlhof-beslissing, Ross & Co. v Coleman,<sup>34</sup> is in hierdie geval van toepassing. In dié saak handel dit oor 'n kontrak wat stilswyend by wyse van gedrag tot stand gekom het, met as inhoud die bepalings van die statute.<sup>35</sup> Die kontrak bevat, net soos die statute, 'n bepaling<sup>36</sup> dat die statute by wyse van spesiale besluit gewysig kan word. Die redenasie van Regter Innes illustreer hierdie punt baie duidelik. Ongeag die feit dat daar 'n uitdruklike bepaling tot wysiging bestaan, sal die wysiging van die statute steeds nie die wysiging van die kontrak tot gevolg hê nie, maar dan moet "the intention of the contracting parties to preserve such right ..... beyond doubt"<sup>37</sup> wees. Of, anders gestel, "any

- 
32. Meskin (red.), op. cit., 187-188, par. 185; Pennington, op. cit., 504.
33. Die ondersoek handel slegs daaroor of, in die gevalle van 'n kontrak wat stilswyend by wyse van gedrag tot stand gekom het, daar omstandighede kan bestaan ingevolge waarvan die werking van art 62 van die Wet by noodwendige implikasie uitgesluit is.
34. Ross & Co. v Coleman, 1920 A.D. 408.
35. Ibid., 417 en 423.
36. Ibid., 416. Die bepaling is "Sec. 135".
37. Ibid., 418. Eie beklemtoning is aangebring.

agreement as between the company and the director, that those benefits shall remain undiminished under all circumstances, must very clearly appear, if it is so to be given effect to".<sup>38</sup> Die Ross-uitspraak is gelewer nog voordat 'n bepaling op die wetboek geplaas is ingevolge waarvan die statute van 'n maatskappy gewysig kon word. Dit raak egter nie die beginsel wat hier van toepassing is nie.<sup>39</sup>

Die afleiding kan dus gemaak word dat, alhoewel duidelike aanduidings nodig is, dit ook in die geval van 'n gefingeerde kontrak moontlik is dat die wysiging van die statute nie in alle gevalle die direkteur se kontraktuele regte sal aantast nie. Dit is die geval ongeag die feit dat dit nie moontlik is om die wysiging van die statute by wyse van interdik te voorkom nie.<sup>40</sup>

Die enigste beginsels wat hier toegepas is, is die gewone beginsels van toepassing op die implisering van sekere bepalinge in 'n kontrak. Dit is dan ook die enigste bevredigende verklaring vir Byron v Cape Sundays River Settlements.<sup>41</sup> Die kontrak van die direkteur was geheel en al op die statute gebaseer.<sup>42</sup> Die direkteur was vir 'n vaste tydperk en teer

---

38. Ross & Co. v Coleman (supra), 419. Eie beklemtoning.

39. Ibid., 424. Regter Solomon verduidelik dit soos volg : "In the present case, indeed, it is under power conferred not by statute, but by one of the Articles of Association, that the change is made, but that does not affect the principle there laid down" (eie beklemtoning).

40. Sien Afdeling 2.2.1 (supra), voetnote 17-20 van hierdie hoofstuk.

41. Byron v Cape Sundrays River Settlements Ltd., 1923 E.D.L. 117.

42. Ibid., 123.

'n vaste salaris aangestel. Hieruit word die noodwendige afleiding gemaak dat ontslag, selfs al het die bevoegdheid daartoe in die statute bestaan, nie "otherwise than in accordance with the terms of the agreement under which he was appointed"<sup>43</sup> mag geskied nie. Daar word gesteun op Nelson v James Nelson & Sons, Ltd.<sup>44</sup> en as motivering word "equity and commonsense (sic)"<sup>45</sup> genoem. Daar word egter aan die hand gedoen dat die noodwendige implisering van terme in 'n kontrak 'n meer gefundeerde verklaring vir Byron se saak is.

In die appèl van Read v Astoria Garage (Streatham) Ltd.<sup>46</sup> word die noodwendige implikasie dat die kontrak nie sal wysig soos die statute wysig nie, alleenlik gefundeer op die feit dat 'n "afsonderlike kontrak"<sup>47</sup> bestaan. Dat so 'n kontrak ook 'n wyse is waarop so 'n afleiding kan berus, en inderdaad 'n besonder oortuigende wyse is, word nie ontken nie. Dat dit die enigste wyse is waarop so 'n afleiding kan berus, is egter soos in die vorige paragraaf aangetoon, nie juis nie.

Die laaste aspek in verband met die kontrak wat stilswyend by wyse van gedrag tot stand kom, het betrekking op die vraag of dit enigsins waarde het om die bestaan van so 'n kontrak te

---

43. Ibid., 125 en 127.

44. Supra.

45. Byron v Cape Syndicate River Settlement (supra), 124-125.

46. Read v Astoria Garage (Streatham) Ltd., (1952) 1 Ch. 637 op 643.

47. Aangaande die begrip "afsonderlike kontrak" - sien Hoofstuk 5, Afdeling 2.1 (supra), voetnote 3-6.



erken. Die antwoord is van belang omdat dit mag voorkom of die maatskappy die direkteur in die meeste gevalle van enige reg wat hy ingeolge so 'n kontrak mag hê, kan ontnem. Dit kan natuurlik tot gevolg hê dat dit sinneloos is om erkenning daaraan te gee dat so 'n kontrak hoegenaamd bestaan.

In ten minste twee gevalle kan die erkenning van die bestaan van so 'n kontrak van besondere betekenis wees. Eerstens verleen dit aan die direkteur, wat ook 'n aandeelhouer is, 'n mate van beskerming. Terwyl die direkteur nie voldoende stemreg mag hê om 'n gewone besluit ingeolge art 220 van die Wet af te weer, en om sodoende sy ontslag te voorkom nie, sal hy moontlik steeds genoeg stemme kan uitbring om 'n spesiale besluit af te weer. So 'n spesiale besluit kan die statute wysig en ook die ontneming van die reg op skadevergoeding wat die betrokke direkteur mag hê, meebring. Die tweede geval waarin dit waardevol kan wees om erkenning te verleen aan die bestaan van die kontrak wat stilswyend by wyse van gedrag tot stand kom, is in die geval van likwidasie. In hierdie geval sal die maatskappy sekerlik nie terwyl dit in likwidasie is, die direkteur die reg op skadevergoeding kan ontnem nie. Alhoewel die direkteur nie 'n preferente skuldeiser is nie, is hy desnieteenstaande steeds 'n skuldeiser.<sup>48</sup>

- 
48. Bulmer v Woollens Ltd. (In liq.), 1926 C.P.D. 459 op 466; Meskin (red.) op. cit., 206, par. 210; Loose, op. cit., par. 8-05(b). Indien die benadering van Cilliers en Benadé, op. cit., 610, par. 34.83 oorweeg word, kan beswaarlik gesê word dat die algemene vergadering (sien par. 34.84), vir die doeleindes van ontneming van sy eis, hom steeds as direkteur kan ag. Sy regte is op die oomblik van likwidasie reeds vasgestel. Sien ook Boyle en Sykes (red.), op. cit., par. 25-13; Schmitthoff (red.), op. cit., 816, par. 61-33.

### 2.3 Samevatting

Die moontlikheid bestaan inderdaad dat die maatskappy die direkteur sy reg op skadevergoeding kan ontnem. Hierdie probleem kan egter oorbrug word deur uitdruklik tot die teendeel te beding, maar dit is ietwat moeiliker in gevalle waar daar nie sodanige uitdruklike kontrakte bestaan nie. Hier is die enigste oplossing om die omstandighede van die besondere geval te ondersoek, en om dan algemene kontraktuele beginsels daarop toe te pas. Veralgemening op hierdie gebied is egter riskant en dra beslis nie tot regsekerheid by nie. Duidelike riglyne kan gevolglik slegs uitkristalliseer indien veralgemening vermy word en suiwer kontraktuele beginsels nougeset toegepas word.

## 3. DIE BESTURENDE DIREKTEUR

### 3.1 Oorsig

Daar word in beginsel met Gower<sup>49</sup> saamgestem dat daar geen klaarblyklike rede bestaan waarom die besturende direkteur anders as enige ander direkteur behandel moet word nie. Ook wat die besturende direkteur betref, moet die vraag voortdurend wees of ontslag ingevolge art 220 van die Wet geskied het, en indien wel, of daar 'n kontrak<sup>50</sup> bestaan wat die direkteur, kragtens art 220(7) van die Wet, op skadevergoeding geregtig maak.

In die geval van 'n besturende direkteur bestaan daar egter ge-

---

49. Gower (et al.), op. cit., 559.

50. Sien Hoofstuk 2, Afdeling 3.2 (supra) en Afdeling 2.2 (supra) van hierdie hoofstuk.

woonlik 'n uitdruklik bedonge kontrak.<sup>51</sup> Hierdie kontrak kan in bepaalde gevalle as 'n dienskontrak<sup>52</sup> aangemerkt word. Dié twee moontlikhede verskaf voldoende motivering vir die feit dat die besturende direkteur in die huidige bespreking afsonderlik aandag geniet.

### 3.2 Onderliggende Beginsels

Die beginsels wat die uitdruklik bedonge kontrak van die besturende direkteur ten grondslag lê, kan aan die hand van twee benaderings verduidelik word.

- a. In die eerste benadering word die tydperk van aanstelling as vertrekpunt gebruik.<sup>53</sup>

Waar 'n spesifieke tydperk wel bestaan, sal die direkteur, indien hy ingevolge art 220 van die Wet ontslaan word, nie sy reg op skadevergoeding ontnem kan word nie. Die motivering vir hierdie benadering is dat, alhoewel die statute die bevoegdheid daar kan stel dat besturende direkteurskap saam met direkteurskap beëindig word (- dit is immers wat gebeur as die direkteur ingevolge art 220 van die Wet ontslaan word) én die statute die bevoegdheid tot herroeping van die aanstelling as besturende direkteur daarstel, dit ondergeskik geag moet word aan die bevoegdheid wat die direksie mag hê om 'n besturende direkteur

---

51. Naudé, op. cit., 48 en 80.

52. Sien Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.3.4 (supra), voetnote 90-95-97.

53. Meskin (red.), op. cit., 199, par. 205; Pennington, op. cit. 531; Gower (et al.), op. cit., 151; Boyle en Sykes (red.), op. cit., par. 26-8.

vir 'n spesifieke tydperk teen 'n bepaalde vergoeding aan te stel. Dit is dan ook die toedrag van sake wanneer Tabel A of B<sup>54</sup> van die Eerste Bylae tot die Wet as statute aanvaar is. Die bevoegdheid tot aanstelling én reëling van die amp van besturende direkteur word verleen en terselfdertyd word die bevoegdheid geskep dat die "aanstelling herroep" kan word, maar "onderworpe aan die bedinge van 'n ooreenkoms wat in 'n besondere geval aangegaan is".<sup>55</sup> In die geval van Tabel A en B<sup>56</sup> van die Eerste Bylae tot die Wet kom besturende direkteurskap vanself tot 'n einde sodra direkteurskap beëindig word.

Indien geen tydperk van aanstelling bestaan nie, moet daar aanvaar word dat die direksie die besturende direkteurskap op enige tydstip kan herroep. Die reg op skadevergoeding kan hom dan so ontnem word.<sup>57</sup> Die enigste vereiste wat daar gestel word, is dat daar redelike kennis gegee moet word van die beëindiging.<sup>58</sup> Waar daar geen

---

54. Reëls 60 en 61 onderskeidelik.

55. Ibid.

56. Reëls 61 en 62 onderskeidelik.

57. Sien Afdeling 2.2 (supra) van hierdie hoofstuk. Sien ook Meskin (red.) op. cit., 199, par. 205; Pennington, op. cit., par. 531.

58. Hahlo (cases) op. cit., 337; Leveson, op. cit., 30 en 33; James v Thomas H. Kent & Co. LD., (1951) 1 K.B. 551 op 555 en 556; Pennington, op. cit., 504 en 531; Powell-Smith, V., The Law and Practice Relating to Company Directors, 1969, 43 en 45; Loose, op. cit., parr. 8-09(a)(4) en 8-09(c). Sien ook Tiopaizi v Bula-wayo Municipality, 1923 A.D. 326; Van Jaarsveld, S.R. (et al.),

redelike kennis gegee is nie, sal dit 'n aansienlik verskil maak in die posisie waarin die direkteur hom kan bevind.<sup>59</sup>

Die bronne<sup>60</sup> wat die tydperk van aanstelling as verklaring gebruik vir waarom die direkteur in bepaalde gevalle die reg op skadevergoeding ontnem kan word, verskaagter nie altyd voldoende kwalifikasies nie. Die feit bestaan dat 'n uitdruklik bedonge kontrak hier voorhande is. Die gevolg daarvan is dat ander oorwegings, soos die noodwendige implikasie van bepalinge, ook 'n rol in die uitleg daarvan kan speel. So 'n beskouing kan vergesog voorkom maar as die tydperk van aanstelling as motivering gebruik word, sal die redenasie enduit gevoer moet word. As illustrasie word die volgende ter oorweging gegee : ook die tydperk van aanstelling kan by noodwendige implikasie deel vorm van 'n uitdruklik bedonge kontrak.<sup>61</sup>

---

Die Suid-Afrikaanse Handelsreg, Vol. II, 1983, 58, 77 en 102; Guntton v London Borough of Richmond, (1980) 3 All E.R. 577 op 589j en 590b-h; Hill v C.A. Parsons & Co., Ltd., (1971) 3 W.L.R. 995 op 999H - 1000C; Adams v Union Cinemas Ltd., (1939) 3 All E.R. 130 op 138B-C, 139H, 140G en veral 141H en 142B-C.

59. Die benadering van Adams, P.R., The Law and Practice Relating to Company Directors in Australia, 1970, 70 illustreer die moontlike gevolge wat geen kennisgewing aan die posisie van die direkteur kan maak : "By analogy it might be expected that a senior executive in a substantial company would be entitled to six months' notice in ordinary circumstances, and this means six months' notice or six months' salary in lieu of notice plus salary to date and, where applicable, holiday pay and long service leave pay."
60. Meskin (red.), op. cit., 199, par. 205; Pennington, op. cit. 531.
61. Bon Accord Irrigation Board, 1923 A.D. 480; Strachan v Lloyd Levy, 1923 A.D. 670. Sien die interessante benadering in die VS.

Sodanige aanstelling moet dan beskou word as 'n aanstelling waarin 'n spesifieke tydperk beoog is, alhoewel daar nie 'n uitdruklike beding tot dien effekte bestaan nie. Dieselfde oorweging, ten opsigte van die "potensiële" ontneming van die reg op skadevergoeding, wat geld waar 'n spesifieke tydperk van aanstelling wel bestaan, sal dan toegepas moet word; ontneming van die reg is nie moontlik as die direkteur ingevolge art 220 van die Wet ontslaan word nie.

- b. Volgens die tweede benadering word die posisie van die besturende direkteur, wat 'n uitdruklik bedonge kontrak het, aan die hand van die implisering van bepalinge in uitdruklik bedonge kontrakte verklaar.<sup>62</sup>

---

- Tobias, P.H., "Can you help me I've been fired", AM. BAR A.J., April, 1984, 70 verwys na Toussaint v Blue Cross and Blue Shield of Michigan, 292 N.W. 2d 880 (Mich. 1980) waarin 'n "express contract" bestaan het en "the court found an implied promise of job security". Die skrywer Cathcart, D.A. en Kruse, S.A., "The new American Law of Wrongful Termination", I.B.L., Februarie, 1984, 74 verwys weer na Pugh v See's Candies, Inc., 116 Cal. App. 3d 311, 329, 171 Cal. Rptr. 917, 927 (1981) waarin die kontrak sowel as die tydperk geïmpliseer is.

62. De Villiers v Jacobsdal Salt Works (Michaelis and De Villiers) (supra) is obiter ten opsigte van hierdie punt aangesien dit daarin gehandel het oor 'n gefingeerde kontrak. Die algemene beginsel bly egter dieselfde en vind ook hier toepassing (sien 878G en 880A). Sien ook Schmitthoff (red.), op. cit., 832-835, parr. 62-11 tot 62-13; Gower (managing director), op. cit., 84; Powell-Smith, op. cit., 37 en 39; Pennington, op. cit., 85; Boyle en Sykes (red.), op. cit., par. 26-8. Dit is as gevolg van die feit dat Naudé, op. cit., 86 nie aanvaar dat daar in sekere gevalle wel die moontlikheid van die implisering van bepalinge van die statute in die uitdruklik bedonge kontrak kan wees, wat tot die skrywer se verklaring van die Shuttleworth- en De Villiers-sake lei: "Die bevredigende verklaring vir die uitslag in beide sake is eenvoudig dat 'n direkteur wat nie sy amp kontraktueel met die maatskappy gereël het nie, maar verlief moet neem met die wysiging van sy ampsreëling in die statute."

Die bronne wat die implisering van bepalinge in uitdruklik bedonge kontrakte gebruik, voer aan dat die bepalinge in die statute, wat die wysiging daarvan reël, in sekere gevalle as deel van die uitdruklik bedonge kontrak geïmpliseer kan word. In so 'n geval sal die direkteur hom nie daarvoor kan bekla dat sy reg op skadevergoeding deur 'n wysiging van die statute tot 'n einde gebring is nie. Gower<sup>63</sup> beskou die verontagsaming van die bepalinge van die statute deur die direkteur as onverskoonbaar. Sou die direkteur sy posisie wou verskans, sou daar uitdruklik daarvoor beding moet word. Vanweë sy besondere posisie, sal die direkteur nie onkunde van die bepaling wat wysiging van die statute reël, as verweer kan opper nie.

Hierdie bronne is egter ook die mening toegedaan dat die bepalinge in die statute, wat wysiging daarvan reël, in ander gevalle nie sonder meer in die uitdruklik bedonge kontrak geïmpliseer kan word nie. Die rede waarom hulle tot hierdie slotsom kom, is dat oorwegings wat die nie-implisering tot gevolg het, in hierdie gevalle die swaarste weeg. In so 'n geval kan die direkteur nie, voor ontslag ingevolge art 220 van die Wet, sy reg op skadevergoeding deur 'n toepaslike wysiging van die statute ontnem word nie.

Word hierdie twee benaderings onder die loep geneem, is die enigste gevolgtrekking waartoe daar gekom kan word, dat beide tot dieselfde eindresultaat lei. Die beskouing vanaf die kant van die tydperk van aanstelling is ietwat meer prakties gerig, terwyl die benadering wat die implisering van bepalinge aangaan, meer beginsel-georiënteerd is. In beide gevalle word daar egter op presies dieselfde gesag gesteun om dié eindresultaat te bereik.

---

63. Op. cit., 84.

Samevattend word oorweging geskenk aan 'n paar gewysdes wat op die besturende direkteur van toepassing is. Na die saak Read v Astoria Garage (Streatham)<sup>64</sup> het daar heelwat verwarring geheers. Laasgenoemde saak, en ook die appël daarvan,<sup>65</sup> word ongetwyfeld verskillend geïnterpreteer.<sup>66</sup> Wat ook al die interpretasie daarvan is en hoe Southern Foundaries (1926) Ltd. v Shirlaw<sup>67</sup> ook al verstaan moet word, die onduidelikheid is ten einde laas deur Shindler v Northern Raincoat Co. Ltd<sup>68</sup> uit die weg geruim. Die onderliggende ratio waarop al die pasvermelde sake berus, word in Stirling v Maitland<sup>69</sup> gevind. Dit word in Shindler se saak soos

- 
64. Read v Astoria Garage (Streatham) Ltd., (1952) 1 All E.R. 922.
65. Read v Astoria Garage (Streatham) Ltd., (*supra*).
66. Vergelyk onder andere Gower (managing director), *op. cit.*, 84; Powell-Smith, *op. cit.*, 39; Schmitthoff (red.), *op. cit.*, 834-835, par. 62-13; Leveson, *op. cit.*, 30; Shindler v Northern Raincoat Co. Ltd., (1960) 2 All E.R. 239 op 246C-248B, maar veral 248B.
67. Southern Foundaries (1926), Ltd. v Shirlaw, (1940) 2 All E.R. 445. In Shindler v Northern Raincoat Co. Ltd. (*supra*), 244E-F word die volgende opmerking aangaande die Southern Foundaries-saak gemaak: "That case was somewhat complicated and gave rise to a division of opinion ....." (eie beklemtoning). In Read v Astoria Garage (hof a quo) (*supra*), 924G sê Hartman J die volgende van die Southern Foundaries-saak: "I do not think, in view of the unfortunate differences of opinion which made themselves plain, that case helps very much."
68. *Supra.*, 244C-D, word die twee tipes benaderings soos in paragrawe (a) en (b) verduidelik, gepas geïllustreer. Sien ook die opmerking van Leveson, *op. cit.*, 30 hieroor.
69. Stirling v Maitland, 122 E.R. 1043, soos aangehaal in Shindler v Northern Raincoat Co. Ltd. (*supra*), 244G-H.



volg verduidelik :70

"(I)f a party enters into an arrangement which can only take effect by the continuance of a certain existing state of circumstances, there is an implied engagement on his part that he shall do nothing of his own motion to put an end to that state of circumstances, under which alone the arrangement can be operative."

Om die praktiese toepassing van die beginsel beter te begryp, moet dit in terme van die direkteur- en besturende direkteurskap verklaar word. In die Shindler-saak is die eiser naamlik onregmatig ontslaan, aangesien dit 'n geïmpliseerde term van die kontrak was dat die maatskappy nie die eiser uit sy amp as direkteur of besturende direkteur sou ontslaan nie.<sup>71</sup>

Die interessantheid wat uit die oorweging van bogenoemde beslissings na vore kom, is dat die aanwending van dieselfde beginsel, naamlik die implisering van terme in 'n uitdruklik bedonge kontrak, tot presies die teenoorgestelde gevolge kan lei. In die Read-saak het die implisering van sekere bepalinge van die statute in die kontrak tot gevolg gehad dat die ontslag in ooreenstemming met die kontrak plaasgevind het. In Shindler se saak was die implisering van die bepaling, dit wil sê dat niks gedoen sou word om die persoon as direkteur te ontslaan, wat ook die beëindiging van besturende direkteurskap sou meebring nie, weer daarvoor verantwoordelik dat kontrakbreuk gepleeg was.

---

70. Shindler v Northern Raincoat Co. Ltd. (supra), 244G-H.

71. Ibid., 244H-I; Powell-Smith, op. cit., 39.

### 3.3 Die Dienskontrak

#### 3.3.1 Spesifieke Nakoming Statutêr Uitgesluit

Indien art 220(1)(a) van die Wet van naderby beskou word, word daar tot die gevolgtrekking gekom dat dit op twee afsonderlike bene rus. Eerstens sal enige bepaling in die akte of statute van 'n publieke maatskappy<sup>72</sup> wat meer as 'n "gewone besluit"<sup>73</sup> vir ontslag van 'n direkteur vereis, geïgnoreer kan word.<sup>74</sup> In die tweede plek bepaal art 220(1)(a) van die Wet dat 'n ooreenkoms<sup>75</sup> tussen die direkteur en die maatskappy ook geïgnoreer kan word.<sup>76</sup> Al bots ontslag met so 'n ooreenkoms, kan ontslag nie deur 'n beroep op die

---

72. In private maatskappye kan besondere oorwegings ten opsigte van die belading van stemme ter sprake kom - sien Hoofstuk 8, Afdeling 3.3 (infra).
73. Sien Hoofstuk 3, Afdeling 2.5 (supra), voetnoot 31. Sien ook De Wet en van Wyk, op. cit., 645, voetnoot 797; Oosthuizen, M.J., "Swerdlow v Cohen" 1977(1) S.A. 178(W)", T.S.A.R., 1977, 167; Cartoon, op. cit., 20.
74. In Swerdlow v Cohen, 1977(3) S.A. 1050(T), 1054B word dit soos volg verduidelik: "What the section (art 220(1) van die Wet) in effect provides is that nothing in the memorandum or articles may impair the power of a company to pass an ordinary resolution for the removal of a director" (eie beklemtoning).
75. Ibid, 1054. In Consolidated Frame Cotton Corporation Ltd. v Minister of Manpower, 1985(1) S.A. 191(D), 206F kom die volgende voor: "The word 'agreement' per se is, of course, capable of bearing more than one meaning. It can be synonymous with 'contract', ..... or it can merely signify consensus ....." Soos gebruik in art 220 van die Wet het die woord "ooreenkoms" betrekking op die eerste betekenis.
76. Sien Hoofstuk 3, Afdeling 2.5 (supra); Gamble, op. cit., 81.

ooreenkoms voorkom word nie.<sup>77</sup> Op grond van die soortgelyke uitleg wat aan hierdie twee bene van art 220(1)(a) van die Wet geheg word, is die enigste afleiding dat die Wetgewer, in die geval van 'n ooreenkoms tussen die direkteur en die maatskappy, spesifieke nakoming daarvan statutêr uitgesluit het.<sup>78</sup>

### 3.3.2 Spesifieke Nakoming in die Engelse en Suid-Afrikaanse reg

#### 3.3.2.1 Oorsig

Daar kan weinig twyfel daarvoor bestaan dat art 220 van die Wet op die lees van art 184 van die Companies Act 1948 (tans art 303 van die 1985 Act) geskoei is. Waar dit hier handel oor 'n statutêre middel wat die moontlikheid van spesifieke nakoming uitsluit, is dit van belang om op die verskille tussen die Engelse en Suid-Afrikaanse reg ten opsigte van spesifieke nakoming te let.

De Wet en Van Wyk<sup>79</sup> wys daarop dat die algemene reël wat in die Suid-Afrikaanse reg geld, is dat die eiser altyd geregtig is op spesifieke nakoming van 'n kontrak. Daar mag egter uitsonderings op hierdie reël bestaan, soos ook blyk uit Haynes

---

77. De Wet en Van Wyk, op. cit., 646; Milne (red.) op. cit., 386 en 387.

78. ibid.

79. Op. cit., 190-191. Sien ook Ranch International Pipelines (Transvaal) (Pty) Ltd. v LMG Construction (City) (Pty) Ltd., 1984(3) S.A. 861(W), 879F-I. Daar kan nie met sekerheid gesê word of Van Jaarsveld (Vol. II), op. cit., 78 die dienskontrak altyd as 'n uitsondering op die algemene reël beskou nie. Die ware Romeins-Hollandse grondslag vir spesifieke nakoming word treffend verduidelik in Thompson v Pullinger, (1894) 1 O.R.C. 298 op 301.

v Kingwilliamstown Municipality.<sup>80</sup> Die dienskontrak word egter as geen besondere uitsonderingsgeval beskou nie. In die Engelse reg is die posisie omgekeerd. "Specific performance" word daar by wyse van uitsondering, as 'n tegemoetkoming<sup>81</sup> aan die eiser verleen. Die reël is dat die hof moet weier om spesifieke nakoming te beveel indien dit moeilik is om toesig oor die bevel uit te oefen. Veral die dienskontrak word beskou as 'n geval waarin dit moeilik is om toesig oor die bevel uit te oefen, en gevolglik word spesifieke nakoming van dié kontrak nie sonder meer beveel nie.

### 3.3.2.2 Die Suid-Afrikaanse reg : Spesifieke Nakoming van Dienskontrakte

In die Suid-Afrikaanse reg is die beginsels ten opsigte van die dienskontrak, wat so pas uiteengesit is, wel al suiwer toege-

---

80. Haynes v Kingwilliamstown Municipality, 1951(2) S.A. 371(A), 378H.

81. De Wet en Van Wyk, op. cit., 190; Ranch International Pipelines (Transvaal) (Pty) Ltd. v IMG Construction (Pty) Ltd. (supra), 879G-H. Die standpunt is al ingeneem dat die Engelse reg wel op hierdie stadium van ontwikkeling spesifieke nakoming van die dienskontrak nie meer as so 'n besondere uitsonderingsgeval beskou nie - Brassey, M.S.M., "Specific Performance - A New Stage for Labour's Lost Love", I.L.J., 1981, 59. Dat dit egter by wyse van uitsondering geskied word aangetoon deur Page, A., "UK Developments relating to Unlawful Termination of Employment Contracts", I.B.L., Februarie, 1984, 69. Die saak waarna laasgenoemde skrywer verwys, is 'n voorbeeld waarin spesifieke nakoming toegestaan is, maar dat dit 'n uitsonderlike feitekomples was, blyk uit die volgende bladsyverwysings : Hill v C.A. Parsons and Co., Ltd. (supra), 1000F-G, 1001B-H en 1002A. Dat die toestaan van spesifieke nakoming van die dienskontrak in die Engelse reg eerder die uitsondering as die reël is, blyk ook uit Thomas Marshall (Exports) Ltd. v Guinie, (1978) 3 All E.R. 193 op 203d en 205d-f; Gunton v London Borough of Richmond upon Thames (supra), 589g-h en 592g.

pas. Dit is naamlik in National Union of Textile Workers v Stag Packings (Pty) Ltd.<sup>82</sup> waarin verwys word na Schierhout v Minister of Justice.<sup>83</sup> In laasgenoemde uitspraak is die beginsel neergelê dat die hof nie spesifieke nakoming vir die lewering van persoonlike dienste sal beveel nie. Daar is op Engelse gesag gesteun. Regter Dijkhorst wys op die onderskeid wat tussen openbare amptenare en gewone werknemers in die Schierhout-saak<sup>84</sup> getref word, maar ag hierdie onderskeid onnodig.<sup>85</sup> Die Stag Packings-saak word bloot op grond van die gewone beginsels van spesifieke nakoming beslis:

"In our law the grant of specific performance does not rest upon any special jurisdiction. It is an ordinary remedy to which in a proper case an applicant is entitled. The court has, however, a discretion whether to grant the order or not. Generally speaking specific performance will be refused where

- 
82. National Union of Textile Workers v Stag Packings (Pty) Ltd. 1982(4) S.A. 151(T). Sien ook Millin, P. en Wille, G., Wille and Millin's Mercantile Law of South Africa, 1984, 119-121.
83. Schierhout v Minister of Justice, 1926 A.D. 99 - National Union of Textile Workers v Stag packings (Pty) Ltd. (supra), 153. Sien ook Myburg v Daniëlskuil Munisipaliteit, 1985(3) S.A. 335(N) 346H-I; National Industrial Council of the Leather Industry of S.A. v Parshotam & Sons (Pty) Ltd., 1984(1) S.A. 277(D), 281G-H.
84. National Union of Textile Workers v Stag Packings (Pty) Ltd. (supra), 154E-F. Sien ook Zamir, I., "Invalidity of Dismissal from Public Employment", M.L.R., 1958, 408.
85. National Union of Textile Workers v Stag Packings (Pty) Ltd. (supra), 155G-H en 158C-D. In SA Diamond Workers' Union v The Master Diamond Cutters Association of SA, 1982 I.L.J. 87 op 138F-G word die onderskeid tussen die gemeenregtelik- en statutêre-gereëldede posisie streng getrek. Waar statutêre sanksie aan 'n kontrak verleen word, is dit seker dat "a determination providing for reinstatement may be made" (111G-H en 138H-140A).

it would be inequitable in all the circumstances or where, from a change of circumstances or otherwise, it would be 'unconscientious' to enforce a contract specifically."<sup>86</sup>

Die Regter sit vervolgens die algemene beginsels, wat vervat is in Haynes v Kingwilliamstown Municipality<sup>87</sup> en wat deur die hof tydens die toestaan van spesifieke nakoming gebruik moet word, uiteen. Daar word ook verwys na spesifieke nakoming in die geval van 'n vertrouensverhouding<sup>88</sup> en in die geval van die lewering van dienste.<sup>89</sup> Na 'n ontle-

---

86. National Union of Textile Workers v Stag Packings (Pty) Ltd. (supra), 155H - 156A; Millin en Wille, op. cit., 119-120.

87. National Union of Textile Workers v Stag Packings (Pty) Ltd. (supra), 165A-D waar die beginsels uit die Haynes-saak soos volg saamgevat word :

- "1. The discretion must be exercised judicially. It is not arbitrary or capricious but sound and reasonable.
2. It is not confined to specific types of cases.
3. It is not circumscribed by rigid rules.
4. Though it governs itself as far as it may by general rules and principles, it at the same time withholds or grants relief according to the circumstances of each particular case when these rules and principles will not furnish any exact measure of justice between the parties.
5. As each case must be judged in the light of its own circumstances it is not possible to lay down any rules and principles which are absolutely binding in all cases.
6. The most that can be done is to bring under review some of the leading principles and exceptions which the past times have furnished as guides to direct and aid our future enquiries."

88. Ibid., 156E met 'n verwysing na Diner v Dublin, 1962(4) S.A. 36(N).

89. National Union of Textile Workers v Stag Packings (Pty) Ltd. (supra), 156E met 'n verwysing na Johannesburg Stock Exchange v Northern Transvaal (Messina) Copper Exploration Co., 1945 A.D. 529. By hierdie twee voorbeelde kan met groot vrug die ongerap-

ding van gesag ten opsigte van spesifieke nakoming van dienskontrakte, word daar tot die volgende insiggewende en myns insiens korrekte gevolgtrekking gekom :<sup>90</sup>

"The Appellate Division did not in Haynes' case, when laying down the approach to the granting of orders for specific performance, exclude the case of an ordinary servant. In my view the approach to the application of the discretion in respect of specific performance laid down in Haynes' case is equally applicable to the case of the wrongful dismissal of an ordinary servant."

### 3.3.3 Spesifieke Nakoming en die Statutêre Reëling

Indien die beginsels ten opsigte van spesifieke nakoming van dienskontrakte soos hierbo uiteengesit, korrek is,<sup>91</sup> raak dit die uitleg van art 220(1)(a) van die Wet ten nouste. Alhoewel laasgenoemde subartikel die moontlikheid van spesifieke

---

porteerde uitspraak van Regter Leveson, 30 Julie 1984, W.L.D., Reymond v Addolnabi (15172/84) gevoeg word. Veral op 10, reëls 8-24.

90. National Union of Textile Workers v Stag Packings (Pty) Ltd. (supra), 158C-D. Sien ook Myburg v Daniëlsskull Munisipaliteit (supra), 347A; Ranch International Pipelines (Transvaal) (Pty) Ltd. v LMG Construction (City) (Pty) Ltd. (supra), 879F-I; National Industrial Council of the Leather Industry of SA v Parshotam & Sons (Pty) Ltd. (supra), 281H. Vergelyk ook Millin en Wille, op. cit., 119-121 en Kachelhoffer, G.C., "Boekbesprekings", D.R., 1984, 503.
91. Myns insiens is die benadering in die Stag Packings-saak wel korrek. Sien ook Ranch International Pipelines (Transvaal) (Pty) Ltd. v LMG Construction (City) (Pty) Ltd. (supra), 879G-F; Millin en Wille, op. cit., 120.

nakoming van 'n ooreenkoms tussen die direkteur en die maatskappy in sy hoedanigheid as direkteur uitsluit, word daar niks in die subartikel vermeld van die direkteur in sy hoedanigheid as byvoorbeeld werknemer nie. Die probleme wat hier voorsien word, het nie betrekking op die gevalle waarin die direkteur net 'n werknemer in die gewone sin van die woord is nie. Dat ontslag as direkteur nie sonder meer 'n beëindiging van so 'n dienskontrak tot gevolg het nie,<sup>92</sup> behoort, as gevolg van die duidelike onderskeid tussen die hoedanighede waarin die direkteur en werknemer staan, nie probleme op te lewer nie.<sup>93</sup> Waar die direkteur egter 'n besturende direkteur is en ook in daardie hoedanigheid 'n dienskontrak met die maatskappy het,<sup>94</sup> is die aangeleentheid meer gekompliseerd. As die algemene benadering in die Suid-Afrikaanse reg ten opsigte van spesifieke nakoming van dienskontrakte in ag geneem word, kan daar nie sonder meer beweer word dat ontslag as direkteur die dienskontrak ook eensydig tot 'n einde laat kom nie.<sup>95</sup> Die situasie sal uit die aard van die saak anders daar uitsien as die dienskontrak 'n bepaling bevat wat dit uitdruklik stel dat die dienskontraktuele verhouding beëindig word

- 
92. Let daarop dat direkteursontslag hier eerste plaasvind en verlies van werknemerskap dan as gevolg daarvan plaasvind.
93. Sien Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.3.3 (supra), voetnote 73 en 74 en die verwysings wat daarin gegee word.
94. Sien Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.3.4 (supra), voetnote 90, 95-97.
95. Dat 'n dienskontrak eensydig deur die werkgewer opgesê kan word, word nie meer vandag as geldende reg aanvaar nie. Sien onder andere Brassej, op. cit., 59; National Union of Textile Workers v Stag Packings (Pty) Ltd. (supra), 155G; Kachelhoffer, op. cit., 503; Thomas Marshall (Exports) Ltd. v Guinle (supra), 200d-e, 202c-d en veral 205e-f; Gunton v London Borough of Richmond upon Thomas (supra), 588j - 589b.



sodra besturende direkteurskap of direkteurskap tot 'n einde kom. Dat dit as 'n geïmpliseerde term van die dienskontrak beskou moet word dat die kontrak tot 'n einde kom sodra besturende direkteurskap of direkteurskap beëindig word, kan nie ongekwalifiseerd as algemene reël gestel word nie. Elke geval sal volgens meriete beoordeel moet word.

Die verskil wat hier getref is tussen besturende direkteurskap en 'n dienskontraktuele verhouding waarin die besturende direkteur teenoor die maatskappy kan staan, moet ook nie verwar word met die geval waarin die direkteur ontslaan word en sy posisie as besturende direkteur in gedrang kom nie; ook hier sal die beëindiging van die direkteurskap, die besturende direkteurskap en die dienskontraktuele verhouding afsonderlik beskou en beoordeel moet word.<sup>96</sup> Wat die beëindiging van direkteurskap en die gepaardgaande beëindiging van besturende direkteurskap betref, bepaal Reëls 61 en 62 van Tabel A en B (onderskeidelik) van die Eerste Bylae tot die Wet byvoorbeeld dat 'n persoon se besturende direkteurskap beëindig word "as hy om enige rede ophou om direkteur te wees". Al kom daar wel so 'n bepaling in die statute voor, of al kan die afleiding gemaak word dat besturende direkteurskap vanself saam met direkteurskap beëindig word,<sup>97</sup> sal werknemerskap steeds afsonderlik beoordeel moet word.

---

96. Sien Hoofstuk 2, Afdelings 3.2.3.3 en 3.2.3.4 (supra).

97. Read v Astoria Garage (Streatham) Ltd. (a quo-saak) (supra); Bluett v Stutchbury's Ltd., (1908) 24 T.L.R. 469(C.A.); Leveson, op. cit., 29; Boyle en Sykes (red.), op. cit., par., 26-8; Pennington, op. cit., 531; Adams, op. cit., 63-64 en 68. In die Verslag van die Kommissie van Onderzoek insake die Wysiging van die Maatskappywet, U.G. 69/1948, par. 125 (hierna die Millinverslag genoem), word dit gestel dat "die benoeming van 'n besturende direkteur daarvan afhanklik (is) dat hy 'n direkteur moet wees". Ex contrariis moet afgelei word dat die beëindiging van direkteurskap ook besturende direkteurskap tot 'n einde laat kom.

Ongekwalifiseerde stellings in verband met byvoorbeeld besturende direkteurskap en werknemerskap kan beswaarlik gemaak word. Die rede hiervoor lê weer eens daarin opgesluit dat die ware regsposisie van die besturende direkteur in onsekerheid gedompel is.<sup>98</sup> Indien daar aanvaar word dat die besturende direkteur qua besturende direkteur, 'n werknemer is,<sup>99</sup> beteken dit ook dat ontslag as besturende direkteur sonder meer ook sy werknemerskap, as besturende direkteur, tot 'n einde kan laat kom. Word die onderskeid tussen besturende direkteurskap en werknemerskap egter streng gehandhaaf,<sup>100</sup> kan die moontlikheid wel bestaan dat daar steeds op grond van die Stag Packings-benadering,<sup>101</sup> spesifieke nakoming van die dienskontrak beveel kan word. Daar word egter toegegee dat dit heel moontlik as 'n geïmpliseerde term van dié dienskontrak beskou kan word dat werknemerskap beëindig sal word sodra besturende direkteurskap tot 'n einde kom.<sup>102</sup> Verder word ook erkenning verleen aan die feit dat die spesifieke nakoming van hierdie dienskontrak moontlik as "inequitable in all circumstances or ... 'unconscientious'"<sup>103</sup> beskou sal kan word.

- 
98. Sien Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.3.4 (supra), voetnoot 82.
99. Sien ibid., Afdeling 3.2.3.4, voetnoot 89 waarin verwys word na Anderson v James Sutherland, (1941) S.C. 203 op 218.
100. Sien Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.3.4 (supra), voetnote 91 en 92 waarin verwys word na Moresby White v Rangeland Ltd., 1952(4) S.A. 285 (SR) 287A-B.
101. Die benadering dat die Suid-Afrikaanse reg die dienskontrak nie as 'n besondere uitsonderingsgeval beskou ten opsigte waarvan spesifieke nakoming nie beveel mag word nie.
102. Powell-Smith, op. cit., 39 en 107.
103. Sien aanhaling in teks by voetnoot 86 (supra) van hierdie hoofstuk. Sien ook Millin en Wille, op. cit., 119.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat daar verskillende moontlikhede bestaan en dat summierse verwerping van die een of die ander beskouing nie gewens is nie.<sup>104</sup> Daar sal eers 'n finale beginselstandpunt ingeneem kan word wanneer die begrip "besturende direkteur" as regsterm sy finale beslag in die regs wetenskap verkry het.

### 3.3.4 Die Interdik en die Statutêre Reëling

Omdat spesifieke nakoming van sy dienskontrak moontlik beveel kan word, is dit vervolgens nodig om te oorweeg of die werknemer ook potensiële skending, by wyse van interdik, kan voorkom. Dit blyk 'n logiese gevolg te wees wat voortvloei uit die beginsels wat toegepas word by spesifieke nakoming.<sup>105</sup> Die selfde voorbehoude sal egter ook moet geld. So sal dit ook in hierdie geval in die diskresie van die hof lê om die interdik toe te staan. Die hof sal ook hier kan besluit of die toestaan van so 'n interdik in die besondere omstandighede uiters onbillik is, al dan nie.<sup>106</sup>

Die rede waarom die Engelse houe besonder versigtig is om so 'n bevel toe te staan, is juis omdat spesifieke nakoming van

---

104. Sien Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.3.4 (supra), voetnote 90, 95-97; Millin en Wille, op. cit., 119 : "(S)pecific performance is not confined ....., nor ..... circumscribed by rigid rules."

105. Preis, op. cit., 113(c). Die versigtige benadering van Van Jaarsveld (Vol. II), op. cit., 80 en 95 kan verklaar word aan die hand van die versigtigheid waarmee hierdie skrywers spesifieke nakoming van dienskontrakte benader (78). Dit is ook die benadering in Thomas Marshall (Exports) Ltd. v Guinle (supra), 203c-d en 205d-e asook in Gunton v London Borough of Richmond upon Thames (supra), 582e en 583c-d.

106. National Union of Textile Workers v Stag Packings (Pty) Ltd. (supra), 156A.

dienskontrakte nie sonder meer beveel sal word nie.<sup>107</sup>  
'n Bevel wat neerkom op spesifieke nakoming word in die Engelse reg vermy, behalwe moontlik by wyse van uitsondering.<sup>108</sup>

'n Voorbeeld van waar so 'n interdik wel in die Suid-Afrikaanse reg aan 'n werknemer toegestaan is, kom voor in die ongerapporteerde saak Reymond v Abdonabi.<sup>109</sup> Regter Leveson staan die interdik toe, alhoewel dit sou beteken dat die applikant op die respondēt "afgedwing" word. Die motivering hiervoor is dat skadevergoeding in dié besondere geval nie as 'n voldoende remedie beskou is nie.<sup>110</sup>

---

107. Sien voetnoot 81 (supra) van hierdie hoofstuk.

108. Ibid.; Gunton v London Borough of Richmond upon Thames (supra), 589g-h.

109. (Ongerapporteer), W.L.D., 1984-07-30 (Leveson J), Saaknommer 15172/84.

110. Ibid., 10. Aangesien dit 'n ongerapporteerde saak is word die toepaslike gedeelte volledig aangehaal: "In a case involving the valuation of shares in a highly personalised business where the goodwill has been generated by the applicant's customer and model connection and endeavours, I am not satisfied that damages could be proved adequately and that a claim for damages would be an appropriate remedy. I think, therefore, that the remedy of interdict is to be preferred. It seems to me that whether an agreement of sale was concluded or not, until this dispute is settled control of the third respondent's business ought to be left in the hands of the party who knows it best and that party is the applicant. That at least will ensure that the company continues to trade at optimum capacity. The adoption of this approach would cause no hardship to the first respondent for he was satisfied to leave the control and management of the business to the applicant for the past 4 years and he does not say in his papers that her continued administration would cause the business to come to harm. In taking this line, I am also influenced by the fact that the terms of the shareholders' agreement are enforceable in certain respects against the first respondent. Compare DINER v DUBLIN 1962(4) SA 36(D), STEWART v SCHWAB 1956(4) SA 791(T)."

### 3.3.5 Samevatting

Onsekerhede en spekulasies is noodwendig aan die orde van die dag wanneer die regsposisie van die besturende direkteur oorweeg word. Indien verdere kompliserende elemente, soos byvoorbeeld die verskil in benadering tussen die Suid-Afrikaanse en Engelse reg, ook nog oorweeg word, heers daar dikwels volslae verwarring. Oorweging van die dienskontrak van die besturende direkteur bied 'n tipiese voorbeeld van teenstrydighede. Dit beklemtoon die versigtigheid waarmee daar met hierdie gebied van die reg omgegaan moet word. Die omstandighede sal in elke geval noukeuring oorweeg moet word voor daar 'n spesifieke standpunt ingeneem kan word.

### 4. TEN SLOTTE

Die gevolge wat moontlik uit ontslag ingevolge die statutêre reëling kan spruit sentreer hoofsaaklik rondom die reg op skadevergoeding. Dit is egter ook nodig om die besondere gevolge wat daar vir die besturende direkteur mag intree, in ag te neem.

Alvorens daar afgestap word van die breë tema, "gevolge van ontslag", word daar ten slotte 'n paar opmerkings gemaak oor die begrippe "skadeloosstelling" en "skadevergoeding", aangesien hierdie begrippe sentraal gestaan het in die bespreking in Hoofstuk 4, 5 en 6.

Die reg op skadeloosstelling of skadevergoeding wat die direkteur mag hê, is 'n aangeleentheid wat deur verskillende faktore gekompliseer word. Die beginsels wat hierop van toepassing is word egter nie altyd konsekwent toegepas nie. Die verskillende hoedanighede waarin die direkteur hom mag bevind, die suiwe

aanwending van kontraktuele beginsels en die feit dat daar verskillende wyses is waarop die direkteur ontslaan kan word, word byvoorbeeld nie altyd van mekaar onderskei en stiptelik toegepas nie.

Dat daar in die Engelse reg verwarring op hierdie gebied bestaan, is duidelik. In die Suid-Afrikaanse reg het hierdie vraagstuk nog min voor ons howe gedien, en daarom is die gesag op hierdie gebied hoofsaaklik Engelsregtelik gerig. Indien die kontraktuele beginsels suiwer toegepas word en die besondere posisie waarin die direkteur hom kan bevind, in ag geneem word, is daar geen klaarblyklike rede waarom die ontwikkeling op hierdie gebied nie op 'n behoorlike beginselgrondslag kan geskied nie.

In die hieropvolgende hoofstukke val die klem op gevalle waarin die direkteur teen ontslag beskerm word en ook op wyses wat hy kan aanwend om ontslag te voorkom. Na die uitvoerige behandeling van die volgende temas, naamlik die agtergrond en onderliggende verhouding,<sup>111</sup> ontslag as sodanig<sup>112</sup> en die gevolge van ontslag,<sup>113</sup> word 'n nuwe tema van bespreking nou ingelei.

---

111. Sien Hoofstuk 2 (supra).

112. Sien Hoofstuk 3 (supra).

113. Sien Hoofstuk 4-6 (supra).

---

## HOOFSTUK 7

### EX LEGE-BESKERMING TEEN ONTSLAG

1. INLEIDING
  2. INGEVOLGE DIE STATUTÊRE REËLING
  3. INGEVOLGE ART 344(h) VAN DIE WET
  4. TEN SLOTTE
- 

#### 1. INLEIDING

Die voorafgaande bespreking was hoofsaaklik gerig op ontslag as sodanig en die gevolge wat uit ontslag kan voortspruit. Vervolgens word daar gekyk na wyses waarop die direkteur teen ontslag beskerm kan word.

In gevalle waar die direkteur teen ontslag beskerm word, het hy nie daadwerklike beheer oor die ontslag nie. Alhoewel dit nie in alle gevalle geld nie, sal die meeste direkteure hierop geregtig wees. Al sou die direkteur nooit bewustelik, tydens of voor sy ontslag, daaraan gedink het nie, sal hy hom meesal op die gronde wat vervolgens bespreek word, kan beroep as sy direkteursamp in gevaar gestel word. Dit beteken nie dat hy ontslag as sodanig sal kan voorkom nie, maar beteken slegs dat hy besondere beskerming geniet, of die maatskappy in 'n besondere netelige posisie kan plaas indien hy ontslaan sou word.

#### 2. INGEVOLGE DIE STATUTÊRE REËLING

Daar is reeds melding gemaak van die prosedure wat gevolg moet word alvorens 'n direkteur ingevolge art 220 van die Maatskapp

maak.<sup>4</sup> Presies in watter hoedanigheid hierdie aansoek gerig word, kan egter, as gevolg van die verstrengeling van hoedanighede wat in hierdie gevalle juis so kenmerkend is, 'n probleem wees.<sup>5</sup>

### 3.2.1 Historiese Perspektief

Die oorsprong van die likwidasiereg "reg en billik", moet in die vennootskapsreg gesoek word. Die Suid-Afrikaanse reg haal vandag hoofsaaklik die Engelse reg as gesagsbron op hierdie gebied aan. Die rede hiervoor is dat die Suid-Afrikaanse en Engelse statutêre reëlings 'n groot mate van ooreenstemming toon.<sup>6</sup> Die Engelse reg put weer uit die Romeinse reg om ruggraat te verleen aan likwidasiereg op grond daarvan dat dit reg en billik is. So beweer Story<sup>7</sup> dat ook vennootskappe al van vroeg af "for just and reasonable cause" ontbind kon word. Dit kon egter nie deur die vennote gedoen word nie, maar daar moes sanksie aan dié ontbinding verleen word deur die "Praetor's Forum".<sup>8</sup> In die algemeen was die uitgangspunt in die Engelse reg dat 'n vennootskap ontbind is deur 'n "court of

- 
4. Cilliers, H.S. en Benadé, M.L. (et al.), Maatskappyereg, 1982, 598, par. 34.44 en 605, par.34.62.
  5. Sien Afdeling 3.2.5 (infra), voetnote 47-50 van hierdie hoofstuk.
  6. Rand Air (Pty) Ltd. v Ray Bester Investments (Pty) Ltd., 1985(2) S.A. 345(W), 349G-I. Die bepaling is vandag in die Engelse reg vervat in art 517(1)(g) van die English Companies Act 1985 (hierna die 1985 Act genoem).
  7. Story, J., Commentaries on the Law of Partnership, 1868, 459-461.
  8. Ibid., 460-461.



equity".<sup>9</sup> Die rede hiervoor was dat "it seems most fit and proper to appropriate the jurisdiction to those tribunals which constantly exercise a very large discretion in matters ex aequo et bono".<sup>10</sup> Die benadering in Ebrahimi v Westbourne Galleries Ltd.<sup>11</sup> is dat hierdie grond 'n lang historiese aanloop het wat sover terugstrek as die "Joint Stock Companies Winding-up Act of 1848" en die "Companies Act 1862". In die Engelse maatskappyereg wil dit voorkom of laasgenoemde twee wette die eerste duidelike statutêre spore van hierdie grond is.

In die Engelse reg is die posisie vandag soos volg :

a. Indien dit "reg en billik" is, kan die hof 'n vennootskap

- 
9. Story, op. cit., 459 en 460.
10. Ibid., 459-460. Bykans die identiese beginsels wat vandag in die maatskappyereg aanwending vind word op 464-465 genoem. In voetnoot 4 wys Story daarop dat die hof 'n vennootskap sal ontbind waar 'n "exclusion of the other partners from their just share of management" was of "where the parties refuse to meet each other upon matters of business, a state of things which precluded the possibility of the partnership affairs being conducted with advantage". Vergelyk hierdie twee aanhalings met die maatskappyereg - gevalle soos na verwys in voetnoot 50, 58, 59, 73, 80 en 88 (infra) van hierdie hoofstuk.
11. Ebrahimi v Westbourne Galleries Ltd., (1972) 2 All E.R. 492 op 496a. Sien ook McPherson, B.H., The Law of Company Liquidation 1980, 98 en 14-15 (hierna McPherson (company liquidation) genoem) wat daarop wys dat die historiese aanloop nie deurlopend duidelik is nie. Pitt, G., "Winding up on the 'Just and Equitable Ground'", N.L.J., 1977, 619 verwys ook na die Companies Act 1862 (S79). Sien ook McPherson, "Winding up on the Just and Equitable Ground", M.L.R., 1964, 282 (hierna McPherson (winding up) genoem). Sien ook in die algemeen Callaway, F.H., Winding up on the Just and Equitable Ground, 1978, 1-3; Ribbens, D.S., The Personal Fiduciary Characters of Members' Inter Se Relations in the Incorporated Partnership, DCL, Montreal, 1981, 182.

ingevolge art 35(f) van die Partnership Act 1890, ontbind.<sup>12</sup>

b. Art 666(5)(c) van die 1985 Act bied 'n wyse ingeolge waarvan 'n vennootskap as 'n sogenaamde "unregistered company" (waar die vennootskap uit ten minste agt lede bestaan),<sup>13</sup> gelikwieder kan word.

c. Wat ingelyfde maatskappye betref, kan die hof dit ingeolge art 517(1)(g) van die 1985 Act<sup>14</sup> op grond van regverdigheid en billikheid, likwieder.

In die Suid-Afrikaanse vennootskapsreg word die ontbindingsgrond "reg en billik" nie statutêr gereël nie. Die gevolg hiervan is dat die oorsprong daarvan in die gemene reg gesoek moet word. Terminologie wat wel deur Suid-Afrikaanse vennootskapskrywers gebruik word, is "reg en regverdig" ("just and lawful").<sup>15</sup> Alhoewel dit nie dieselfde woorde is wat in art 344(h) van die Wet as likwidasiëgrond by maatskappye gebruik word nie (dié woorde is "reg en billik") word aan die hand gedoen dat 'n analogie tussen die maatskappye- en vennoot-

- 
12. Scamell, E.H. en I'anson Banks, R.C. (red.), Lindley on the Law of Partnership, 1984, 686 en 706-707.
  13. Ibid., 619, 687. Sien ook art 665(c) van die 1985 Act - voorheen art 398(c) van die Companies Act 1948. Art 666(5)(c) van die 1985 Act was voorheen art 399(5)(c) van die Companies Act 1948.
  14. Voorheen art 222(f) van die Companies Act 1948. Sien Halsbury's Statutes of Engeland, 1968, 289.
  15. Henning, J.J. en Delpont, H.J., Partnership, 1984, 323, par. 491; De Villiers, S.W.L., Partnership : Preliminary Note in The South African Encyclopaedia of Forms and Precedents, Vol.13, 1973, 165; Bamford, B., The Law of Partnership and Voluntary Association in South Africa, 1982, 82.

skapsreg steeds gepas is.

Uit die voorafgaande kan daar afgelei word dat daar op hierdie gebied interaksie tussen die vennootskapsreg en maatskappyereg verwag kan word. Dit is dan ook so dat alhoewel die beginsels wat hier aangewend word hulle oorsprong in die vennootskapsreg het,<sup>16</sup> daar 'n interessante terugspoeling via die maatskappyereg na die vennootskapsreg ondervind word. Heelwat vennootskapskrywers verwys vandag na regspraak op die gebied van die maatskappyereg as gesag vir die ontbinding van vennootskappe op grond van regverdigheid en billikheid.<sup>17</sup> Dit is 'n logiese stap as daar in aanmerking geneem word dat die beginsels in die vennootskapsreg ontstaan het. Verder blyk dit ook dat die een regsgebied na analogie van die ander ontwikkel het en dat daar tans 'n contra-beïnvloeding plaasvind. Tog moet daar gemaak word dat die ontwikkeling van een regsgebied na analogie van 'n ander met omsigtigheid benader moet word.<sup>18</sup>

### 3.2.2 Interpretasie

Die algemene opvatting is dat die betekenis van "reg en billik" vasgestel moet word uit 'n "breë siening van reg, regverdigheid

---

16. Sien voetnote 7-11 (supra) van hierdie hoofstuk.

17. Henning en Delpont, op. cit., 324, par. 419, voetnote 79 en 84; Bamford, op. cit., 83, voetnoot 91; Millin, P. en Wille, G. Wille and Millin's Mercantile Law of South Africa, 1984, 525 en 557; Burgess, R. en Morse, G., Partnership Law and Practice 1980, 225; Scamell en I'anson Banks (red.), op. cit., 707, voetnoot 27.

18. Chesterman, M.R., "The 'Just and Equitable' Winding Up of Small Private Companies", M.L.R., 1973, 131.

en billikheid".<sup>19</sup> Waar daar sprake is van 'n "breë siening" beteken dit dat die beperking van hierdie grond tot 'n paar spesifieke klasse of tot 'n paar spesifieke gevalle, nie gewens is nie.<sup>20</sup> Tog is dit ook belangrik om bewys te wees daarvan dat hierdie grond wel somtyds net in spesifieke klasse ingedeel, of net in bepaalde gevalle aangewend word.<sup>21</sup> Alhoewel dié indeling nie 'n numerus clausus is nie, dien dit as waardevolle praktiese riglyn en sal dit nie sonder meer verander of uitgebrei word nie.<sup>22</sup>

Verder beteken dit ook dat die uitleg nie eiusdem generis met die ander gronde genoem in art 344 van die Wet moet geskied nie.<sup>23</sup> 'n Te wye uitleg moet ook nie hieraan geheg word

- 
19. Erasmus v Pentamed Investments (Pty) Ltd., 1982(1) S.A. 178(W), 181C-E; Moosa, N.O. v Mavjee Bhawan (Pty) Ltd., 1967(3), S.A. 131(T), 136; Sweet v Finbain, 1984(3) S.A. 441(W), 444I; Cilliers en Benadé, op. cit., 598, par. 34.44.
20. Sweet v Finbain (supra), 444I - 445A; Erasmus v Pentamed Investments (Pty) Ltd. (supra), 182A; Ebrahimi v Westbourne Galleries (supra), 496a-b; Re A & BC Chewing Gum Ltd. Topps Chewing Gum Inc v Coakley, (1975) 1 All E.R. 1017 op 1027d-e; Schmitthoff, C.M. (et al.) (red.), Palmer's Company Law, 1982, 1121, par. 85-08 (hierna Schmitthoff (red.) genoem); Re Tivoli Freeholds Ltd., (1972) V.L.R. 445; Chesterman, op. cit., 148; Pitt, op. cit., 620.
21. Rand Air (Pty) Ltd. v Ray Bester Investments (Pty) Ltd., (supra), 350C-H.
22. Ibid., 350B en 350I-J; Callaway, op. cit., 4.
23. Erasmus v Pentamed Investments (Pty) Ltd. (supra), 181D; Cilliers en Benadé, op. cit., 598, par. 34-44; Loch v John Blackwood Ltd., (1924) A.C. 783 op 790; McPherson (company liquidation), op. cit., 98; McPherson (winding up), op. cit., 283; Ribbens, op. cit., 184.

nie.<sup>24</sup> Ten opsigte van die benadering dat dit 'n siening van "reg, regverdigheid en billikheid" moet wees, kan dit anders gestel word deur aan te voer dat die diskresie wat aan die hof verleen is, op 'n judisiële wyse uitgeoefen moet word.<sup>25</sup>

### 3.2.3 Aansluiting by die Vennootskapsreg

Daar is reeds daarop gewys dat die oorsprong van die likwidasiëgrond "reg en billik" in die vennootskapsreg geleë is.<sup>26</sup> Daar is ook aangetoon dat daar omsigtig te werk gegaan moet word met die algemene gebruik van analogieë tussen verskillende regsgebiede.<sup>27</sup> Noudat daar ook op die interpretasie van "reg en billik" gewys is,<sup>28</sup> is dit besonder belangrik om die raakpunte tussen die vennootskapsreg en maatskappyereg én, in die besonder, hoe dit met die ontslag van direkteure in verband gebring word, te ontleed.

Die antwoord op die eerste deel van die ondersoek word gevind

- 
24. McPherson (company liquidation), op. cit., 98 'n Beperkende faktor is om die feite van elke saak hier behoorlik te oorweeg. Sien Erasmus v Pentamed Investments (Pty) Ltd. (supra), 181H; Markson, H.E., "Winding-up : the Partnership Analogy", N.L.J., 1978, 117-118; McPherson (winding up), op. cit., 285.
  25. Erasmus v Pentamed Investments (Pty) Ltd. (supra), 181E; Re Tivoli Freeholds Ltd. (supra), 790; McPherson (company liquidation), op. cit., 98; McPherson, (winding up), op. cit., 283; Ribbens, op. cit., 185-186.
  26. Sien voetnote 7-11 (supra) van hierdie hoofstuk.
  27. Sien voetnoot 18 (supra) van hierdie hoofstuk.
  28. Sien Afdeling 3.2.2 (supra) van hierdie hoofstuk.

in Ebrahimi v Westbourne Galleries Ltd.<sup>29</sup> waar Lord Wilberforce dit soos volg stel :<sup>30</sup>

"The same words 'just and equitable' appear in the Partnership Act 1892 (sic), S 25, as a ground for dissolution of a partnership and no doubt the considerations which they reflect formed part of the common law of partnerships before its codification. The importance of this is to provide a bridge between cases under S 222(f) of the Companies Act 1948 and the principles of equity developed in relation to partnerships."<sup>31</sup>

Daar is al oortuigend geredeneer dat die aangehaalde gedeelte nie net op die aanwending van vennootskapsbeginsels by likwidasie slaan nie, maar dat dit ook dui op 'n breër aanwending van vennootskapsbeginsels in die maatskappyereg.<sup>32</sup> Teen so 'n standpunt het daar ook al stemme opgegaan.<sup>33</sup> Vir die doeleindes van hierdie studie word daar nie op hierdie interessante dispuut ingegaan nie. Die huidige bespreking word beperk tot likwidasie-gevalle self. Aangesien Lord Wilberforce se benadering as vertrekpunt dien om 'n wyer aanwending van die beginsels te propageer én om die wyer aanwending in te perk, kan dit aanvaar word dat vennootskapsbeginsels wel

---

29. (1972) 2 All E.R. 492.

30. Ibid., 496d-e.

31. Eie beklemtoning is aangebring.

32. Rider, B.A.K., "Partnership Law and its Impact on 'Domestic Companies'", C.L.J., 1978, 166 en verder.

33. BurrIDGE, S.J. "Wrongful Rights Issues", M.L.R., 1981, 60.

aangewend mag word in die geval van hierdie likwidasiëgrond van maatskappye.

Indien die tweede deel van bogenoemde ondersoek oorweeg word, naamlik hoe die beginsels aanwending vind by die ontslag van direkteure, is die vertrekpunt weer eens die vennootskapsreg. Dit is 'n beginsel van die vennootskapsreg dat daar normaalweg tussen gewone vennote 'n verhouding van die hoogste goeie trou bestaan. Dit is 'n verhouding wat al beskryf is as soortgelyk aan dié tussen broers of as 'n verhouding uberrimae fidei.<sup>34</sup> Waar hierdie verhouding tussen die vennote verbreek word, sal dit 'n voldoende grond daarstel om die vennootskap te laat ontbind.<sup>35</sup> 'n Identiese analogie in die maatskappyereg kan egter tot eiesoortige probleme lei. In die maatskappyereg is daar immers 'n regs persoon, die ingelyfde maatskappy, wat afsonderlik van sy lede bestaan. In die Suid-Afrikaanse vennootskapsreg, daarenteen, word die afsonderlike bestaan van die vennootskap slegs in uitsonderlike gevalle erken.<sup>36</sup> 'n Verdere probleem is ook dat daar by die

---

34. Story, op. cit., 299-303; Henning en Delpont, op. cit., 293, par. 400; De Wet, J.C. en Van Wyk, A.H., De Wet en Yeats : Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg, 1978, 397; Hahlo H.R., South African Company Law through the Cases, 1983, 5 (hierna Hahlo (cases) genoem); Millin en Wille, op. cit., 538 en 541; Bamford, op. cit., 31; Gibson, J.T.R. en Comrie, R.G., South African Mercantile and Company Law, 1983, 293. Sien egter Mutual and Federal Insurance Co., Ltd. v Oudtshoorn Municipality, 1985(1) S.A. 419(A) en die opmerkings oor die gebruik van die term "uberrima fides" in Hoofstuk 2, Afdeling 2.2.1 (supra), voetnoot 9.

35. Henning en Delpont, op. cit., 293, Par. 400 en 324, par. 419; De Wet en Van Wyk, op. cit., 411.

36. Daar word nie ingegaan op die kwessie van die entiteitsteorie van die vennootskap wat in bepaalde uitsonderingsgevalle aanwending vind nie. Die algemene opvatting bly steeds dat die uitson-

maatskappy 'n gekompliseerde interne verhoudingstruktuur kan bestaan wat 'n streng onderskeid tussen die verskillende hoedanighede waarin 'n betrokke individu kan staan, noodsaaklik maak.<sup>37</sup> By die vennootskap vind die streng onderskeid tussen vennote, vennootskap en individu, nie in dieselfde mate as in die maatskappy aanwending nie. Die vraag wat nou beantwoord moet word, is of daar 'n verhouding van hoogste goeie trou tussen die "direkteure", "lede" of selfs tussen die "direkteure, lede en maatskappy"<sup>38</sup> moet bestaan voordat die vennootskapsanalogie aangewend kan word. Anders gestel, is die vraag hoe dit ooit "reg en billik" kan wees om 'n maatskappy te likwadeer in gevalle waar 'n direkteur ontslaan is. Om 'n antwoord hierop te kry, word die omstandighede waaronder hierdie beginsels aanwending vind, eers in oënskou geneem.

#### 3.2.4 Vereistes vir die Aanwending van Vennootskapsbeginsels

Daar is reeds daarop gewys dat die beperking van die algemene beginsels net tot sekere klasse, nie gewens is nie.<sup>39</sup> Ten spyte hiervan beteken dit egter nie dat daar nie sekere basiese riglyne in bepaalde gevalle neergelê mag word nie. Sonder om dit as 'n numerus clausus te beskou, doen Lord Wil-

---

derings nie tot gevolg het dat die vennootskap as volwaardige regspersoon beskou kan word nie - sien Henning en Delpont, op. cit., 278, par. 386 tot 287, par. 390 en Bamford, op. cit., 25-26. Wat die regspersoonlikheid van die maatskappy betref kan Cilliers en Benadé, op. cit., 4, par. 1.04 tot 11, par. 1.20, geraadpleeg word.

37. Sien Hoofstuk 2 (supra), Afdelings 2 en 3.2.

38. Bellairs v Hodnett, 1978(1) S.A. 1109(A), 1130E.

39. Sien voetnoot 20 (supra) van hierdie hoofstuk.



berforce in Ebrahimi v Westbourne Galleries Ltd.<sup>40</sup> aan die hand dat die feit dat die maatskappy 'n klein private maatskappy is nie op sigself deurslaggewend sal wees vir die aanwending van vennootskapsbeginsels nie. Een of meer van 'n aantal ander vereistes sal ook in bepaalde gevalle moet bestaan.<sup>41</sup>

Heelwat bronne het al verwys na die riglyne soos deur Lord Wilberforce neergelê.<sup>42</sup> Die indeling, of sekere onderafde-

---

40. (1972) 2 All E.R. 492.

41. Ibid., 500d-e. Hierdie belangrike riglyne word volledig aangehaal: "Certainly the fact that a company is a small one, or a private company, is not enough. There are very many of these where the association is a purely commercial one, of which it can safely be said that the basis of association is adequately and exhaustively laid down in the articles. The superimposition of equitable considerations requires something more, which typically may include one, or probably more, of the following elements: (i) an association formed or continued on the basis of a personal relationship, involving mutual confidence - this element will often be found where a pre-existing partnership has been converted into a limited company; (ii) an agreement, or understanding, that all, or some (for there may be 'sleeping' members), of the shareholders shall participate in the conduct of the business; (iii) restriction on the transfer of the members' interest in the company - so that if confidence is lost, or one member is removed from management, he cannot take out his stake and go elsewhere."

42. Wackrill v Sandton International Removals (Pty) Ltd., 1984(1) S.A. 282(W), 289H; Erasmus v Pentamed Investments (Pty) Ltd. (supra), 184C-E; Cilliers, H.S., Benadé, M.L. en De Villiers S.W.L., Maatskappyereg, derde uitgawe, 1977, 450, voetnoot 11 Meskin, P.M. (red.), Companies in L.A.W.S.A., Vol. 4, 1982, 371 par. 394; Halsbury's Laws of England, Vol. 7, 1968, 594, par. 1000; Schmitthoff (red.), op. cit., 1122, par. 85-09; Beuthin R.C., "Winding up a Domestic Company - The 'Just and Equitable Provision", S.A.L.J., 1972, 481 op 486; Prentice, D.D., "Winding up on the Just and Equitable Ground: The Partnership Analogy" L.Q.R., 114 (hierna Prentice (winding up) genoem); Chesterman op. cit., 140; Markson, op. cit., 116; Burridge, op. cit., 66 Ribbens, op. cit., 217-218.

lings van die indeling, is ook al gekritiseer,<sup>43</sup> en verdere onderafdelings is ook al genoem.<sup>44</sup> Die indeling as sodanig verg vir die huidige doeleindes geen kommentaar nie. Die beginsel staan vas dat breë riglyne hier neergelê is<sup>45</sup> en dat elke saak steeds volgens meriete oorweeg moet word.<sup>46</sup> Waar daar wel een of meer van die strukturele vereistes bestaan, en die vennootskapsanalogie aangewend kan word, moet daar steeds oorweeg word hoe direkteursontslag moontlik tot likwidasië kan lei.

### 3.2.5 Verstrengeling van Hoedanighede

In 'n vorige hoofstuk is daar reeds aangetoon dat die wisselwerking tussen die direkteure en die aandeelhouers via die maatskappy plaasvind.<sup>47</sup> Dit is die posisie wat normaalweg in die maatskappyereg aanwending vind. Om die probleem ten opsigte van hoedanighede te ondervang, en in ooreenstemming te bring met algemene vennootskapoorwegings, word daar aangevoer dat daar in sekere maatskappye 'n verstrengeling van hoedanighede (soortgelyk aan dié in 'n vennootskap) kan wees.<sup>48</sup>

---

43. Chesterman, op. cit., 143-144.

44. Prentice (winding up), loc. cit.

45. Sien Afdeling 3.2.2 (supra) van hierdie hoofstuk.

46. Markson, op. cit., 117-118.

47. Hoofstuk 2, Afdeling 2.2.3 (supra).

48. Sher, J., "Erasmus v Pentamed Investments (Pty) Ltd., 1982(1) S.A. 178(W)", S.A.C.L.J., 1982, 90. Hoe verstrengeld die hoedanighede is, word gepas illustreer deur die volgende aanhaling uit Erasmus v Pentamed Investments (Pty) Ltd. (supra), 188C-D wat self beklemtoon is: "(T)he relationship between the directors was more than a purely commercial one; that an understanding or at least a contemplation that the original shareholders of respon-

Die betrokke partye word dan beskryf as sogenaamde "director-members".<sup>49</sup> Die gevolg daarvan is dat, alhoewel die direkteur in sy hoedanigheid as direkteur ontslaan word, dit steeds die verhouding van hoogste goeie trou tussen die lede of aandeelhouders raak. Daar word verder ook aangevoer dat so 'n ontslag (net soos by die skending van die verhouding van hoogste goeie trou by vennote) dit "reg en billik" kan maak dat die maatskappy gelikwieder word. Ook hierdie ontslag kan dus 'n einde maak aan die verhouding van wedersydse vertroue tussen die "direkteur-lede" en gevolglik kan dit dan ook "reg en billik" wees om die "maatskappy" te likwieder.<sup>50</sup>

dent, whilst they remained such, would also be and remain directors, thus participating in the management of the company, is to be inferred. The partnership relationship outside the company characterised the relationship of the shareholders inside it."

49. Ebrahimi v Westbourne Galleries Ltd. (supra), 501a; Prentice (winding up), op. cit., 122.
50. Ebrahimi v Westbourne Galleries Ltd. (supra), 501b-c. Die algemene beginsels in hierdie gevalle word in Wackrill v Sandto Investments Removals (Pty) Ltd. (supra), 290G-H, soos volg saamgevat : "(I)n the case of a small private company, where there is a contractual relationship between the shareholders beyond the articles which creates an obligation to ensure for any of the management participation by being a director and by exercising their rights as such, and where that obligation is basic to the relationship between the parties, the breach of that obligation would prima facie make it just and equitable to wind up the company." Vir ou Engelse vennootskapsreg-beslissings wat hierdie punt illustreer sien Marshall v Colman, 37 E.R. 629 op 630 ("there must be that abuse of good faith between the members of the partnership that the Court will try the question"); Goodman v Whitcomb, 37 E.R. 492 op 494 ("entire exclusion of the partner from his interest in the partnership"); Chapman v Beach, 37 E.R. 494 op 494 ("Such an abuse of good faith between the parties as to entitle the Plaintiff to a dissolution"); Norway v Rowe, 34 E.R. 472 op 477 ("exclusion from the fair opportunity of interfering in the concern those, who are entitled with him, to the benefit of the licence"); Waters v Taylor, 35 E.R. 333 op 335 ("this comes to the common Case of one Partner excluding the other from the Concern").

Dié uitsondering is noodsaaklik, want probleme wat in hierdie verband mag ontstaan, is nie bloot oplosbaar deur die saak na die direksie of, in die finale instansie, na die algemene vergadering te verwys nie, omdat die direkteure die lede is en gevolglik die algemene vergadering vorm.<sup>51</sup> Nog 'n rede wat aangevoer word om die uitsondering te regverdig, is die tipiese aard van die maatskappy. Die besondere maatskappystruktuur maak nie altyd voorsiening vir die regte, verwagtinge en verpligtinge van die individue inter se nie. So word die individue se regte, verwagtinge en verpligtinge dikwels op oënskynlik kille wyse deur die gebondenheid aan strukturele kenmerke misken.<sup>52</sup>

### 3.2.6 Beperkings op Vennootskapsbeginsels

Die term "quasi-partnership"<sup>53</sup> of "domestic compa-

51. In re Yenidje Tobacco Company, Ltd., 1916(2) Ch. 426 op 434 word die beginsel soos volg gestel deur Lord Warrington: "I am prepared to say that in a case like the present, where there are only two persons interested, where there are no shareholders other than those two, where there are no means of overruling by the action of a general meeting of shareholders the trouble which is occasioned by the quarrels of the two directors and shareholders, the company ought to be wound up if there exists such a ground as would be sufficient for the dissolution of a private partnership at the suit of one of the partners against the other." Sien ook die verduideliking van die beginsel deur McPherson (winding up), op. cit., 294-297 en 303-305. Chesterman, op. cit., 135 wys daarop dat Yenidje "the earliest of the English quasi-partnership cases" is.
52. Ebrahimi v Westbourne Galleries Ltd. (supra), 500a-b; Ribbens, op. cit., 180; Callaway op. cit., 36.
53. Sien onder andere Ebrahimi v Westbourne Galleries Ltd. (supra), 500f; Re A & BC Chewing Gum Ltd. Topps Chewing Gum Inc. v Coakley (supra), 1027e-f; Ribbens, op. cit., 211-213; Callaway, op. cit., 32.

ny"<sup>54</sup> is tot nou toe doelbewus vermy. Die rede hiervoor is die versigtigheid waarmee hierdie terme gebruik moet word. Daar word in Ebrahimi v Westbourne Galleries Ltd.<sup>55</sup> gemaak dat, selfs al is 'n maatskappy hoe klein, dit steeds 'n maatskappy bly. Dit is alleenlik maar as gevolg van die grond "reg en billik" dat oorwegings soortgelyk aan dié by vennootskappe ter sprake kom.<sup>56</sup>

Die moontlike gevolge en die werklike belang van die onderskeid tussen die vennootskap en die maatskappy word bevestig in re a Company.<sup>57</sup> Die noodsaaklikheid om die vennootskapsanalogie nie absoluut toe te pas nie, word in laasgenoemde saak verduidelik aan die hand van die onregverdigheid wat 'n klakkelose navolging van dié analogie op aandeelhouders mag hê.<sup>58</sup>

Dit is belangrik om vervolgens in detail na die toepaslike Engelse en Suid-Afrikaanse regspraak op hierdie gebied te kyk

- 
54. Erasmus v Pentamed Investments (Pty) Ltd. (supra), 182B McPherson (winding up), op. cit., 295-297; Ribbens, loc. cit.
55. (1972) 2 All E.R. 492.
56. Ibid., 500h.
57. In re a Company, (1983) 2 All E.R. 854.
58. Die relevante gedeelte is die volgende (ibid., 861h-j) : "It seems to me impossible to say that despite this change in the relationship between the former partners, each shareholder has the same presumptive rights, if the common intention that all should participate in the affairs of the company is frustrated, to have the company wound up and its assets realised on sale, a course which, I should add, is likely to prove far more damaging to the shareholders than the appointment of a receiver and the sale of partnership business is to the partners." Sien ook die algemere uiteensetting van die verskille vanaf 861e-861h. Sien egter Calaway, op. cit., 88.

Die waarde lê veral opgesluit in die begrip wat so vir die aanwending van dié beginsels gekweek word en in die feit dat 'n sinvoller vergelyking tussen die Engelse en Suid-Afrikaanse reg gevolglik getref kan word.<sup>59</sup>

### 3.2.7 Die Engelse Regspraak

#### a. Ebrahimi v Westbourne Galleries Ltd.<sup>60</sup>

Die appellant, E, en 'n sekere N, het aanvanklik 'n vennootskap gehad wat Persiese tapyte verkoop het. Later word 'n private maatskappy gestig om die besigheid voort te sit. Albei (E en N) is direkteure, gelyke aandeelhouders en die aandele kan nie oorgedra word sonder die toestemming van die direkteure nie. N se seun, G, word ook later as lid en direkteur by die maatskappy betrek en ontvang in totaal 100 aandele van E en N. Na struwelinge oor die hantering van die besigheid tussen N, G en E, besluit N en G om E as direkteur te ontslaan. Dit geskied ingevolge 'n gewone besluit wat geldig was beide ingevolge 'n bepaling in die statute en art 184 van die Companies Act 1948. E doen nou as alternatief aansoek om likwidasië ingevolge art 222(f) van die Companies Act 1948. Hy steun op die feit dat sy ontslag as direkteur en die gevolglike uitsluiting aan deelname van die besigheid, dit "reg en billik" sou maak om die maatskappy te likwideer.

Die hof pas die beginsels soos hierbo uiteengesit toe en kom dan tot die gevolgtrekking dat "some special underly-

---

59. Vergelyk Ribbens, op. cit., 186-211 vir soortgelyke optrede.

60. (1972) 2 All E.R. 492.

ing obligation of his fellow member(s) in good faith, or confidence, that so long as the business continues he shall be entitled to management participation, an obligation so basic that if broken, the conclusion must be that the association must be dissolved", wel bestaan<sup>61</sup> en gevolglik dat "the only just and equitable course was to dissolve the association".<sup>62</sup>

b. Bentley-Stevens v Jones<sup>63</sup>

Aansoek word gedoen om ontslag ingevolge art 184 van die Companies Act 1948 te voorkom. Die grond waarop gesteun word is dat die prosedure wat gevolg is om ontslag te bewerkstellig, nie reëlmatig was nie.

Die hof wys die aansoek van die hand, maar daar word daarop gewys dat waar die eiser 'n "quasi-partner" is "his only remedy was to apply for a winding-up order on the ground that it was just and equitable for the court to make such an order".<sup>64</sup>

c. Re A & BC Chewing Gum Ltd, Topps Chewing Gum Inc v Coakley<sup>65</sup>

In hierdie geval was daar geen vorige vennootskap, geen

---

61. Ebrahimi v Westbourne Galleries Ltd. (supra), 501b-c. Sien ook voetnote 68, 80, 88 en 97 (infra) van hierdie hoofstuk.

62. Ibid., 501g-h. Sien ook voetnote 64, 73, 82 en 99 (infra) van hierdie hoofstuk.

63. Bentley-Stevens v Jones, (1974) 2 All E.R. 653.

64. Ibid., 653, 655f en 655j. Sien voetnoot 62 (supra) van hierdie hoofstuk.

65. (1975) 1 All E.R. 1017.

besondere kapitaalbydrae deur die applikante en geen beperking op die oordrag van aandelekapitaal nie.<sup>66</sup> Wat wel in hierdie geval teenwoordig was, was 'n sogenaamde "shareholders' agreement and the articles".<sup>67</sup> Dit het die applikante op "management participation"<sup>68</sup> geregtig gemaak. Die respondente het probeer aantoon dat daar afstand van hierdie regte gedoen is deur 'n ooreenkoms wat later (mondeling) tot stand gekom het<sup>69</sup> en wat basies tot inhoud gehad het dat die applikant-maatskappy Topps Chewing Gum Inc, nie meer die reg sou hê om sekere "A"-direkteure aan te stel of te ontslaan nie.<sup>70</sup> Hierdie bewering word deur die hof verwerp.<sup>71</sup> Die gevolg is dat Topps Chewing Gum Inc inderdaad geregtig was daarop om sekere "A"-direkteure te ontslaan en ander aan te stel.<sup>72</sup>

Die feit dat die respondente hierdie ontslag van sekere "A"-direkteure en die aanstelling van ander nie wou aanvaar nie, het tot gevolg gehad dat die applikant-maatskapp

- 
66. Ibid., 1027f-g. Vergelyk hierdie opmerking met die vereistes soos neergelê deur Ebrahimi se saak - Afdeling 3.2.4 (supra), voetnoot 41 van hierdie hoofstuk.
67. Re A & BC Chewing Gum Ltd. Topps Chewing Gum Inc v Coakley (supra), 1027h-j. Die hele oogmerk wat hieruit na vore gekom het, was dat alhoewel die applikant - maatskappy 'n minderheidsaandeelhouer was, daar gelyke kontrole deur die partye oor maatskappysake sou wees.
68. Ibid., 1028e-f. Sien voetnoot 61 (supra) van hierdie hoofstuk.
69. Ibid., 1019c-d.
70. Ibid., 1019c-d en 1028e-f.
71. Ibid., 1027j.
72. Ibid., 1028e.



py die reg op "management participation" ontsê is en onder sulke omstandighede "the conclusion must be that the association be dissolved".<sup>73</sup>

3.2.8 Die Suid-Afrikaanse Regspraak

a. Erasmus v Pentamed Investments (Pty) Ltd.<sup>74</sup>

Daar bestaan 'n vennootskap tussen 'n paar dokters, waarvan die applikant een is. Om vaste eiendom vir die vennootskap te bekom, word 'n maatskappy gestig. Die vennoot is almal direkteure en aandeelhouers in hierdie maatskappy. Toe daar later sprake is daarvan dat die applikant as direkteur deur die ander direkteure ontslaan gaan word (die ontslag het dus nog nie aktief plaasgevind nie), doen die applikant aansoek dat die maatskappy ingevolge art. 344(h) van die Wet gelikwideer moet word. Hy steun op die feit dat die beplande ontslag as direkteur "'teenstrydig met die grondslag van die vennootskap en kwaadwillig is en daarop gemik is om die vertrouensverhouding tussen die direkteure en die lede van die respondent te vernietig'".<sup>75</sup>

Die hof is van mening dat die feit dat die eiser nog nie as direkteur ontslaan is nie, en dat daar slegs sprake van sy ontslag was, geen verskil maak aan die beginsels wat hier van toepassing is nie.<sup>76</sup> Ook die feit dat da

---

73. Ibid., 1028d-e saamgelees met 1028e-f. Sien voetnoot 62 (supra) van hierdie hoofstuk.

74. 1982(1) S.A. 178(W).

75. Ibid., 180B-C.

76. Ibid., 186H.

nie besondere oorwegings van verlies aan direkteursvergoeding of besoldiging hier aangevoer is nie, speel nie 'n besondere rol nie.<sup>77</sup> Die basiese vereistes, soos dit in die Ebrahimi-saak<sup>78</sup> uiteengesit is, is feitlik almal hier aanwesig.<sup>79</sup> Gevolglik kan daar min twyfel wees daaroor of die eiser wel op "participation in the management of the company"<sup>80</sup> geregtig is. Die gevolg is nou dat "the attempted removal of the applicant ..... was ..... conduct which per se could only but destroy (the personal relationship of confidence and trust ..... between the directors and shareholders)".<sup>81</sup> As gevolg van hierdie verbreking is dit "just and equitable that the respondent be wound up".<sup>82</sup>

b. Wackrill v Sandton International Removals (Pty) Ltd.<sup>83</sup>

Die applikant was beide 'n direkteur en aandeelhouer van die respondent-maatskappy. Geen vorige vennootskap het bestaan nie, maar ingevolge 'n aandeelhoudersooreenkoms is 'n verhouding van "mutual co-operation and trust" tussen die twee maatskappye (die applikant was direkteur en aan-

77. Ibid., 187B-C.

78. Sien voetnoot 41 (supra) van hierdie hoofstuk.

79. Erasmus v Pentamed Investments (Pty) Ltd. (supra), 187H.

80. Ibid., 188D. Sien voetnoot 61 (supra) van hierdie hoofstuk.

81. Ibid., 189G-H saamgelees met 189E.

82. Ibid., 190C-D. Sien voetnoot 62 (supra) van hierdie hoofstuk.

83. 1984(1) S.A. 282(W).

deelhouer in beide) geskep.<sup>84</sup> Verder het die ooreenkoms die volgende belangrike bepaling bevat :<sup>85</sup>

"The shareholders hereby undertake in favour of one another that for so long as they are shareholders of Sandton International, they will vote in favour of the appointment of one another or one another's nominee or alternate as the case may be."

Op grond hiervan word daar aangevoer dat die uitsluiting van die eiser van sekere direksievergaderings<sup>86</sup> en die feit dat daar planne was om hom as direkteur te ontslaan,<sup>87</sup> voldoende rede sou wees om die maatskappy te laat likwedeer op grond van die feit dat dit "reg en billik" is.

Die hof gaan van die standpunt uit dat die applikant inderdaad op "management participation"<sup>88</sup> geregtig is. Die verskillende oorwegings wat in die hof ter sprake gekom het, word soos volg saamgevat :<sup>89</sup>

"It seems to me, therefore, that the denial by the applicant's co-directors of his right to

- 
84. Wackrill v Sandton International Removals (Pty) Ltd. (supra), 286G.
85. Ibid., 286H.
86. Ibid., 287C-H.
87. Ibid., 291E en 291F.
88. Ibid., 290G-H. Sien voetnoot 61 (supra) van hierdie hoofstuk.
89. Ibid., 291E.

participate in the board's management of the company and their threat to remove him, and Bradley's admission that they cannot hope to work together in the future, prima facie entitle the applicant to have the respondent wound up on the just and equitable ground."

c. Sweet v Finbain<sup>90</sup>

Hierdie saak moet in sekere opsigte van die vorige sake onderskei word. Die feit dat die aansoek om likwidasie gedoen is op grond van die feit dat die applikant as direkteur ontslaan is, kom nie so duidelik na vore nie. Die saak is ook eiesoortig in die sin dat die applikant hier selfs nie meer 'n lid was toe die aansoek gebring is nie.<sup>91</sup> Die beginsels wat toegepas is, is egter identies aan dié wat in al die vorige sake uiteengesit is en illustreer die toepassing van die vennootskapsbeginsels in die maatskappyereg.

Op een stadium was die applikant beide direkteur en aandeelhouer.<sup>92</sup> Nadat daar struwelinge ontstaan het tussen die applikant<sup>93</sup> en 'n sekere Mouton (presies in watter hoedanigheid hy tot die applikant of maatskappy gestaan het, is onseker),<sup>94</sup> het Mouton egter daarin geslaag om die applikant as direkteur te ontslaan, sy aan-

---

90. 1984(3) S.A. 441(W).

91. Ibid., 445A-B.

92. Ibid., 442I.

93. Ibid., 443H.

94. Ibid., 442I, 443D-E en 443G.

dele na 'n ander maatskappy oor te plaas en homself (Mou-  
ton) as direkteur aan te stel. Die hof sê dat die doel  
daarvan was om die "applikant"<sup>95</sup> sonder aandele  
sonder direkteurskap en sonder enige beheer in die bestuur  
te laat.<sup>96</sup>

Die gevolgtrekking hieruit is dat, aangesien daar onder  
andere "exclusion from the management"<sup>97</sup> was, 'n  
bevel tot likwidasie gegee kan word. Volgens die hof is  
daar in hierdie saak wel 'n verhouding van wedersydse  
vertroue wat geskend is<sup>98</sup> en kan daar geen rede  
gevind word waarom die maatskappy nie gelikwider moet  
word nie.<sup>99</sup>

### 3.2.9 Die Regspraak in Perspektief

Indien die Engelse en Suid-Afrikaanse regspraak met mekaar ver-  
gelyk word, blyk dit duidelik dat die algemene beginsels wa-  
van toepassing is in die twee regstelsels, met mekaar ooreen-  
stem. Tog word daar aan die hand gedoen dat die Suid-Afrikaan-

---

95. Ibid., 444A. Die hof praat van "respondent", maar dit moe-  
seker "applikant" wees.

96. Ibid., 444B.

97. Ibid., 445D-E. Sien voetnoot 61 (supra) van hierdie hoofstuk

98. Die beginsel word op ibid., 445H soos volg verduidelik: "The  
superimposition of equitable considerations would require amongs  
its elements an association formed on a basis of personal rela-  
tionship, involving mutual confidence. Such an association wa-  
present in the instant case, and need not constitute a partner-  
ship."

99. Dit was bloot 'n voorwaardelike likwidasiebevel. Die hof maa-  
as gevolg van praktiese oorwegings nie 'n finale bevel nie - sien  
ibid., 445I - 446B en voetnoot 62 (supra) van hierdie hoofstuk.

se reg die Engelse reg in sekere opsigte vooruit is. Hierdie stelling word gemaak op grond van die presedent geskep in Erasmus v Pentamed Investments<sup>100</sup> en Wackrill v Sandton International Removals (Pty) Ltd.<sup>101</sup> Likwidasie is in genoemde uitsprake ingevolge art 344(h) van die Wet beveel, alhoewel ontslag nog nie bewerkstellig was nie, en daar slegs die potensiële gevaar tot ontslag bestaan het.

'n Verdere aspek waaraan daar aandag geskenk word, is waarom daar in Wackrill v Sandton International Removals (Pty) Ltd.<sup>102</sup> nie bloot 'n aansoek om spesifieke nakoming was nie. Nêrens in die saak word daar hieraan oorweging geskenk nie.<sup>103</sup> Dit is 'n geval waarin die verpligting om nie

---

100. Supra, 186H.

101. 1984(1) S.A. 282(W), 291F.

102. Ibid.

103. Al wat die hof oorweeg, is alternatiewe regshulp ingevolge art 252 van die Wet (sien ibid., 292G - 293A). Dit was inderdaad die enigste ander remedie wat voorgestel was. ("No other solution has been suggested, and it is not for the Court mero motu to endeavour to find one" - ibid., 293A). In Re a Company (supra) is die identiese rede as in die Wackrill-saak aangevoer as alternatiewe remedie, naamlik 'n aanbod om die aandele van die applikant teen 'n billike waarde te koop (sien Re a Company (supra), 862a). In laasgenoemde saak was dit die rede waarom likwidasie nie toegestaan is nie (sien 855c en 863e-j). Daar word aan die hand gedoen dat die aanbod in die Wackrill-saak 'n billike een was (292G-H). Op grond hiervan en ook die feit dat alle alternatiewe remedies nie oorweeg is nie (sien voetnote 104-107 (infra) van hierdie hoofstuk) word aan die hand gedoen dat die Wackrill-saak nie korrek beslis is nie. Wat die beginsels betref kan niks daarmee fout gevind word nie, dit is net verkeerdlik op die betrokke feite toegepas.

vir ontslag te stem nie, vervat was in 'n ooreenkoms<sup>104</sup>  
waaraan daar spesifieke nakoming verleen kon word.<sup>105</sup>  
Hierdie feit kon natuurlik ook as 'n mala fide-faktor in ag  
geneem word. Waar die hof alreeds aantoon dat die "applicant's  
motives are not above suspicion",<sup>106</sup> word daar aan die  
hand gedoen dat hierdie feit moontlik net die skaal so kon  
swaai dat die hof kon bevind dat 'n "improper and ulterior  
motive ..... the predominant motive actuating the applicant"  
was.<sup>107</sup>

Die regspraak en die beginsels daarin vervat, word verwelkom.  
Dit bied oplossings in gevalle waar die lede of direkteure van  
'n maatskappy regte het wat beskerm moet word, maar daar sta-  
tutêr nie beskerming bestaan nie. Die feit bly egter staan  
dat, om van likwidasie gebruik te maak om sekere regte te "be-  
skerm", 'n drastiese middel is. Hierdie stap kan effektief  
daarop neerkom dat, terwyl sekere regte van byvoorbeeld die  
direkteur aangetas is, hy nie werklik omgee tot watter uiter-  
stes daar gegaan word om dit te beskerm nie. Dit lyk nogal of  
dit 'n metode kan wees om 'n mens se eie vensters stukkend te

- 
104. Wackrill v Sandton International Removals (Pty) Ltd. (supra)  
286H waarin art 5(b) van die aandeelhouersooreenkoms 'n noodwen-  
dige afleiding tot nie-ontslag laat ontstaan. Sien ook die teks  
voetnoot 85 (supra) van hierdie hoofstuk - waar die bepaling aan-  
gehaal is. Vergelyk met Desai v Greyridge Investments (Pty) Ltd.  
1974(1) S.A. 509(A), 519C, waarin gesê word dat die wyse waarop 'n  
aandeelhouer mag stem wel ingeperk mag word as so 'n bedoeling  
"clearly and unambiguously appears from the language used or by  
necessary implication". Dat daar enige ander afleiding uit die  
Wackrill-saak gemaak kan word, is sterk te betwyfel.
105. Sien Hoofstuk 8, Afdeling 4 (infra).
106. Wackrill v Sandton International Removals (Pty) Ltd. (supra)  
293F en in die algemeen vir die twyfel van die hof - 293F-H.
107. Ibid., 293E-F.

gooi.<sup>108</sup> Dit is dan op grond van hierdie kritiek dat daar al geredeneer is dat die uitleg wat tans aan art 252 van die Wet geheg word,<sup>109</sup> nie gewens is nie.<sup>110</sup> Daar word aangevoer dat waar dié artikel 'n persoon slegs in sy hoedanig as "lid" en nie ook byvoorbeeld in sy hoedanigheid as "direkteur" te hulp kom nie, dit die howe met geen ander keuse laat as om hulle na art 344(h) van die Wet te wend vir 'n oplossing nie. 'n Verslapping in die algemene uitleg wat tans aan die woord "lid" gegee word, sal die hof met 'n keuse laat om ingevolge art 252 van die Wet 'n besluit te neem om, op grond van algemene billikheidsoorweging, 'n "bevel (te) maak wat hy goed vind".<sup>111</sup> Dit kan dan steeds likwidasie van die maatskappy insluit, maar is dan nie, soos tans ingevolge art 344(h) van die Wet die geval is, bykans die enigste alternatief wat daar vir die hof bestaan nie. Dat daar meerdere alternatiewe vir die howe oop moet wees, is beslis realisties. Daar word dus aan die hand gedoen dat daar 'n meer liberale uitleg deur die howe oorweeg kan word, maar aangesien dit besewaarlik moontlik blyk te wees nie, sal die Wetgewer moet ingryp om so 'n uitleg moontlik te maak.

- 
108. Chesterman, op. cit., 149 praat van die "cure by sledge-hammer. (T)o apply it has one possible result only, a fatal one".
109. Cilliers en Benadé, op. cit., 580, par. 33.22, voetnoot 1 : "(D)ie persoon moet in die hoedanigheid van lid getref word." Preis, D.A., "Prevention of the Statutory Removal of Directors, M.B.L., 1983, 114. Sien ook Prentice (winding up), op. cit., 125 wat ook op die beperkte uitleg ten aansien van art 210 van die Companies Act 1948 (soortgelyk aan art 252 van die Wet) wys. Sien ook Pitt, op. cit., 620.
110. Preis, loc. cit.; Sher, op. cit., 93; Chesterman, op. cit., 152; Prentice (winding up), op. cit., 125; Pitt, op. cit., 620.
111. Art 252(3) van die Wet.



Laastens word in die verbygaan genoem dat die moontlikheid bestaan dat die reeds-uitgekristalliseerde beginsels soos vervat in die uitsprake hierbo genoem, wyer aanwending kan vind.<sup>112</sup>

3.2.10 Die "Clean hands"-beginsel<sup>113</sup>

Reeds in Yenidje se saak<sup>114</sup> is die beginsel neergelê dat indien die oorsaak van die likwidasië "has ..... been caused by the person seeking to take advantage of it",<sup>115</sup> die aansoek nie toegestaan sal word nie.<sup>116</sup> Hierdie beginsel vind vandag nog aanwending.<sup>117</sup> Alhoewel dit weer eens duidelik is dat die oorsprong vennootskapsregtelik van aard is,<sup>118</sup> vind die beginsel algemene aanwending by die

---

112. Dit is naamlik by beslote korporasies. Art 68(d) van die Wet op Beslote Korporasies lui soos volg :

"'n Korporasie kan deur 'n hof gelikwedeer word, indien - (d) die hof op aansoek van oordeel is dat dit reg en billik is dat die korporasie gelikwedeer word."

Aangesien dit 'n bepaling soortgelyk aan art 344(h) van die Wet is, is dit sekerlik duidelik dat daar hier 'n ooreenkoms bestaan - Allan, A. (et al.), The Close Corporations Act 1984, 1984, 37.

113. Emphy v Pacer Properties (Pty) Ltd., 1979(3) S.A. 363(D), 368G.

114. Supra, 430.

115. In re Yenidje Tobacco Co. Ltd., loc. cit.

116. Hierdie beginsel kom steeds voor in Scamell en I'anson Banks (red.), op. cit., 705. Aanvanklik moes dit seker uit die 1912-uitgawe van Lindley aangehaal gewees het.

117. Emphy v Pacer Properties (Pty) Ltd., loc. cit.; Erasmus v Pentamed Investments (Pty) Ltd. (supra), 185E; Wackrill v Sandton International Removals (Pty) Ltd. (supra), 292A; Preis, op. cit., 115; Schmitthoff (red.), op. cit., 1123, par. 85-10.

118. Henning en Deport, op. cit., 324, par. 419; Scamell en I'an-

likwidasië van maatskappy ingevolge art 344(h) van die Wet.119

### 3.3 Samevatting

Die beskerming wat art 344(h) van die Wet aan die direkteur verleen, is nie daarin geleë dat die maatskappy gelikwedeer word nie. As dit so was, sou dit inderdaad 'n geval gewees het waarin hy sy eie vensters stukkend gooi.<sup>120</sup> Die direkteur geniet beskerming omdat hy in 'n posisie is waarin hy die maatskappy voortdurend kan dreig.<sup>121</sup> Hy sal, waar ontslag waarskynlik is, maar net kan sê :

"Goed, julle kan my ontslaan, maar hierdie ontslag gaan 'n skending van die trouverhouding tussen ons (as direkteur-lede) wees met die gevolg dat die hof dan hierdie maatskappy op grond van regverdigheid en billikheid sal kan likwedeer."

---

son Banks (red.), op. cit., 704-705; Burgess en Morse, op. cit., 226. Artt 35(c) en (d) van die Partnership Act 1890 bevat uitdruklik die bepaling dat die persoon wat die aansoek om ontbinding doen, nie verantwoordelik vir die situasie moet wees nie. ("other than the partner suing"). Die gevolg is dat indien beide partye skuldig is, al is dit 'n geval wat ingevolge artt 35(c) of (d) van die Partnership Act 1890 hanteer moet word, dan van die grond "reg en billik" soos vervat in art 35(f) van die Partnership Act 1890 gebruik gemaak moet word - sien Burgess en Morse, op. cit., 226. In die Suid-Afrikaanse reg geld die beginsel juis by die "reg en billik"-bepaling dat die applikant met "clean hands" na die hof moet kom. Waar beide partye dan skuldig is kan dit nogal 'n probleem afgee. In al die besliste sake was die applikant nie as die skuldige getipeer nie. Hierdie punt wag dus nog op beslissing deur die Suid-Afrikaanse houe.

119. Sien voetnoot 117 (supra) van hierdie hoofstuk.

120. Sien die teks - voetnoot 108 (supra) van hierdie hoofstuk.

121. Chesterman, op. cit., 130 en 149-150.

Daar is reeds daarop gewys dat 'n gedetermineerde direkteur in die Suid-Afrikaanse reg voor die aktiewe ontslag-handeling tot die aansoek om likwidasië kan oorgaan.<sup>122</sup> Die direkteur wat egter sy posisie in die maatskappy wil behou, sal homself uit die aard van die saak sover moontlik tot dreigemente probeer beperk. Om hierdie rede is die besliste sake nie op 'n direkte wyse gesag vir die beskerming van 'n direkteur in hierdie gevalle nie. In dié gevalle het die maatskappy nie teruggedeins vir die potensiële gevaar van likwidasië nie, of was die direkteur so radeloos dat hy tot daadwerklike stappe oorgegaan het. Gevalle waarin hierdie grond dus groot waarde het loop gewoonlik nooit uit op 'n regsgeding nie, en daarin lê die beskerming vir die direkteur.

4. TEN SLOTTE

Die twee gevalle wat in hierdie hoofstuk genoem is, verleen beskerming aan die direkteur en kan in sekere gevalle daartoe lei dat ontslag voorkom kan word. Wat die bepalinge in art 220 van die Wet betref, spreek die prosedure vanself. Wat die dreigement tot likwidasië betref, is die indeling daarvan as 'n grondingevolge waarvan die direkteur beskerming geniet, meer omstrede.

Daar word besef dat 'n verhouding van onderlinge samewerking en deelname aan die bestuur van die maatskappy deur 'n fynbeplande aandeelhouderssooreenkoms geskep kan word. Myns insiens is dit in gevalle waarin daar die meeste van die dreigement tot likwidasië as beskermingsmaatreël gebruik gemaak sal word, egter dit

---

122. Sien die teks - voetnote 100 en 101 (supra) van hierdie hoofstuk.

waarin daar voorheen 'n vennootskap was.<sup>123</sup> Die vennote besluit later om 'n maatskappy te stig om sodoende die voordele van inlywing te geniet. Wat die verhouding tussen die vennote betref en die hantering van die besigheid, tree daar egter nie werklik verandering in nie. Die oomblik as die ontslag van een van die direkteure 'n werklikheid word, word regsadvies ingewin en word daar besef dat 'n regsmiddel voorhande is. In so 'n geval sal die direkteur die maatskappy met likwidasië dreig, om sy ontslag te probeer voorkom.

Daar word verder aan die hand gedoen dat die oogmerk van 'n aandeelhouersooreenkoms meesal sal wees om reeds bestaande belange te beskerm en nie soseer om toekomstige ontslag as direkteur te probeer voorkom nie. Sodra hierdie belange bedreig word, word verskillende maatreëls oorweeg en kom die betrokke direkteur tot die besef dat die moontlikheid om die maatskappy te laat likwideer, bestaan. In hierdie stadium is die oogmerk dan nie om ontslag as direkteur te voorkom nie, maar eerder om met alle mag die maatskappy ingevolge art 344(h) van die Wet te laat likwideer.

In die hieropvolgende hoofstuk word die gevalle behandel waarin die direkteur meer direkte beheer oor die voorkoming van ontslag het. Die onderskeid tussen ex lege-beskerming teen ontslag en maatreëls ter voorkoming van ontslag, kom hier onder die soeklig.

---

123. Sien ook Ribbens, op. cit., 187 wat dit soos volg stel: "It will be observed that in virtually all these decisions a partnership relation of some kind underpins the formal company structure."

---

## HOOFSTUK 8

### MAATREËLS TER VOORKOMING VAN ONTSLAG

1. INLEIDING
  2. OMVANG VAN SKADEVERGOEDING
  3. BELADING VAN STEMME
  4. OOREENKOMSTE BUIITE DIE STATUTÊRE REËLING
  5. TEN SLOTTE
- 

1. INLEIDING

In teenstelling met die vorige hoofstuk handel dit in dié hoofstuk oor gevalle waarin die direkteur, deur middel van goeie beplanning, sy posisie kan verskans. Hy het dus daadwerklik beheer oor hierdie situasies. Dit sal egter meebring dat die direkteur, voor of tydens die onderhandelinge betreffende die amp, aktiewe stappe moet doen om hom in 'n verskanste posisie te plaas. Hy gaan dus van die standpunt uit dat daar wettige wyses bestaan om die bepalings van art 220 van die Maatskappywet 61 van 1973 (hierna die Wet genoem) te ontwyk. Daar kan gevolglik nie gesê word dat sy optrede in fraudem legis is nie.

Maatreëls soos die omvang van skadevergoeding, die belading van stemme asook ooreenkomste buite die statutêre reëling, kan onder die soeklig.

2. OMVANG VAN SKADEVERGOEDING

## 2.1 Oorsig

Dit mag voorkom asof daar hier sprake is van 'n teenstrydigheid. Voorheen is daar aangevoer<sup>1</sup> dat, alhoewel die direkteur steeds ontslaan kan word, art 220(7) van die Wet hom in sommige gevalle nog geregtig maak op skadeloosstelling of skadevergoeding. 'n Punt wat nou egter beklemtoon word, is dat die direkteur se eis so omvangryk mag wees dat die maatskappy finansiële geruïneer kan word indien daar met ontslag voortgegaan sou word. As gevolg van dié eis word ontslag prakties onmoontlik gemaak.

Die rede waarom hierdie geval behandel word as 'n wyse waardeur die direkteur ontslag kan voorkom, is omdat die direkteur hier van sy kontraktuele bedingingsposisie gebruik kan maak, om bepalinge in sy kontrak met die maatskappy te kry, wat hom in 'n besonder gunstige posisie sal plaas indien hy ontslaan word en die ontslag kom op kontrakbreuk neer.

## 2.2 Ontslag of Finansiële Oorlewing

Vroeëre oorwegings inaggenome,<sup>2</sup> kan die eis vir skadevergoeding steeds aansienlik wees. 'n Eis van bykans vyfduisend pond in die twintigerjare,<sup>3</sup> en agtienduisend pond gedurende 1956,<sup>4</sup> om nie eers te praat van die geval in die

- 
1. Hoofstuk 3, Afdeling 2.5 (supra).
  2. Sien Hoofstuk 4, Afdeling 5 (supra); Hoofstuk 5, Afdeling 2.2 (supra); Hoofstuk 6, Afdeling 2.2 (supra).
  3. Bulmer v Woollens Ltd. (In liq.), 1926 C.P.D. 459; Byron v Cape Sundays River Settlements Ltd., 1923 E.D.L. 117.
  4. Beach v Reed Corrugated Cases Ltd., (1956) 2 All E.R. 652.

VSA waar daar in 1983 'n eis van halfmiljoen dollar<sup>5</sup> aan 'n ontslane werknemer toegestaan is nie, kan aansienlike oortuigingskrag hê. In die geval van so 'n groot skadevergoedingseis kan ontslag die maatskappy letterlik "duur" te staan kom<sup>6</sup> en kan dit ontslag selfs onmoontlik maak.<sup>7</sup> Indien die maatskappy voor 'n keuse gestel word om die direkteur te ontslaan en 'n finansiële terugslag in die oë te staar, of om nie die direkteur te ontslaan nie en finansiëel te oorleef, sal die direkteur myns insiens meesal geduld word.

Dat die omvang van skadevergoeding 'n maatreël is wat aangewend kan word om ontslag te voorkom, blyk onder andere uit Gower<sup>8</sup> se bespreking van hierdie maatreël. Omdat die direksie, as orgaan, die maatskappy na binne bestuur en na buite verteenwoordig,<sup>9</sup> sluit dié orgaan soms sekere kontrakte waaraan die maatskappy gebonde is. Kontrakte wat die

- 
5. Page, A., "UK Developments relating to Unlawful Termination", I.B.L., Februarie, 1984, 67.
  6. Van Jaarsveld, S.R. (et al.), Suid-Afrikaanse Handelsreg, Vol. III, 1984, 204; Pennington, R.R., Company Law, 1979, 505.
  7. De Wet, J.C. en Van Wyk, A.H., De Wet en Yeats : Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg, 1978, 647, voetnoot 805; Preis, D.A. "Prevention of the Statutory Removal of Directors", M.B.L., 1983, 116; Gower, L.C.B. (et al.), Gower's Principles of Modern Company Law, 1979, 150 (hierna Gower (et al.) genoem); Gower, L.C.B., "Company Removal of Managing Director", M.L.R., 1953, 83 (hierna Gower (managing director) genoem); Prentice, D., Companies Act 1980, 1980, 90 (hierna Prentice (Companies Act 1980) genoem).
  8. Gower (et al.), op. cit., 150. Sien ook Afterman, A. B., Company Directors and Controllers, 1970, 30.
  9. Naudé, S.J., Die Regsposisie van die Maatskappydirekteur, 1970, 47; Schmitthoff, C.M. (et al.) (red.), Palmer's Company Law, 1982, 813, par. 61-27 (hierna Schmitthoff (red.) genoem); Gower (managing director), op. cit., 85.

besturende direkteure se diensvoorwaardes, direkteursvergoeding, ensovoorts reël, is tipiese voorbeelde hiervan.<sup>10</sup>

### 2.3 Die Posisie in die Engelse Reg

Art 319 van die English Companies Act 1985<sup>11</sup> verleen beskerming aan die maatskappy<sup>12</sup> teen die "omvang van skadevergoeding", as maatreël wat deur die direkteur aangewend kan word om ontslag te voorkom. Hierdie statutêre bepaling het ten doel om die algemene vergadering<sup>13</sup> sekere ooreenkomste te laat goedkeur. Die goedkeuring is van toepassing op ooreenkomste:<sup>14</sup>

- a. in verband met die direkteur se "employment with the company";<sup>15</sup>
- b. in verband met die direkteur se "employment within the

- 
10. Sien dan ook ten opsigte van die besturende direkteur, Reëls 61 en 62 van Tabel A en B (onderskeidelik) van die Eerste Bylae tot die Wet. Loose, P., The Company Director his Functions, Powers and Duties, 1975, par. 9-05(1).
  11. Hierna die 1985 Act genoem - voorheen art 47 van die Companies Act 1980.
  12. Prentice (Companies Act 1980), op. cit., 90, par. 212, voetnoot 4; Tinnion, J., The Companies Act 1980, 1980, 22/47; Schmitthoff (red.), op. cit., 863, par. 64-17; Joffe, V., The Companies Act 1980, 1980, par. 9.101; Gullick, J.M. (red.), Ranking and Spicer's Company Law, 1981, 275.
  13. Art 319(3) van die 1985 Act.
  14. In die lig van moontlike begripsverwarring, word 'n direkte vertaling van sekere Engelse begrippe eers vermy - sien Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.3.2 (supra).
  15. Art 319(1) van die 1985 Act.



group";<sup>16</sup>

- c. wat oor 'n langer tydperk as 5 jaar strek;<sup>17</sup>
- d. wat 'n bepaling bevat dat die direkteur nie by wyse van kennisgewing ontslaan mag word nie, of dat die ooreenkoms net in sekere omstandighede opgesê mag word;<sup>18</sup> en
- e. wat selfs vir 'n korter tydperk as 5 jaar aangegaan is maar saam met enige onverstreke gedeelte van 'n ander onafgelope ooreenkoms, oor 'n langer tydperk as 5 jaar strek.<sup>19</sup>

Daar word gevolglik in die Engelse reg nie 'n algemene verbod op langtermynkontrakte geplaas nie. Die lede in algemene vergadering kry egter nou voldoende geleentheid om oor sodanige ooreenkomste, wat nie sonder meer opgesê kan word nie, te besin. Sou dit na goedkeuring deur die maatskappy verbreed word, deurdat die direkteur byvoorbeeld ingevolge art 303 van die 1985 Act ontslaan word, is daar die volgende twee moontlike gevolge :

- a. die eis vir skadevergoeding is beperk deurdat die ooreenkoms nie vir langer as 5 jaar gesluit is nie; of
- b. die eis is 'n aansienlike bedrag, waar 'n langtermyn ooreenkoms aangegaan is. Hierteen kan die maatskappy egter

---

16. Ibid.

17. Ibid.

18. Ibid., art 319(1)(a) en (b).

19. Ibid., art 319(2).

nie beswaar maak nie, want dieselfde orgaan, naamlik die algemene vergadering, wat ontslag wil bewerkstellig, het dié kontrak goedgekeur.

Indien art 319 van die 1985 Act in oënskou genêem word, kom dit voor asof hierdie statutêre reëling die "omvang van skadevergoeding", as 'n maatreël teen die voorkoming van ontslag, inperk. Die rede vir hierdie inperking is omdat direkteure se langtermyn "contracts of employment" tans in die Engelse reg deur die algemene vergadering goedgekeur moet word.

'n Verdere bepaling in die Engelse reg wat daarop gemik is om die lede van die maatskappy op hoogte van direkteurskontrakte te stel, is onder andere art 318 van die 1985 Act,<sup>20</sup> in-gevolge waarvan sekere "contracts of service"<sup>21</sup> van direkteure vir die publiek ter insae moet wees.<sup>22</sup> Indien daar nie 'n skriftelike kontrak bestaan nie, moet 'n memorandum, wat die bepalings van die kontrak uiteensit, ter insae wees.<sup>23</sup> Kontrakte wat aan die insae-vereiste moet voldoen, sluit slegs kontrakte in wat vir 'n langer periode as 12 maande aangegaan is of wat nie binne 'n tydperk van 12 maande deur die maatskappy opgesê kan word, sonder dat skadevergoeding betaalbaar is nie.<sup>24</sup>

---

20. Voorheen art 26 van die Companies Act 1967. Sien Schmitthoff (red.), op. cit., 863, par. 64-17; Pennington, op. cit., 511; Boyle, A.J. en Sykes, R.S. (et al.) (red.), Gore-Brown on Companies, 1982, 25-31.

21. Hierdie begrip word ook nie vertaal nie aangesien begripsverwarring dikwels aan die orde van die dag is - sien Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.3.2 (supra).

22. Art 318(3) van die 1985 Act.

23. Ibid., art 318(1)(a)-(c).

24. Ibid., art 318(11).

In die algemeen word openbaarmaking van direkteursvergoeding ook in die finansiële jaarstate van die maatskappy vereis.<sup>25</sup> Dit is ook 'n metode waardeur die lede op hoogte gebring word van die vergoeding van direkteure. In die Engelse reg kan die lede dus nie sonder meer aanvoer dat hulle nie op hoogte van sake was, indien hulle 'n direkteur ingevolge art 303 van die 1985 Act ontslaan, en die omvang van skadevergoeding aansienlik is nie.

Aangesien die Suid-Afrikaanse reg in die huidige stadium nie 'n bepaling het wat vergelykbaar is met art 319 van die 1985 Act nie, word 'n paar opvallende aspekte van hierdie artikel eers oorweeg, voordat enige uitbreiding in die Suid-Afrikaanse reg voorgestel word. Die gebruik van die begrip "contract of employment" val dadelik op. Indien die begrip as "dienskontrak" vertaal<sup>26</sup> sou word, kan misbruik van die bepaling voorkom, aangesien die kontrak tussen die direkteur, in sy hoedanigheid as direkteur, en die maatskappy beslis nie altyd as 'n "dienskontrak" getipeer word nie.<sup>27</sup> Word 'n bepaalde direkteur dan gekonfronteer met die vraag waarom daar nie aan die statutêre vereistes, soos vervat in art 319 van die 1985 Act, voldoen is nie, kan hy bloot aanvoer dat sy kontrak nie 'n "dienskontrak" is nie. So 'n vertaling kan dan slegs van toepassing wees op die gevalle waarin 'n besturende direkteur, in sy hoedanigheid as besturende direkteur, in 'n dienskontrak

- 
25. Sien art 231(2)(d) van die 1985 Act en ook die Vyfde Bylae tot laasgenoemde Wet (Deel V).
26. Sien Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.3.2 (supra).
27. Sien ibid., Afdeling 2.2.1, voetnoot 5; ibid., Afdeling 3.2.3.3, voetnote 75-78.

tuele verhouding tot die maatskappy staan.<sup>28</sup> Daar kan egter wel geargumenteer word dat die bewoording van art 319 van die 1985 Act wyd genoeg is om nie die vertaling van "dienskontrak" te regverdig nie aangesien art 319(7)(a) juis ook 'n lasgewingsooreenkoms as "employment" beskou.<sup>29</sup> In die tweede plek is daar geen aanduiding of art 319 van die 1985 Act slegs die direkteur in sy hoedanigheid as direkteur raak en of dit wyd geïnterpreteer moet word nie. 'n Wye interpretasie kan beteken dat die statutêre vereiste van goedkeuring deur die algemene vergadering, byvoorbeeld van langtermynkontrakte wat hoegenaamd nie verband hou met direkteurskap nie, en ook nie saam met ontslag as direkteur beëindig word nie,<sup>30</sup> ook nagekom moet word.

#### 2.4 Die Suid-Afrikaanse Reg

Die vraag wat gevolglik beantwoord moet word, is of die Suid-Afrikaanse reg bepalinge soortgelyk aan die Engelse reg nodig het. Die antwoord op hierdie vraag sentreer hoofsaaklik om 'n ondersoek na die vertrouensposisie van die direkteur,<sup>31</sup> en meer in die besonder om die feit dat die direkteur 'n botsing tussen sy belange en dié van die maatskappy moet vermy.<sup>32</sup> Op grond van die feit dat 'n botsing tussen die

---

28. Sien ibid, Afdeling 3.2.3.4, voetnote 90, 95-97.

29. Die vertaling kan dan wees "kontrakte van direkteure in verband met dienslewering" - Sien egter die verwysing na Schmitthoff (red.), op. cit., 863, par. 64-17 in Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.3.2 (supra), voetnote 67 en 68.

30. Sien Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.3.3 (supra), voetnoot 74.

31. Naudé, op. cit., 110.

32. Ibid., 116.

belange van die direkteur en dié van die maatskappy vermy moet word, stel die bronne dit as 'n algemene reël dat die posisie gemeenregtelik is, dat alle kontrakte tussen die direkteur en die maatskappy, waarin die direkteur 'n belang het, vernietigbaar is volgens die keuse van die maatskappy.<sup>33</sup> Naudé<sup>34</sup> maak dit egter duidelik dat "(b)esondere vrae ontstaan in verband met 'n kontrak ..... tussen direkteur en maatskappy aangaande laasgenoemde se ampsreëling (byvoorbeeld ampstermyn, bevoegdheid en vergoeding)".<sup>35</sup> Dit wil voorkom of Naudé die mening toegedaan is dat, wanneer daar bepaal word of daar 'n botsing is tussen die belange van die maatskappy en dié van die direkteur, die uitgangspunt juis is dat die direkteur "geen vermoënsvoordeel, anders as wat in sy ampsreëling vervat is",<sup>36</sup> mag verwerf nie. Dit het veral betrekking op vergoeding soos gereël in die statute.<sup>37</sup> In die lig van wat so pas gesê is, word die volgende aan die

- 
33. Gundelfinger v African Textile Manufacturers Ltd., 1939 A.D. 314 op 326; Naudé, op. cit., 128; Cilliers, H.S. en Benadé M.L. (et al.), Maatskappyereg, 1982, 346, par. 22.57; Botha D.H., Groups in South African Company Law, Proefskrif, UP, 1981, 365 (hierna Botha (proefskrif) genoem); Gower, L.C.B., (et al.) Gower's Principles of Modern Company Law, 1978, 584 (hierna Gower (et al.) genoem).
34. Naudé, S.J., "Kontraksluiting tussen Direkteur en Maatskappy" T.H.R.H.R., 1970, 142 (hierna Naudé (kontraksluiting) genoem).
35. Ibid., 142, voetnoot 3. Naudé het self die gedeelte in die aanhaling tussen hakkie geplaas.
36. Naudé, op. cit., 98, 116 (eie beklemtoning) en 122. Sien ook De Wet en Van Wyk, op. cit., 656, voetnoot 878.
37. Sien Gundelfinger v African Textile Manufacturers Ltd. (supra), 317, 324 en 325. Daar is reeds daarop gewys dat die grondslag vir vergoeding van direkteure in die feit geleë is dat die reg daarop in die statute geskep moet word - sien Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.1 (supra), voetnoot 31.

hand gedoen, naamlik dat indien die magtiging tot vergoeding in die statute bestaan,<sup>38</sup> en daar 'n kontrak tussen die direkteur en die maatskappy in verband met sy ampsreëling tot stand kom en dit geskied in ooreenstemming met die bepalings van die statute,<sup>39</sup> daar normaalweg gesê kan word dat die kontrak geldig is.<sup>40</sup>

Dit sal die geval wees selfs al word die kontrak nie deur die algemene vergadering goedgekeur nie;<sup>41</sup> die statute moet

- 
38. Gundelfinger v African Textile Manufacturers Ltd., loc. cit.
39. Ibid., 318, 320, 324 en 325. Daar moet deurgaans na die bepalings in die statute van die betrokke maatskappy gekyk word - sien Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.1 (supra), voetnote 39-41.
40. Dit is immers die gevolg indien die statute 'n bepaling bevat wat die gemeenregtelike vereiste van goedkeuring uitsluit ('n sogenaamde uitsluitingsklousule) - sien Naudé, op. cit., 128 en 80, voetnoot 3; Cilliers en Benadé, op. cit., 346, par. 22.58; De Wet en Van Wyk, op. cit., 656, voetnoot 881; Gower (et al.), op. cit., 586. Indien die besluit oor direkteursvergoeding onreëlmatig geneem word (byvoorbeeld dat die direkteur vir die goedkeuring van sy eie vergoeding stem), is dit logies om af te lei dat so 'n besluit se regsgeldigheid aangeveg kan word - sien Gundelfinger v African Textile Manufacturers Ltd. (supra), 323-325; Trek Tyres Ltd. v Beukes, 1957(3) S.A. 306(W), 310B-E.
41. Naudé, op. cit., 128 argumenteer dat goedkeuring deur die algemene vergadering ook 'n wyse is ingevolge waarvan die kontrak geldig, in teenstelling met vernietigbaar na keuse van die maatskappy, kan wees. In Gundelfinger v African Textile Manufacturers Ltd. (supra), 326 word die volgende opmerking aangaande die direkteursvergoeding gemaak: "(B)eing payments which could have been properly authorised by the board (sien die bepaling in maatskappykonstitusie - 317), ..... the agreed payments, if there was improper voting, were not void but voidable at the option of the company" (eie beklemtoning). Die afleiding wat noodwendig uit die aangehaalde gedeelte gemaak word, is dat "if there was proper

egter nie uitdruklik so 'n goedkeuring deur die algemene vergadering vereis nie.<sup>42</sup> Gevolglik kan daar myns insiens gesê word dat die magtiging tot direkteursvergoeding in die statute, asook die feit dat die kontrak in ooreenstemming daarmee tot stand gekom het, genoegsame aanduiding is daarvan dat die "goedkeuring deur die algemene vergadering uit(ge)sluit is."<sup>43</sup>

'n Verdere vraag wat gevra kan word, is of hierdie kontrak niemoontlik binne die trefwydte van artt 234-241 van die Wet van 1966 is. Daar word aan die hand gedoen dat die kontrak in verband met die ampsreëling van die direkteur ook nie sonder meer aan die gewone statutêre openbaringsvereistes ingevolge artt 234-241 hoef te voldoen nie. Die kontrak in verband met die ampsreëling van die direkteur kan myns insiens nie as een van die "meer belangrike kontrakte ..... wat van belang is met betrekking tot die maatskappy se besigheid"<sup>44</sup> beskou word nie.

Dit is vanselfsprekend dat die vraag na die goedkeuring van die kontrak in verband met die ampsreëling van 'n direkteur, 'n feitelike vraag is. Ampsreëlings van direkteure word in die

---

voting", die ooreenkoms heeltemal geldig sou gewees het. Aangesien die hangende van die bepalings van die betrokke maatskappykonstitusie kan gevalle selfs bedink word waar die algemene vergadering nie die besluit van die direksie aangaande direkteursvergoeding omvattend sal kan werp nie - sien Cilliers en Benadé, op. cit., 262-263 parr. 19.04 tot 19.06.

42. Sien Reëls 54 en 55 van Tabel A en B (onderskeidelik) van die Eerste Bylae tot die Wet, wat so 'n vereiste ten aansien van die direkteursvergoeding stel.
43. Naudé, op. cit., 128(ii).
44. Cilliers en Benadé, op. cit., 347, par. 22.60. Sien ook artt 234(2) van die Wet; Botha (proefskrif), op. cit., 371.

statute gereël en kan verskil van geval tot geval.<sup>45</sup> Indien Tabel A of B van die Eerste Bylae tot die Wet as statute aanvaar is, kan die volgende moontlikhede hulle voordoen :

- a. Die vergoeding van die direkteure moet "van tyd tot tyd deur 'n algemene vergadering van die maatskappy vasgestel" word.<sup>46</sup>
- b. Die vergoeding van die besturende direkteur is in die hande van die direksie<sup>47</sup> en geen goedkeuring deur die algemene vergadering<sup>48</sup> of volle openbaring<sup>49</sup> is nodig indien die direksie regsgeldiglik daaroor besluit het nie.
- c. Enige ander kontrak (en dit sluit dienskontrakte in)<sup>50</sup> wat nie betrekking het op die ampsreëling van die direkteur nie, is vernietigbaar volgens die keuse van

- 
45. Sien Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.1 (supra), voetnote 39-41.
  46. Reëls 54 en 55 van Tabel A en B (onderskeidelik) van die Eerste Bylae tot die Wet.
  47. Ibid., Reëls 61 en 62. Sien verder Cilliers en Benadé, op. cit., 262-264, parr. 19.04 tot 19.06.
  48. Sien die argument in die teks - voetnote 38-43 (supra) van hierdie hoofstuk.
  49. Sien die argument in die teks - na voetnoot 43 (supra) van hierdie hoofstuk.
  50. Myns insiens behoort die "dienskontrakte" waarna Cilliers en Benadé, op. cit., 347, par. 22.60 en Naudé, op. cit., 134, voetnoot 3, of die "service agreements" waarna Gower, op. cit., 585-586 verwys, betrekking te hê op dienskontrakte wat die direkteur in 'n ander hoedanigheid as direkteur toekom : die direkteur is immers nie in die hoedanigheid as direkteur, ook sonder meer werknemer van die maatskappy nie - sien Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.3.3 (supra), voetnote 75-76.



die maatskappy as dit nie deur die algemene vergadering goedgekeur is nie.<sup>51</sup> Indien die maatskappy byvoorbeeld in die lugvaartbedryf spesialiseer, sal aan die gewone statutêre openbaringsvereiste voldoen moet word indien 'n betrokke direkteur byvoorbeeld ingevolge 'n direksiebesluit, 'n vlieënierskontrak met die maatskappy sluit.<sup>52</sup>

'n Belangrike vraag wat nou beantwoord moet word, is of daar in die Suid-Afrikaanse reg voorskrifte bestaan ingevolge waarvan die lede kennis kan neem van die vergoeding wat die direkteur toekom. Die antwoord op hierdie vraag is van belang omdat die lede moontlik mag aanvoer dat hulle "mislei" is indien hulle 'n bepaalde direkteur ingevolge art 220 van die Wet wil ontslaan en hulle agterkom dat as gevolg van sy kontrakte met die maatskappy, dié direkteur se ontslag tot die gewisse finansiële ondergang van die maatskappy sal lei.<sup>53</sup> Die volgende voorskrifte bestaan tans in die Suid-Afrikaanse reg. Eerstens moe

- 
51. Let daarop dat daar tans geen algemene uitsluitingsklousule in Tabel A of B van die Eerste Bylae tot die Wet voorkom ingevolge waarvan die goedkeuring van die algemene vergadering in hierdie gevalle uitgesluit word nie - Cilliers en Benadé, op. cit., 347 par. 22.59; Naudé, op. cit., 132-133; De Wet en Van Wyk, op. cit., 656, voetnoot 881.
  52. So 'n kontrak val dan binne die vereistes soos genoem deur Cilliers en Benadé, op. cit., 347, par. 22.60. Ingevolge art 234(5) van die Wet kan die kontrak bowenal volgens keuse van die maatskappy vernietigbaar wees - die gemeenregtelike reëlings word nie statutêr uitgesluit nie.
  53. Die maatskappy kan natuurlik eers oorweeg of die moontlikheid nie bestaan dat die betrokke direkteur sy reg op skadevergoeding ontnem kan word nie - sien Hoofstuk 5, Afdeling 2.2 (supra) Hoofstuk 6, Afdeling 2.2 (supra). Indien dit nie moontlik is nie, dien die omvang van skadevergoeding gewis as 'n maatreël wat ontslag kan voorkom - sien Gower (et al.), op. cit., 150.

daar in die finansiële jaarstate van 'n maatskappy, die totale bedrag van die direkteursvergoeding verskyn.<sup>54</sup> Daar moet ook volle besonderhede van die vergoeding van die direkteur in sy hoedanigheid as direkteur, besturende direkteur of in welke ander hoedanigheid ook al, in die prospektus gegee word.<sup>55</sup> Derdens moet die prospektus ook verklaar welke bedrae of belofde bedrae gedurende 'n tydperk van 3 jaar voorafgaande aan die betrokke prospektus, aan onder andere direkteure betaal is of betaal moet word.<sup>56</sup> Die lede sal dus

---

54. Sien art 297(1)(a) van die Wet. Ingevolge art 297(2)(a) moet die genoemde bedrag "besoldiging ..... (vir) ..... dienste as direkteur ..... of ..... dienste gelewer in 'n ander hoedanigheid, (insluit)". Kragtens art 297(2)(b) word ook uitdruklik 'n onderskeid "tussen besoldiging ten opsigte van dienste as direkteur ..... en ander besoldiging", vereis.
55. Sien Reël 2(b) en (c) van die Derde Bylae tot die Wet, wat vereis dat die prospektus ook die volgende inligting moet bevat :
- "(b) Die ampstermyn waarvoor 'n direkteur aangestel is of gaan word, die wyse en voorwaarde waarop 'n voorgestelde direkteur aangestel gaan word en besonderhede van 'n reg deur enige persoon gehou ten opsigte van die aanstelling van 'n direkteur.
- (c) Besonderhede van vergoeding of voorgestelde vergoeding van die direkteure of voorgestelde direkteure in hulle hoedanigheid van direkteure, besturende direkteure of in enige ander hoedanigheid, hetsy deur die statute vasgestel of nie, deur die maatskappy en enige filiaal."
56. Sien Reël 4(c) van die Derde Bylae tot die Wet, wat voorts vereis dat die prospektus ook die volgende inligting moet bevat :
- "(c) 'n Uiteensetting van alle bedrae wat betaal is of volgens ooreenkoms betaal moet word binne die voorafgaande drie jaar van die datum van die prospektus aan 'n direkteur of aan 'n maatskappy waarin hy 'n voordelige belang het of waarvan hy 'n direkteur is of aan 'n vennootskap, sindikaat of ander vereniging waarvan hy 'n lid is, in kontant of aandele of andersins deur 'n persoon of om hom te ooreed om 'n direkteur te word of om hom as direkteur te kwalifiseer, of andersins vir dienste gelewer deur hom of deur die maatskappy, vennootskap, sindikaat of ander vereniging in verband met die oprigting of totstandbrenging van die maatskappy."

nie sonder meer kan aanvoer dat hulle nie daarvan bewus was dat "( 'n) glad te groot gedeelte van die winste van die maatskappy deur salarisse in beslag geneem word wat die direkteure, ten koste van aandeelhouders toe(ge)staan (het) aan almal of sommige van hul geleedere vir bestuurders of ander dienste".<sup>57</sup>

Die voorafgaande bespreking onder hierdie afdeling dui daarop dat die "omvang van skadevergoeding", as maatreeël om ontslag te voorkom, in die Suid-Afrikaanse reg tans aan minder beperkende faktore onderhewig is as in die Engelse reg. Afhangende van die bepalings van die statute, kan die direksie as orgaan wat die maatskappy onder andere na binne bestuur, in die Suid-Afrikaanse reg steeds 'n kontrak met 'n direkteur aangaan wat oor 'n lang termyn strek, sonder dat dit deur die algemene vergadering goedgekeur is. Myns insiens kan dit van toepassing wees op sowel 'n kontrak in verband met direkteursvergoeding<sup>58</sup> as op 'n dienskontrak van 'n besturende direkteur.<sup>59</sup> In die lig hiervan moet moontlike aanbevelings met betrekking tot die Suid-Afrikaanse reg vervolgt oorweeg word.

## 2.5 Aanbeveling

Die enigste werklike leemte betreffende die sluiting van kontrakte tussen die direkteur en die maatskappy wat tans in di

---

57. Sien die Verlag van die Kommissie van Onderzoek insake die Wysiging van die Maatskappywet, U.G. 69/1948, par. 147 (hierna die Millin-verslag genoem). Vir 'n volledige motivering waarom sodanige openbaringsvereistes nodig was, sien die Millin-verslag ibid., parr. 145-150.

58. Sien Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.3.3 (supra), voetnote 80-81.

59. Ibid., voetnote 90, 94-97.

Suid-Afrikaanse reg tot misbruik kan lei, is die feit dat alle kontrakte nie noodwendig deur die algemene vergadering goedgekeur hoef te word nie. Gevolglik word daar aan die hand gedoen dat die Engelse voorbeeld, soos gestel in art 319 van die 1985 Act, in die Suid-Afrikaanse reg nagevolg word. Verder word daar voorgestel dat die begripsverwarring wat in die Engelse reg bestaan, in die Suid-Afrikaanse reg vermy moet word. Die begripsverwarring kan voorkom word deur die bepalings in verband met langtermynkontrakte, soos vervat in art 319 van die 1985 Act, slegs op "kontrakte in verband met direkteurskap of besturende direkteurskap"<sup>60</sup> van toepassing te maak. Deur so 'n afwyking van die Engelse reg word die interpretasieprobleme, wat as gevolg van die gebruik van die begrip "contracts of employment" (art 319 van die 1985 Act) kan ontstaan, uitgeskakel. Kontrakte wat nie in verband staan met direkteurskap of besturende direkteurskap nie én waarin daar 'n botsing is tussen die belange van die direkteur en dié van die maatskappy, kan steeds<sup>61</sup> in die klas kontrakte val waarop die

---

60. In die Engelse reg word daar ook erkenning verleen aan die onderskeid tussen "emoluments in respect of services as director" en "other emoluments (of the director)" - sien Reël 22(2)(a) en (b) van die Vyfde Bylae tot die 1985 Act (Deel V). Hierdie onderskeid het egter slegs betrekking op die openbaring van direkteure se vergoeding in die finansiële jaarstate. Myns insiens kan heelwat meer regsekerheid oor die betekenis van verskillende begrippe verkry word indien die terminologie in artt 318 en 319 van die 1985 Act ook in terme van byvoorbeeld "(contracts) in respect of services as director" of "(contracts) in respect of other emoluments", uitgedruk word.

61. Byvoorbeeld waar Tabel A of B van die Eerste Bylae tot die Wet as statute aanvaar is - sien Afdeling 2.4 (supra), voetnote 50-52 van hierdie hoofstuk.

gemeenregtelike of statutêre bepalings<sup>62</sup> van toepassing is. Laasgenoemde kontrakte is nie kontrakte wat sonder meesam met die beëindiging van direkteurskap of besturende direkteurskap tot 'n einde kom nie en gevolglik sal dit ook nie 'n daadwerklike invloed op die omvang van die skadevergoeding hê indien die direkteur byvoorbeeld ingevolge art 220 van die Wet ontslaan word nie.

Indien die invoeging van dié Engelse bepaling in die Suid-Afrikaanse reg deurgevoer word en die nodige aanpassings word gedoen om begripsverwarring te voorkom, word die volgende be-  
reik :

- a. Potensiële "misbruik" van langtermynkontrakte, as gevolg van 'n gebrek aan bestaande statutêre reëlings, kan uitgeskakel word.
- b. 'n Leente wat tans bestaan word gevul en so word die be-  
heer wat die algemene vergadering oor die direkteure mo-  
kan uitoefen, verstewig.
- c. Die status van die algemene vergadering as primêre or-  
gaan in die maatskappystruktuur, word weer eens beves-  
tig.<sup>63</sup>

### 3. BELADING VAN STEMME

---

62. Artt 234-241 van die Wet; Naudé, op. cit., 116-130  
131-133; Cilliers en Benadé, op. cit., 346-347, parr 22.57-22.  
en 347-349, parr. 22.59-22.64; Botha (proefskrif) op. cit.  
365-366 en 366-383; Gower (et al.), op. cit., 584-586  
586-589.

63. Cilliers en Benadé, op. cit., 266, par. 19.08.

### 3.1 Oorsig

Daar is reeds gewys op die uitleg van art 220(1)(a) van die Wet.<sup>64</sup> Die huidige ondersoek betrek alleenlik die vraag of ontslag ingevolge die statutêre reëling nie deur 'n belading van stemme voorkom kan word nie. Nog 'n ooreenkoms tussen die direkteur en die maatskappy, nog 'n bepaling in die akte of statute het in hierdie geval tot gevolg dat meer as 'n gewone besluit vir direkteursontslag vereis word, maar ingevolge 'n bepaling in die statute, dra die stemme wat die te ontslane direkteur vir doeleindes van sy ontslag mag uitbring, byvoorbeeld drie maal die lading wat hulle normaalweg dra.

### 3.2 Publieke Maatskappye

Die probleem van belading van stemme kom nie by 'n publieke maatskappy ter sprake nie. Ingevolge art 195(1) van die Wet mag aandele met pari-waarde geen ander stemverhouding aan 'n lid verleen as die nominale waarde van sy aandele tot die nominale waarde van al die uitgereikte aandele nie. In die geval van aandele sonder pari-waarde, mag elke aandeel slegs een stem verteenwoordig. Hierdie statutêre reëling het dus tot gevolg dat daar in publieke maatskappye, in Suid-Afrika,<sup>65</sup> geen ruimte vir die belading van stemme is nie.

### 3.3 Private Maatskappye

Art 195(2) van die Wet het betrekking op die stemreg van die

---

64. Hoofstuk 3, Afdeling 2.5 (supra).

65. In Swerdlow v Cohen, 1977(1) S.A. 178(W), 184E-F word die verskil tussen die Engelse en Suid-Afrikaanse reg verduidelik. In Engeland is daar geen bepaling soortgelyk aan Art 195(1) van die Wet wat 'n belading van stemme by publieke maatskappye verbied nie.

lede van private maatskappye. Ingevolge dié bepaling is die stemreg van 'n lid 'n aangeleentheid wat in die statute van elke maatskappy self gereël moet word. Die enigste voorbehoud is dat daar net nie geen stemme aan aandele gekoppel mag wees nie.<sup>66</sup>

### 3.3.1 Teenstrydighede en Standpunte

In Bushell v Faith<sup>67</sup> was die feite die volgende : 'n Broer en twee susters het 'n private maatskappy besit. Elke aandeelhouer hou 100 aandele. Die twee susters wil die broer ingevolge art. 184 van die Companies Act 1948 ontslaan. Hulle belê 'n algemene vergadering en albei stem ook ten gunste van die broer se ontslag. Die broer nader die hof en beroep hom op klousule 1 van die statute. Hierdie klousule hou die volgende in :

"In the event of a resolution being proposed at any general meeting of the company for removal from office of any director, any shares held by that director shall on a poll in respect of such a resolution carry the right to three votes per share .....

Die hof gee die broer gelyk dat hy nie ontslaan is nie, maar dat sy ontslag met 300 stemme (sy 100x3) teen 200 stemme (die

---

66. Art 193(1) van die Wet. In die Millin-verslag, op. cit., par. 97 word die rede vir die vrystelling van private maatskappye geregtig op grond van die feit dat die reëling in verband met die stemreg in hierdie maatskappye, as "'n kwessie van private korporatiewe praktyk", beskou word.

67. Bushell v Faith, 1970 A.C. 1099.

68. Ibid., 1107D-E. Eie belemtoning is aangebring.

100 elk van sy susters), afgeweer is.

'n Tweede uitspraak wat vermelding verdien, is Swerdlow v Cohen.<sup>69</sup> Die statute van 'n private maatskappy het bepaal dat geen besluit van die maatskappy van krag sal wees alvorens dit nie deur drie genoemde direkteure (waarvan Swerdlow een was) goedgekeur is nie. Toe twee van die drie direkteure wat vermeld is, besluit om Swerdlow ingevolge art 220 van die Wet te ontslaan, keur hy die besluit af. Hy beroep hom op genoemde bepaling en voer aan dat die ontslag-besluit nooit op 'n geldige wyse geneem is nie.

In Swerdlow se a quo-saak verwerp<sup>70</sup> die hof die Bushell-saak op grond van die feit dat die spesifieke bepaling deur en deur daarop gemik was om art 184 van die Companies Act 1948 te omseil. In die a quo-saak word dit gestel dat daar, as gevolg van die belading van stemme, in fraudem legis gepoog is om art 184 van die Companies Act 1948 te omseil.<sup>71</sup>

In Swerdlow se appèl-saak vind die hof dit nie nodig om 'n spesifieke standpunt oor die Bushell-saak in te neem nie. Regter Margo voer aan dat dit in Bushell se saak gehandel het oor die belading van stemme, spesifiek om 'n wetsbepaling te omseil (dit wil sê, wat net by ontslag geld). In die onderhawige saak

- 
69. Daar word deurgaans na die hof a quo se uitspraak sowel as na die appèlsaak verwys. Die verwysings word dus deurgaans volledig gegee : Swerdlow v Cohen, 1977(1) S.A. 178(W) : a quo-saak en Swerdlow v Cohen, 1977(3) S.A. 1050(T) : appèlsaak.
70. Hierdie verwerping was egter net obiter - sien die teks by voetnoot 81 (infra) van hierdie hoofstuk.
71. Swerdlow v Cohen, 1977(1) S.A. 178(W), 185A-D. Daar word verwys na die bekende saak Dadoo Ltd. v Krugersdorp Municipal Council, 1920 A.D. 530.



is die bepaling in die statute, naamlik dat geen besluit van die maatskappy van krag is alvorens die drie genoemde direkteure dit nie eers goedgekeur het nie, egter van algemene aanwending (dit wil sê dit geld by alle besluite).<sup>72</sup> Hier is die regsgeldigheid van die bepaling dus nie in gedrang nie, maar bloot die effektiwiteit. Op grond van die feit dat 'n spesifieke direkteur, deur die weerhouding van sy stem, 'n veto kan uitoefen wat 'n meerderheidsbesluit deur die ander twee direkteure oneffektief kan maak, beslis die hof dat dit nie die werking van art 220 van die Wet kon uitskakel nie.<sup>73</sup>

Die bronne wat die grondslag van die Bushell-saak ondersoek, toon drastiese verskille ten opsigte van hulle interpretasies. Die bronne kan in verskillende groepe ingedeel word :

a. Die groep wat die Bushell-saak aanvaar, regverdig dit soos volg :

(1) daar bestaan geen algemene verbod op die belading van stemme nie;<sup>74</sup> of

(2) die statute skep 'n kontrak tussen die lede inter se, daarom kan die lede "deliberately and intentionally" deur die belading van stemme afstand doen van die statutêre voordeel wat in art 184 van die Companies Act 1948 geskep is;<sup>75</sup> of

---

72. Swerdlow v Cohen, 1977(3) S.A. 1050(T), 1056B-C.

73. ibid., 1057G.

74. Hahlo, H.R., "Restrictions on the Alteration of Articles", S.A.L.J., 1969, 351 (hierna Hahlo (restrictions) genoem).

75. Cartoon, B.J., "The Removal of Company Directors", J.B.L., 1980, 20.

(3) art 184 van die Companies Act 1948, sê niks meer as net dat die direkteur by wyse van 'n gewone besluit ontslaan kan word nie;<sup>76</sup> of

(4) die uitsondering om die direkteure in klein private maatskappye, wat as "quasi partnerships" bekend staan, feitlik onontslaanbaar te maak, is noodsaaklik.<sup>77</sup>

b. 'n Tweede groep regverdig of verwerp nie die uitspraak nie, maar gee slegs 'n verduideliking daarvan.<sup>78</sup>

c. 'n Laaste groep verwerp die uitspraak summier omdat dit 'n duidelike omseiling van die Wetgewer se bedoeling, soos vervat in art 184 van die Companies Act 1948, is.<sup>79</sup>

---

76. Cartoon, loc. cit.; Beuthin, R.C., "Winding up a Domestic Company - The 'Just and Equitable' Provision", S.A.L.J., 1972, 491-492; Botha (proefskrif), op. cit., 150.

77. Gower (et al.), op. cit., 149; Schmitthoff (red.), op. cit., 814, par. 61-28; Beuthin, op. cit., 489.

78. Hahlo (restrictions), op. cit., 243. Preis, op. cit., 112 word by hierdie groep ingedeel, want alhoewel dié skrywer sê dat belading moontlik is en dat "(loaded voting rights) must bow to the statutory effect of S220", verskaf hy nie voldoende kwalifikasies ten opsigte van die algemene belading van stemme of slegs die belading van stemme by ontslag-besluite nie.

79. Lord Morris of Borth-Y-Gest, Bushell v Faith (supra), 1099E stel dit soos volg: "The learned judge thought that to sanction this would be to make a mockery of law. I think so also. Prentice, D., "Removal of Directors from Office", M.L.R., 1969, 696 (hierna Prentice (removal) genoem) is weer van mening dat: "(T)he Court of Appeal has reduced section 184 to an empty rhetorical gesture ..." Schmitthoff, C.M., "House of Lords Sanctions Evasion of Companies Acts", J.B.L., 1970, 1 sê dat: "The decision of the House of Lords in Bushell v Faith will go

In hierdie stadium van ontwikkeling is daar nog geen beslissing in die Suid-Afrikaanse reg spesifiek op hierdie punt nie. Die verwerping van die Bushell-saak in Swordlow v Cohen se quo saak<sup>80</sup> was obiter.<sup>81</sup> Die rede hiervoor word gevind in die feit dat die vetoreg in Swordlow se saak nie as 'n belading van stemme beskou is nie<sup>82</sup> en ook dat die feite van die twee sake van mekaar onderskei moet word. Die posisie is dus onseker en moet nog finaal deur die Suid-Afrikaanse hof vasgestel word.

### 3.3.2 Aanbevelings

#### 3.3.2.1 Riglyne vir Huidige Regspraak

As uitgangspunt moet die feit dien dat, alhoewel dit nie Bushell se feite is nie, 'n algemene belading van stemme in private maatskappye wel ingevolge art 195(2) van die Wet toelaatbaar is. In die Swordlow-saak het beide die hof quo<sup>83</sup> en die hof van appèl<sup>84</sup> erken dat daar in pri

---

down in legal history as one of the most remarkable instances of judicial interpretations defeating the clear intention of the legislator." Oosthuizen, M.J., "Swordlow v Cohen and Others 1977(1) S.A. 178(W)", T.S.A.R., 1977, 168 sê dat die "(n)avolging van die Engelse voorbeeld sal tot grootskaalse omseiling van Art 220 lei en sal effektief 'n vroeë dood van die artikel beteken". Die obiter mening van Regter Botha in Swordlow v Cohen, 1977(1) S.A. 178(W), 185D is ook duidelik teen so 'n uitleg van art 18 van die Companies Act 1948.

80. Swordlow v Cohen, 1977(1) S.A. 178(W), 185A.

81. Preis, op. cit., 112.

82. Oosthuizen, op. cit., 167-168.

83. Swordlow v Cohen, 1977(1) S.A. 178(W), 184E-G.

84. Swordlow v Cohen, 1977(3) S.A. 1050(T), 1053H en 1054A.

vate maatskappye 'n algemene belading van stemme mag wees. Om die Bushell-saak as voorbeeld te gebruik : veronderstel die statute van 'n private maatskappy bepaal dat die een direkteur 300 stemme het (al besit hy net 100 aandele) en die ander twee direkteure het elkeen net 100 stemme, kan daar geen fout gevind word met so 'n reëling as dit op alle besluite van toepassing is nie.

Dieselfde geld natuurlik nie ten opsigte van 'n veto nie, al sou die veto by alle besluite geld. Om die Swerdlow-saak as voorbeeld te gebruik : al geld die veto by alle besluite, is die gevolg daarvan nogtans dat 'n meerderheidsbesluit oneffektief gemaak kan word. Veronderstel byvoorbeeld A, B en C (al drie is aandeelhouders en direkteure) het elk 100 stemme en al drie het ook 'n vetoreg. A en B wil vir C ingevolge art 220 van die Wet ontslaan. Beide A en B stem vir die ontslag. Die gevolg is dat hulle 200 stemme ten gunste van ontslag uitbring. Dit stel 'n meerderheidsbesluit daar (200 stemme teen 100 stemme). Indien C sy vetoreg wel kon gebruik om sy ontslag te voorkom, sou dit 'n omseiling van art 220 van die Wet daarstel. Art 220 bepaal immers dat "ondanks enigiets in (die) ..... akte of statute 'n direkteur by (gewone besluit) ontslaan kan word".<sup>85</sup>

Waar die belading van stemme egter net in werking gestel word by ontslag, word daar aan die hand gedoen dat die obiter-kritiek in die a quo-saak van Swerdlow, naamlik dat dit as 'n bepaling in fraudem legis art 220 van die Wet is, as geregverdig beskou moet word.<sup>86</sup> Die in fraudem legis-leerstuk is

---

85. Sien Hoofstuk 3, Afdeling 2.5 (supra), voetnoot 31.

86. Swerdlow v Cohen, 1977(1) S.A. 178(W), 185A-D.

tans die enigste oplossing vir ons howe om 'n saak soos dié van Bushell te hanteer.

### 3.2.2.2 Toekomstige Wetgewing

Bushell se saak dui daarop die statutêre reëling in verband met die belading van stemme in private maatskappye, in sekere gevalle die statutêre ontslag-bepaling kan oorskadu. Dit dui weer daarop dat daar nie tans eenstemmigheid is oor die aanwendbaarheid van die in fraudem legis-leerstuk by die belading van stemme nie.<sup>87</sup> Dié situasie kan onbevredigend wees. Om regsekerheid in die hand te werk, word 'n wetswysiging gevolglik voorgestel.

In Engeland is daar alreeds gepoog om die probleem wat uit Bushell se saak gespruit het, te probeer oplos. Ingevolg klousule 10 van die 1973 Companies Bill, 'n wetsontwerp wat as gevolg van regeringsverandering nie deurgevoer

- 
87. In Bushell se saak is 'n oplossing alreeds in die statutêre reëlings self gevind. Dit is dan ook interessant om te let op wat Lord Upjohn in Bushell v Faith (*supra*), 1108F-G sê: "Had Parliament desired to go further and enact that every share entitled to vote should be deprived of its special rights under the articles it should have said so in plain terms by making the vote on poll one vote one share." Ook Botha (proefskrif), op. cit., 1 haal hierdie gedeelte met goedkeuring aan. Die direkte teenredenasie word egter gevind in wat Schmitthoff, C.M., "House of Lords Sanctions Evasion of Companies Acts", J.B.L., 1970, 2 (hier Schmitthoff (evasion) genoem) sê: "(I)t is thought that the courts should give full effect to the intention of the legislature and not take cover behind the dusty argument that the legislature has failed to prohibit an evasive device expressis verbis and that, if he is dissatisfied with the decision of the court, he could amend the law on a future occasion. This argument might have been respectable in 1930 but it is not acceptable in 1970." Terwyl die uitleg egter wel teenstrydig is, word 'n wetswysiging voorgestel om sulke "dusty arguments" in die toekoms hok te slaan.

nie,<sup>88</sup> is die volgende wysiging voorgestel : waar dit handel oor 'n ontslag-besluit ingevolge art 184 van die Companies Act 1948, moet die gewone stembelading soos vir alle ander besluite geld. So 'n wysiging los die Bushell-probleem op en verleen steeds erkenning daaraan dat dit toelaatbaar is om ingevolge art 195(2) van die Wet 'n belading van stemme in private maatskappye te hê.<sup>89</sup>

In Suid-Afrika kan dit dan beperkend aangewend word deur slegs art 195(2) van die Wet, ten aansien van private maatskappye, te wysig. By publieke maatskappye is die bepaling van art 195(1) van die Wet reeds deurslaggewend.<sup>90</sup> So 'n wysiging sal dan al die spekulasies, soos byvoorbeeld dat "it would be interesting to see what our courts would decide in a case with similar facts",<sup>91</sup> uit die weg ruim en dit sal ook regsekerheid in die hand werk.

#### 4. OOREENKOMSTE BUIE DIE STATUTÊRE REËLING

##### 4.1 Oorsig

Die aspek wat nou oorweeg word, het betrekking op ooreenkomste

---

88. Daar word na die "1973 Companies Bill" verwys deur Loose, op. cit., par. 9-03(c). Dit word verduidelik in 'n inleidende gedeelte, getitel "Glossary of Terms and Abbreviations" : "A Bill introduced by the Conservative Administration in Desember 1973 which fell with the Administration in March 1974. It contained many important amendments of company law which are likely to be enacted in due course." Sover opgespoor kon word, is die wysiging tans onder bespreking, nooit aangebring nie. Sien ook Boyle, A.J. en Birds, J., Boyle and Birds' Company Law, 1974, 550, voetnoot 98.

89. Sien Millin-verslag, op. cit., par. 97.

90. Sien Afdeling 3.2 (supra) van hierdie hoofstuk.

91. Preis, op. cit., 112.

wat die direkteur kan aangaan om ontslag te voorkom. Die rede waarom so 'n ooreenkoms ontslag doeltreffend kan voorkom, die vorm wat so 'n ooreenkoms kan aanneem en in die besonder hoe die direkteur dit kan aanwend om ontslag te voorkom, word nou behandel. Aangeleenthede wat verband hou met dit wat so pas genoem is, soos byvoorbeeld hoe die beding ten behoewe van 'n derde hier aanwending vind en hoe opvolgende aandeelhouers deur die inperking van stembevoegdheede geraak word, word ook bespreek.

#### 4.2 Die Trefwydte van die Statutêre Reëling

Die feit dat hierdie onderwerp weer bespreek word, mag die indruk wek dat daar teruggegaan word op aspekte wat alreeds in die loop van die studie bespreek is. Tog is dit van besonder belang om te oorweeg op presies watter gevalle art 220 van die Wet van toepassing is. Daar is reeds daarop gewys dat art 220(1)(a) bepaal dat ontslag, ondanks 'n ooreenkoms tussen die direkteur en die maatskappy, steeds by wyse van gewone besluitwerkstellig kan word.<sup>92</sup> Die direkteur kan egter nie deur ontslag as sodanig skadeloosstelling of skadevergoeding wat hom as gevolg van ontslag toekom, ontnem word nie,<sup>93</sup> en dit kan op sigself 'n wyse wees waarop die direkteur teen ontslag beskerm word.<sup>94</sup> Die direkteur van 'n private maatskappy kan ook ontslag voorkom deur 'n belading van stem

---

92. Sien Hoofstuk '3, Afdeling 2.5 (supra).

93. Sien Hoofstuk '4, Afdeling 1 (supra), voetnote 2 en 3.

94. Sien Afdeling 2 (supra) van hierdie hoofstuk.

me.<sup>95</sup> Uit die gevalle wat so pas genoeg is, kan afgelei word dat art 220 van die Wet gekniehalter word deur 'n paar faktore en gevolglik word die aanwendingsgebied daarvan grotendeels beperk.

'n Verdere beperking op art 220 van die Wet is die bewoording van art 220(1)(a). Hierdie subartikel maak slegs melding van 'n ooreenkoms tussen die "maatskappy en direkteur". Geen verwysing na enige ander ooreenkoms kom voor nie.<sup>96</sup> 'n Vraag wat gevolglik ontstaan, is of ander ooreenkomste, byvoorbeeld tussen die direkteure en die aandeelhouers, tussen die aandeelhouers onderling of selfs tussen die maatskappy en 'n derde, moontlik tot gevolg kan hê dat die direkteur onontslaanbaar is.<sup>97</sup>

#### 4.3 Inperking van Stemreg

Die hou van aandele impliseer normaalweg vrye beskikkingsbe-

---

95. Sien Afdeling 3 (supra) van hierdie hoofstuk.

96. Sien Stewart v Schwab, 1956(4) S.A. 791(T), 794A-B; Amoils v Fuel Transport (Pty) Ltd. (supra), 347; Desai v Greyridge Investments (Pty) Ltd., 1974(1) S.A. 509(A), 518H; Meskin, P.M. (red.), Companies in LAW S.A., Vol. 4, 1982, 186, par. 184; De Wet en Van Wyk, op. cit., 646, voetnoot 803; Milne, A. (et al.) (red.), Henochsberg on the Companies Act, 1975, 387; Leveson, G., Company Directors, Law and Practice, 1970, 17; Afterman, op. cit., 30.

97. Daar is reeds daarop gewys dat die dienskontrak in beginsel geen uitsondering op die algemene reël ten opsigte van spesifieke nakoming van kontrakte moet wees nie - sien Hoofstuk 6, Afdeling 3.3.2.2 (supra). Daar is egter ook beklemtoon dat art 220 van die Wet die moontlikheid van spesifieke nakoming van 'n ooreenkoms tussen die direkteur en maatskappy, statutêr uitsluit.



voegdheid daaroor.<sup>98</sup> Dit hang dus van die houer daarva self af op welke wyse daar met hierdie regte gehandel word. In Desai v Greyridge Investments (Pty) Ltd.<sup>99</sup> word daar egter gemaan dat aangesien dit die algemene benadering is dat meerderheidsbestuur in die maatskappy moet geld, 'n bepaling wat die vrye beskikkingsbevoegdheid oor aandele omver kan werp versigtig uitgelê moet word.<sup>100</sup> Die gevolg hiervan is dat duidelike woorde of 'n noodwendige implikasie nodig is om enige afleiding tot die teendeel te regverdig.<sup>101</sup> In die betrokke saak kon geen uitdruklike beperking<sup>102</sup> of noodwendige afleiding<sup>103</sup> om stemreg in te perk, gevind word nie en gevolglik is daar beslis dat meerderheidsbestuur die bo toon moet voer.<sup>104</sup> Hierdie benadering is ook in ooreen-

---

98. Desai v Greyridge Investments (Pty) Ltd. (supra), 519A.

99. Ibid.

100. Ibid., 519A-B. Die belangrikheid van stembevoegdheid word sterk taal deur die Millin-verslag, op. cit., par. 93 soos voer verduidelik: "Die direkste en die enigste doeltreffende manier om aandeelhouders ..... (aan) 'n doeltreffende beheer ..... oor die maatskappy deel te (laat) hê, is (deur) die gebruik van die stembevoegdheid van die lede. Die kennis dat hierdie bevoegdheid bestaan en dit doeltreffend gebruik kan word, moet altyd die beslissings en bedrywighede van die direkteure beïnvloed. Die behoorlike uitoefening van die reg om te stem is die magtigste en praktiese middel om te verseker dat die belange van die lede as geheel behoorlik oorweeg en bevorder word in die bestuur van die maatskappy."

101. Desai v Greyridge Investments (Pty) Ltd. (supra), 519B-C.

102. Ibid., 523B.

103. Ibid.

104. Dit is 'n afleiding wat gemaak word - ibid., 519B-C saamgelees met 521G-H en 523B.

stemming met die algemene Engelsregtelike beskouing.<sup>105</sup>

Die Desai-saak se benadering is nagevolg in Amoils v Fuel Transport (Pty) Ltd.<sup>106</sup> Aangesien daar 'n duidelike aanduiding was dat die stemreg ingeperk is, het die hof in laasgenoemde uitspraak gevolg gegee aan die inperking van die stembevoegdheid deur die ooreenkoms.<sup>107</sup>

#### 4.3.1 Stemooreenkomste

##### 4.3.1.1 Tussen Direkteure en Aandeelhouders

In Stewart v Schwab<sup>108</sup> word duidelike gesag daarvoor gevind dat die direkteure en aandeelhouders ooreen kan kom dat die aandeelhouders nie vir die direkteur se ontslag sal stem nie. Die konstruksie dat die aandeelhouders in bepaalde gevalle nie vir die direkteur se ontslag sal stem nie, is in hierdie saak op 'n indirekte wyse aangewend. In casu is beweer dat daar 'n vennootskapsoreenkoms was.<sup>109</sup> Die vraag was toe of die aandeelhouders kontraktueel ooreengekom het om nie vir ontslag

---

105. Greenhalgh v Mallard, (1943) 2 All E.R. 234 en Puddephat v Leith, 1914-1915 All E.R. 260.

106. Amoils v Fuel Transport (Pty) Ltd., 1978(4) S.A. 343(W).

107. Ibid., 345B. Daar is gevolg gegee aan klousule 13 van die "71 agreement" naamlik dat die direkteur "shall be subject to removal only by the shareholders which appointed him". In Puddephat v Leith (supra), 261F was die uitdruklike bepaling waaraan gevolg gegee is dat "I shall vote in all cases, when a vote is necessary in respect of these shares, as you wish me to do".

108. 1956(4) S.A. 791(T).

109. Ibid., 792F-H.

van die direkteur te stem nie.<sup>110</sup> Synde 'n vennootskap met voortdurende bestaan, was die enigste wyse waarop dit tot 'n einde kon kom, deur ontbinding. Die enigste wyse waarop die maatskappy kon ophou bestaan, was deur likwidasië. Die afleiding hieruit is dus, by noodwendige implikasie, dat die aandeelhouers nie vir ontslag sou stem nie, want dit sou s 'n ander wyse wees waarop die vennootskap ontbind kon word.<sup>111</sup>

Dat die Regter hier 'n ooreenkoms tussen die direkteur en aandeelhouers in gedagte het, blyk onder andere uit die gebruik van woorde soos "shareholders (cannot) vote in breach of an agreement with (a director)"<sup>112</sup> en "agreement between shareholders and a director".<sup>113</sup>

#### 4.3.1.2 Tussen Aandeelhouers Onderling

Die benadering in Amoils v Fuel Transport (Pty) Ltd.<sup>114</sup> kom neer op 'n beding ten behoeve van 'n derde. In hierdie uitspraak is 'n ooreenkoms aangegaan tussen die aandeelhouer (Die feit dat die maatskappy ook 'n party tot die ooreenkoms was, word nie as deurslaggewend beskou nie, omdat die ooreenkoms te deelbaar was.)<sup>115</sup> Ingevolge die ooreenkoms word die applikant (Hymie Leslie Amoils) as "A"-direkteur van Co

---

110. Ibid., 793D.

111. Ibid., 793D-F.

112. Ibid., 793H.

113. Ibid., 794A-B.

114. 1978(4) S.A. 343(W).

115. Ibid., 347B-C.

Cartage Co. aangestel.<sup>116</sup> Een van die bepalings van die ooreenkoms is dat die applikant "shall be subject to removal only by the shareholders which appointed him".<sup>117</sup> Aangesien die applikant 'n genomineerde direkteur van die aandeelhouders, OK Coal Agency is, beteken dit dat slegs OK Coal Agency vir sy ontslag mag stem. Toe daar sprake is daarvan dat ook die ander aandeelhouders vir sy ontslag gaan stem, doen Hymie Leslie Amoils aansoek om 'n interdik om so 'n stemmery te voorkom. Hy beroep hom op die ooreenkoms tussen die aandeelhouders.<sup>118</sup>

Die hof gaan van die standpunt uit dat alhoewel die applikant nooit 'n party tot die ooreenkoms was nie, hy ingevolge die beginsels neergelê in "McCullough (sic) v Fernwood Estates Ltd",<sup>119</sup> die oomblik toe hy sy aanstelling as direkteur aanvaar het,<sup>120</sup> regte uit die ooreenkoms tussen die aandeelhouders kon verkry. Hy is nou geregtig op die regte en ook gebonde aan die verpligtinge van dié ooreenkoms.<sup>121</sup> Die gevolg is dat 'n vinculum iuris tussen hom (direkteur) en die ander kontrakterende partye (aandeelhouders) tot stand gekom het.<sup>122</sup> Hierdie konstruksie is dus duidelik die stipula

---

116. Ibid., 344F-G. Die aanstelling het plaasgevind ingevolge die sogenaamde "71 Agreement".

117. Ibid., 345B.

118. Ibid., 344A. Die "71 Agreement" - sien voetnoot 116 (supra) van hierdie hoofstuk.

119. McCullough v Fernwood Estate Ltd., 1920 A.D. 204.

120. Amoils v Fuel Transport (Pty) Ltd. (supra), 345D-G.

121. Ibid., 345G-H.

122. Ibid., 345F.

Die hof gee die applikant gelyk dat sy vrees ten opsigte van ontslag, gegrond is.<sup>124</sup> Gevolglik word 'n interdik toegestaan dat die respondente nie vir sy ontslag mag sterf nie.<sup>125</sup>

#### 4.3.1.3 Die Gevolge

Die uitwerking van 'n stemooreenkoms tussen die direkteure en die aandeelhouders of tussen aandeelhouders onderling is dat die direkteur onontslaanbaar kan wees. Dit kan ook daarop neerkom dat die direkteur op die maatskappy afgedwing word. Wat ook aan die rede was waarom daar al geredeneer is dat die direkteur nie op die maatskappy afgedwing moet word nie,<sup>126</sup> bly die feit staan dat daar geen algemene verbod op so iets bestaan nie.<sup>127</sup> Waar die direkteur in ieder geval nie vir huidige doeleindes as 'n werknemer beskou word nie<sup>128</sup> en die opvatting in die Suid-Afrikaanse reg is dat daar selfs b

---

123. Ibid., 345H met 'n verwysing na Crooks v Watson, 1956(1) S.A. 277(A). Sien ook Preis, op. cit., 113.

124. Amoils v Fuel Transport (Pty) Ltd. (supra), 346G-H.

125. Ibid., 347H.

126. Botha, D., "Some aspects Concerning Removal of Directors" D.R., 1973, 469, (hierna Botha (some aspects) genoem); Prentice (removal), op. cit., 693-694, maar veral 694, voetnoot 4.

127. Stewart v Schwab (supra), 794D-F; Cilliers en Benadé, op. cit., 302, par. 21.11, voetnoot 22; Preis, op. cit., 113.

128. Sien Hoofstuk 2, Afdeling 2.2.1 (supra), voetnoot 5; Hoofstuk 2, Afdeling 3.2.3.3 (supra), voetnote 75-76 en ook British Mural Syndicate Ltd. v Alperton Rubber Co. Ltd., (1915) 2 Ch. 186 en 195.

werknemers geen besondere uitsondering ten opsigte van spesifieke nakoming van dienskontrakte moet wees nie,<sup>129</sup> word daar met die bronne saamgestem wat aanvoer dat daar in die algemeen geen beswaar kan wees teen die spesifieke nakoming van kontrakte, hyvoorbeeld tussen direkteure en aandeelhouders of tussen aandeelhouders onderling, wat die direkteur onontslaanbaar kan maak nie.<sup>130</sup>

Aangesien die houer van aandele normaalweg vrye beskikkingsbevoegdheid oor die aandele het, sal daar nie sonder meer afgelei kan word dat daar byvoorbeeld 'n beperking op oordraagbaarheid van die aandele is nie.<sup>131</sup> Verder is dit 'n reël wat algemeen aanwending vind dat, waar daar 'n beperking op 'n reg is wat aan die persoon self kleef, hierdie beperking nie sonder meer oorgaan op volgende houters van daardie reg nie. Die afleiding wat uit die pas vermelde twee stellings gemaak kan word, is dat enige beperking ten opsigte van byvoorbeeld hoe daar gestem moet word, normaalweg net op die houer self van toepassing is, en sodra die aandele uit die hande van die betrokke houer is, sal daar nie sonder meer beweer kan word dat opvolgende houters deur die beperking geraak word nie.<sup>132</sup>

Indien daar dus wel 'n ooreenkoms aangegaan is ingevolge waarvan die aandeelhouders gebonde is om op 'n spesifieke wyse te stem en ontslag daardeur voorkom wil word, sal daar ten opsigte

---

129. Sien National Union of Textile Workers v Stag Packings (Pty) Ltd., 1982(4) S.A. 151(T) en die verduideliking van hierdie aangeleentheid in Hoofstuk 6, Afdeling 3.3.2.2 (supra).

130. Sien voetnoot 127 (supra) van hierdie hoofstuk.

131. Greenhalgh v Mallard (supra). Sien in die algemeen ook Afdeling 4.3 (supra) van hierdie hoofstuk.

132. Ibid.; Preis, op. cit., 113.

van ten minste twee sake sekerheid verkry moet word, naamlik of dat daar 'n duidelike bepanking op die oordraagbaarheid van die aandele bestaan, of dat die wyse waarop gestem mag word, duidelik aan die aandele self gekoppel is en dus ook opvolgende houers daarvan sal bind. Indien die direkteur nie sy regte op so 'n wyse beskerm nie, mag hy vind dat sy ooreenkoms met die aandeelhouders nutteloos is.<sup>133</sup>

#### 4.4 Ooreenkoms tussen die Maatskappy en Derdes

'n Insiggewende benadering is die van Hahlo.<sup>134</sup> Die skrywer bespreek die geval waarin 'n persoon, ingevolge 'n ooreenkoms tussen die maatskappy en 'n derde, as direkteur aangestel word. Aangesien art 220 van die Wet geen melding maak van 'n ooreenkoms tussen die maatskappy en 'n derde nie, is dit 'n ope vraag of die maatskappy by interdik verbied kan word om die direkteur te ontslaan en of die derde op skadevergoeding weens kontrakbreuk geregtig sal wees. Daar was nog geen gewysdes in ons reg om vas te stel of die aandeelhouders onder hierdie omstandighede vir die ontslag van die direkteur mag stem nie.

Daar word aan die hand gedoen dat aangesien daar in art 220 van die Wet nie melding gemaak word van 'n ooreenkoms tussen die maatskappy en 'n derde nie, dit inderdaad moontlik is dat die maatskappy by interdik verbied kan word om die direkteur, in stryd met die ooreenkoms tussen die maatskappy en die derde, te ontslaan. Die enigste probleem wat in hierdie geval kan opduik, is dat die derde duidelik sal moet aantoon dat die be

---

133. Ibid.

134. Hahlo, H.R., South African Company Law through the Cases 1983, 337 (hierna Hahlo (cases) genoem).

doeling nie was om "die voordeel van nie-ontslaanbaarheid" aan die direkteur persoonlik te laat toekom nie. In die geval waar die regte die direkteur toekom, kan daar aangevoer word dat 'n beding ten behoeve van 'n derde voorhande is en dat daar 'n vinculum iuris tussen die maatskappy en die direkteur bestaan. Dié ooreenkoms sal dan weer eens binne die beperkende werking van art 220 van die Wet val. Die derde (al is hy ook 'n aandeelhouer of selfs 'n ander maatskappy) moet gevolglik self aansoek doen om die interdik. Dit is dan nie die direkteur nie, maar die derde wat voorkom dat die direkteur ontslaan word. Die derde beskerm eintlik sy eie regte, maar op indirekte wyse word ook die direkteur se regte, wat naamlik inhou dat hy steeds as direkteur aanbly, beskerm.

Alhoewel British Murac Syndicate Ltd. v Alperton Rubber Co. Ltd.<sup>135</sup> beslis is nog lank voor die invoeging van die statutêre bepaling tot ontslag,<sup>136</sup> kan dit met geringe aanpassings as 'n goeie voorbeeld dien om die punt wat hier ter sprake is, te illustreer. In hierdie saak het 'n ooreenkoms bestaan (die feit dat dit ook in die statute vervat was, word vir illustrasie-doeleindes geïgnoreer) tussen die applikant en respondent. Die inhoud van die ooreenkoms was die volgende :

"The British Murac Syndicate, Limited, as long as it holds at least 5 000 shares in the capital of the company (Alperton Rubber Co., Ltd.) shall have the right of nominating two directors on the board of the company ....."<sup>137</sup>

- 
135. Supra. Sien egter Naudé, op. cit., 75, voetnoot 3 en dié skrywer se verklaring van die Murac-saak (77).
136. Sien Hoofstuk 3, Afdeling 2.1 en 2.5 (supra).
137. British Murac Syndicate Ltd. v Alperton Rubber Co. Ltd. (supra), 187. Die bepaling was vervat in "Clause 10" van die ooreenkoms - buite die statute.



Solank die maatskappy die aandele gehou het, kon die direkteure nie ontslaan word nie. Die voorbeeld illustreer die feit dat dit hier nie gaan oor die gewone stemooreenkoms nie. Die wyse waarop daar gestem kon word, het niks met die saak te doen gehad nie. Die voorbeeld is ook van belang omdat baie maatskappye, selfs as minderheidsaandeelhouders, wil verseker dat hulle ook insae in die sake van 'n ander maatskappy het. 'n Wyse waarop dit verseker kan word, is deur die nominering van direkteure. Daar word aan die hand gedoen dat waar 'n ooreenkoms tussen die maatskappy en 'n derde bestaan die howe spesifieke nakoming van hierdie ooreenkoms kan beveel of potensiële verbrekking van die ooreenkoms by wyse van interdik kan voorkom. So 'n ooreenkoms kan derhalwe 'n betekenisvolle wyse wees ingevolge waarvan die derde sy regte kan beskerm, en die genomineerde direkteur word ook bevoordeel aangesien hy van sy direkteurskap verseker is.

Dit is ook veelseggend om daarop te let dat die pas vermeldde maatreël ter voorkoming van ontslag ook nie onderhewig is aan die gewone beperkende uitleg wat geheg word aan ooreenkomste wat stembevoegdheid inperk nie.<sup>138</sup> Die ooreenkoms moet bloot volgens die inhoud daarvan as sodanig uitgelê word. Verder sal selfs die direkteur van 'n publieke maatskappy wat, as gevolg van die bepalinge van art 195(1) van die Wet, nie in posisie deur die belading van stemme kan verskans nie, sy ontslag as direkteur kan voorkom deur 'n toepaslike ooreenkoms tussen die maatskappy en 'n derde tot stand te laat kom.

Aangesien die duidelike oogmerk van art 220 van die Wet is om die aandeelhouders groter seggenskap in die bestuur van die

---

138. Sien Afdeling 4.3 (supra) van hierdie hoofstuk.

maatskappy te gee,<sup>139</sup> en die artikel soos dit tans daar uitsien deur 'n ooreenkoms tussen die maatskappy en 'n derde omseil kan word, is die enigste oplossing dat die Wetgewer tussenbeide moet tree.

Reël 5 van die Vierde Bylae tot die English Iron and Steel Act 1982,<sup>140</sup> kan as moontlike riglyne dien vir toekomstige wetgewing. Dit bepaal die volgende :

"The power conferred on a company by section 184 of the Companies Act 1948 (art 220 van die Wet) to remove a director before the expiration of his period of office notwithstanding anything in its articles of association or in any agreement between it and himself, shall in the case of a relevant company<sup>141</sup> be extended so as to be exercisable notwithstanding anything in any agreement between the company and any person<sup>142</sup> other than the director ....."<sup>143</sup>

Die presiese oogmerk en agtergrond van hierdie bepaling, kon

---

139. Sien Hoofstuk 3, Afdeling 2.5 (supra), voetnoot 33.

140. Sien Halsbury's Statutes of England (Cumulative Supplement), Part I, 1984, 5/28, 256n.

141. In Reël 1 van die Vierde Bylae tot die English Iron and Steel Act 1982 word die volgende verduideliking gegee : "This Schedule applies to any publicly-owned company that is a private company within the meaning of the Companies Acts 1948 to 1980 (in this schedule referred to as 'a relevant company')."

142. Daar word aanvaar dat die betekenis dieselfde is as "person" soos omskryf in art 2(1v) van die Interpretasiewet 33 van 1957.

143. Eie beklemtoning is aangebring.

nie opgespoor word nie. Die huidige bespreking word dus beperk tot die moontlike invloed wat 'n soortgelyke bepaling op art 220 van die Wet kan hê. Indien daar in art 220(1)(a) van die Wet bygevoeg word dat die statutêre bevoegdheid tot ontslag uitgebrei word om steeds van toepassing te wees ongeag enigiets wat vervat is in enige ooreenkoms tussen die maatskappy en enige ander persoon (bo en behalwe 'n ooreenkoms tussen die direkteur en die maatskappy), word die volgende bereik :

- a. Art 220(1)(a) van die Wet sal nie kragteloos gemaak kan word deur 'n ooreenkoms tussen die maatskappy en 'n derde nie.
- b. Die doel van art 220 van die Wet, naamlik om die aandeelhouders groter seggenskap oor die bestuur van die maatskappy te gee, word op 'n doeltreffender wyse bereik.

#### 4.5 Samevatting

Uit voorafgaande blyk dit dat ontslag van die direkteur deur die bestaan van 'n ooreenkoms buite die statutêre reëling, voorkom kan word. In die geval van 'n stemooreenkoms kan ontslag voorkom word of deur 'n ooreenkoms tussen die direkteur en aandeelhouders of deur 'n ooreenkoms tussen die aandeelhouders onderling. In die geval van 'n ooreenkoms tussen die maatskappy en 'n derde bestaan daar nog nie duidelike riglyne of ontslag inderdaad daardeur voorkom sal kan word nie. Daar word egter aan die hand gedoen dat aangesien dit ook 'n ooreenkoms buite die statutêre reëling is, ontslag ook in gevele deur so 'n ooreenkoms voorkom sal kan word.

#### 5. TEN SLOTTE

Art 220 van die Wet bied tans geleentheid daarvoor dat 'n direkteur sy amp berekend kan verskans. Hierdie metode word

met reg gebruik, maar word ook ongelukkig tot 'n groot mate misbruik. Daar bestaan uiteenlopende verklarings waarom verskansing toegelaat moet word. Soms word billikheidsoorwegings<sup>144</sup> as motivering geopper. In ander gevalle word dit verklaar op grond van die feit dat die statutêre ontslagreëling nie voorsiening vir alle gevalle maak nie.<sup>145</sup> Nog 'n verduideliking kan wees dat die aandeelhouers hulle vrye beskikkingsbevoegdheid oor stemreg, regsgeldiglik op so 'n wyse mag inperk dat ontslag onmoontlik gemaak word.<sup>146</sup>

Indien die Wetgewer van mening is dat die bestaande skuiwergate in art 220 van die Wet regsgeldige en billike wyses bied waarop die direkteur ontslag kan voorkom, sal hierdie artikel ongewysig gelaat moet word. As die oogmerk egter is om daadwerklike beskerming aan die aandeelhouers te verleen, dan blyk art 220 van die Wet in baie opsigte gebrekkig te wees. Die enigste wyse waarop hierdie gebreke uitgeskakel kan word en waarop aan die ware oogmerk<sup>147</sup> van art 220 uitvoering gegee sal kan word, is deur wetswysigings. In die hieropvolgende hoofstuk word wetswysigings voorgestel om 'n groter mate van beskerming aan die aandeelhouers te bied.

---

144. Preis, op. cit., 114.

145. Bushell v Faith (supra), 1108F-G; Botha (proefskrif), op. cit., 150.

146. Sien Afdeling 4.3 (supra) van hierdie hoofstuk - veral voetnote 106-107.

147. Sien Hoofstuk 3, Afdeling 2.5 (supra), voetnoot 33.

---

## HOOFSTUK 9

### GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

1. GEVOLGTREKKINGS
  2. AANBEVELINGS
- 

#### 1 GEVOLGTREKKINGS

Daar bestaan heelwat onsekerhede aangaande die ontslag van maatskappydirekteure in die Suid-Afrikaanse reg. Soos verduidelik in Hoofstuk 2 (supra), spruit hierdie onsekerhede hoofsaaklik voort uit die gebrek aan 'n konsekwente onderskeid tussen die verskillende hoedanighede waarin 'n enkele persoon teenoor die maatskappy, maar ook teenoor ander individue wat by die intrakorporatiewe verhoudingstruktuur betrokke is, kan staan. 'n Faktor wat gewis 'n verdere verwarrende invloed het, is die feit dat daar tans aan 'n begrip soos "besturende direkteur" geen vaste regsinhoud gekoppel kan word nie.

Soos blyk uit Hoofstuk 4-6 (supra), kan daar, as gevolg van die ontslag van 'n direkteur, in sekere gevalle 'n reg op skadeloosstelling of skadevergoeding bestaan. Alhoewel die grondslag van die reg op skadevergoeding nie altyd konsekwent verklaar word nie, kan die aanwending van gewone kontraktuele beginsels 'n belangrike rol in die oplossing van bestaande probleme rondom die reg op skadevergoeding, speel. Indien kontraktuele beginsels nougeset toegepas word en die besondere posisie waarin die direkteur hom kan bevind, in ag geneem word, is daar geen klaarblyklike rede waarom die ontwikkeling op hierdie gebied nie op 'n behoorlike beginselgrondslag kan geskied nie.

Alhoewel die ontslag van direkteure 'n aangeleentheid is wat volledig in die maatskappykonstitusie gereël kan word, is 'n statutêre middel steeds nodig om die lede in die finale instansie beheer te gee oor die bestuur van die maatskappy. Enige statutêre middel wat die beskerming van die lede as oogmerk het en wat hierdie oogmerk wil bereik deur voorsiening daarvoor te maak dat 'n direkteur wat nie meer die belange van die maatskappy (en daarmee saam ook nie die belange van die lede nie) op die hart dra nie, ontslaanbaar moet wees, moet vir 'n verskeidenheid van gevalle voorsiening maak.

Eerstens moet so 'n statutêre middel, soos ook verduidelik in Hoofstuk 3, Afdeling 2.3 (supra), nie gerig wees op die gevalle waar ontslag reeds volledig in die maatskappykonstitusie gereël is nie. Dit moet eerder ten doel hê om die lede te beskerm teen 'n direkteur wat, as gevolg van 'n ooreenkoms met die maatskappy of as gevolg van 'n bepaling in die maatskappykonstitusie, onontslaanbaar is. Verder moet enige statutêre bepaling nie tot gevolg hê dat die ontslag van direkteure 'n ongeordende proses is wat die direkteur aan ontslag blootstel sonder dat hy ook die geleentheid gegun is om sy kant van die saak te stel nie. In die derde instansie moet die statutêre reëling nie onnodige skulwergate bied wat 'n direkteur op slinkse wyse kan uitbuit om hom in elk geval onontslaanbaar te maak nie. Daar moet ook in ag geneem word dat die Wetgewer se hoofdoel nie is om die lede teen hulleself te beskerm nie. Gevolglik moet die statutêre reëling steeds die vryheid aan die lede bied om te kan handel met daardie regte wat hulle as lede toekom. Laastens moet die reg op skadeloosstelling of skadevergoeding wat 'n te ontslane direkteur mag toekom, steeds behoue bly.

2

#### AANBEVELINGS

Daar word vervolgens 'n paar gedagtes geopper om aan te toon in

welke gevalle die bestaande statutêre reëlings voldoende is en daar word ook aanbevelings gedoen oor hoe bestaande probleme opgelos kan word.

- a. Art 220(1)(a) van die Maatskappywet 61 van 1973 (hierna die Wet genoem) kan soos volg gewysig word :

**"220 Ontslag van direkteure en prosedure ten aansien daarvan - (1) 'n Maatskappy kan, ondanks enigiets in sy akte of statute of ondanks 'n ooreenkoms tussen hom en 'n direkteur of tussen hom en enige ander persoon, by gewone besluit 'n direkteur voor die verstryking van sy ampstermyn ontslaan."**

- Die moontlikheid dat 'n direkteur dus as gevolg van die ooreenkomste met 'n derde (Hoofstuk 8, Afdeling 4.4 (supra)) onontslaanbaar is, word uitgeskakel.
- As gevolg van die geringe praktiese waarde wat die beskerming van lewenslange direkteure tans het, kan art 220(1)(b) in sy huidige vorm geskrap word.

- b. Art 220(2)-(7) van die Wet kan in die bestaande vorm behou word.

- Die ontslagprosedure ingevolge art 220(2)-(6) bied voldoende beskerming aan die direkteur. (Hoofstuk 3 Afdeling 4 (supra) kan in hierdie verband geraadpleeg word.)
- Die feit dat die direkteur ingevolge art 220(7) steeds op skadevergoeding geregtig is en dat daar steeds erkenning verleen word aan ander wyses ingevolge waarvan

ontslag bewerkstellig kan word (byvoorbeeld deur bepalings in die maatskappykonstitusie), is gesonde beginsels wat behoue kan bly.

- c. Soos blyk uit die besprekings in Hoofstuk 8, Afdeling 2 (supra), moet 'n nuwe bepaling op die wetboek geplaas word om uitdruklik voorsiening daarvoor te maak dat "langtermynkontrakte in verband met direkteurskap of besturende direkteurskap" deur die algemene vergadering goedgekeur word. - Art 319 van die English Companies Act 1985 kan hier as voorbeeld dien. Hierdie bepaling hoef ook nie 'n algemene verbod op alle langtermynkontrakte in verband met direkteurskap of besturende direkteurskap te plaas nie. Dit kan byvoorbeeld ook net betrekking hê op die kontrakte in verband met direkteurskap of besturende direkteurskap wat :

- i. oor 'n langer tydperk as 5 jaar strek;
  - ii. 'n bepaling bevat dat die direkteur nie by wyse van kennisgewing ontslaan mag word nie, of dat die ooreenkoms net in sekere omstandighede opgesê mag word; en
  - iii. selfs vir 'n korter tydperk as 5 jaar aangegaan is, maar saam met enige onverstreke gedeelte van 'n ander onafgelope ooreenkoms, oor 'n langer tydperk as 5 jaar strek.
- Potensiële "misbruik" van langtermynkontrakte in verband met direkteurskap of besturende direkteurskap, as maatreël ter voorkoming van ontslag, kan deur die invoeging van 'n toepaslike statutêre bepaling uitgeskakel word.



- Deur 'n toepaslike statutêre bepaling word gestand ge-  
doen aan die beheer wat die algemene vergadering oor  
direkteure moet kan uitoefen en die status van die al-  
gemene vergadering as primêre orgaan in die maatskap-  
pystruktuur word weer eens bevestig.
- d. Art 195(2) van die Wet kan, soos bepleit tydens die be-  
spreking van die belading van stemme in Hoofstuk 8, Afde-  
ling 3 (supra), soos volg gewysig word :

"(2) Die stemreg van 'n lid van 'n private maatskappy  
word, behoudens die bepalings van art 193(1), deur die  
statute van die maatskappy vasgestel met dien verstaan  
dat die gewone reëling wat vir alle besluite vasgestel  
ook by die ontslag van direkteure ingevolge art 220(1)  
van toepassing moet wees."

- Deur so 'n wysiging kan alle spekulasies soos byvoor-  
beeld of 'n spesiale stemreëling wat net by die ont-  
slag van direkteure geld, in fraudem legis art 220(1)  
van die Wet is, uit die weg geruim word.
- Daar word egter steeds gevolg gegee aan die algemene  
beginsel dat die stemreg van 'n lid van 'n private  
maatskappy, deur die statute van die maatskappy vas-  
gestel kan word.

Laastens moet die vraag beantwoord word of die direkteur hoeg-  
naamd nog teen ontslag beskerm sal word en of daar enigsins nog  
maatreëls sal bestaan waarvolgens ontslag voorkom kan word.  
Die bestaande ontslagprosedure, soos vervat in art 220(2)-(6)  
van die Wet, sal nog beskerming aan direkteure bied in gevalle  
waar ontslag oorhaastig kan geskied, of sonder dat die direk-  
teur geleentheid gegun word om sy kant van die saak te stel.

(Hoofstuk 7, Afdeling 2 (supra) kan in laasgenoemde verband geraadpleeg word.) Ex lege-beskerming teen ontslag ingevolge art 344(h) van die Wet, waaraan aandag geskenk is in Hoofstuk 7, Afdeling 3 (supra), sal ook steeds bestaan. Die dreigement wat die te ontslane direkteur kan gebruik om die maatskappy te laat likwideer indien hy ontslaan sou word, vind net in beperkte gevalle aanwending. Die likwidasië van die maatskappy op grond van die feit dat dit "reg en billik" is, is immers 'n vennootskapsregtelike beginsel en die aanwending daarvan in die gevalle van maatskappye verg dat die maatskappy aan sekere tipiese vereistes moet voldoen. Dit is juis in hierdie gevalle wat die besondere maatskappystruktuur nie altyd voorsiening maak vir die regte, verwagtinge en verpligtinge van 'n individu nie. Dat die direkteur dus in hierdie gevalle 'n mate van beskerming teen ontslag geniet, is nie te vergesog nie en die aanwending van hierdie uitsondering is bowenal gekoppel aan die bestaan van sekere strukturele vereistes.

Al word dié voorgestelde wysigings deurgevoer, sal ontslag steeds deur die stemooreenkomste, soos bespreek in Hoofstuk 8, Afdeling 4.3.1 (supra), voorkom kan word. Dit sal moontlik wees in die gevalle van 'n ooreenkoms tussen die direkteure en die aandeelhouers, of tussen aandeelhouers onderling. Hierdie wyses waarop ontslag voorkom kan word, kan regverdig word op grond van die feit dat die inperking van stemreg 'n aangeleentheid is waaroor elke aandeelhouer self moet besluit. Dit is nie die doel van die Wetgewer om aan die lede voor te skryf hoe hulle moet stem nie. Indien 'n bepaalde lid wel op 'n geldige wyse ooreengekom het om byvoorbeeld nie vir die ontslag van 'n direkteur te stem nie, bestaan daar 'n geldige ooreenkoms. In hierdie gevalle moet daar niks in die weg van die howe staan om gevolg aan hierdie ooreenkoms te kan gee nie; by wyse van 'n interdik om potensiële verbreking te voorkom of by wyse van

'n bevel tot spesifieke nakoming om reeds geskonde regte te  
herstel.

Deur die voorgestelde wetswysigings word daar dus gevolg gegee  
aan die ware oogmerk van die statutêre middel, dit wil sê om  
die aandeelhouders optimale seggenskap in die administrasie van  
die maatskappy te gee en om nie beskerming te verleen aan 'n  
direkteur wat nie meer die meerderheid van die stemgeregtigde  
lede tevrede stel nie. Tog word die vrye beskikkingsbevoegd-  
heid wat die lede oor stemreg het, nie onnodig ingeperk nie.



---

## AANHANGSELS

1. OPSOMMING
  2. LYS VAN AFKORTINGS
  3. VONNISREGISTER
  4. BIBLIOGRAFIE
  5. TYDSKRIFARTIKELS
  6. AMPTELIKE VERSLAE
- 

### 1 OPSOMMING

Daar bestaan heelwat onsekerhede aangaande die ontslag van maatskappydirekteure in die Suid-Afrikaanse reg. Hierdie onsekerhede spruit hoofsaaklik voort uit die gebrek aan 'n konsekwente onderskeid tussen die verskillende hoedanighede waarin 'n enkele persoon teenoor die maatskappy kan staan en dié waarin hy kan staan teenoor ander individue wat by die intrakorporatiewe verhoudingstruktuur betrokke is. 'n Faktor wat gewis 'n verdere verwarrende invloed het, is die feit dat daar aan 'n begrip soos "besturende direkteur" tans geen vaste regsinhoud gekoppel kan word nie. Juis daarom word die regsposisie van die direkteur en besturende direkteur in die besonder oorweeg en word daar gewys op aspekte soos die begripsverwarring tussen die Engelse en Suid-Afrikaanse reg, probleme ten opsigte van die onderskeid tussen werknemerskap, direkteurskap en besturende direkteurskap, en word die nie-kontraktuele verhouding tussen die direkteur en die maatskappy ook oorweeg.

As gevolg van ontslag kan daar in sekere gevalle 'n reg op skadeloosstelling of skadevergoeding bestaan. Alhoewel die grondslag van die reg op skadevergoeding nie altyd konsekwent verklaar word nie, kan die aanwending van gewone kontraktuele beginsels 'n belangrike rol speel in die oplossing van bestaande probleme rondom die reg op skadevergoeding. Indien kontraktuele beginsels suiwer toegepas word en die besondere posisie waarin die direkteur hom bevind, in ag geneem word, is daar geen klaarblyklike rede waarom die ontwikkeling op hierdie gebied nie op 'n behoorlike beginselgrondslag geplaas kan word nie. Faktore wat egter ongetwyfeld in samehang met die kontraktuele oorwegings beskou moet word, is onder andere dat ontslag ingevolge bepalings in die maatskappykonstitusie of ingevolge die statutêre middel kan geskied, dat die reg op skadevergoeding die direkteur in bepaalde gevalle ontnem kan word en dat daar besondere oorwegings ter sprake kan kom in die geval van die besturende direkteur met 'n dienskontrak.

Alhoewel die ontslag van direkteure 'n aangeleentheid is wat volledig in die maatskappykonstitusie gereël kan word, is 'n statutêre middel steeds nodig om die lede in die finale instansie beheer te gee oor die bestuur van die maatskappy.

Enige statutêre middel wat die beskerming van die lede as oogmerk het en wat hierdie oogmerk wil bereik deur voorsiening daarvoor te maak dat 'n direkteur wat nie meer die belange van die maatskappy (en daarmee saam ook nie die belange van die lede nie) op die hart dra nie, ontslaanbaar moet wees, moet vir 'n verskeidenheid van gevalle voorsiening maak.

Die huidige statutêre middel wat ontslag van maatskappydirekteure in die Suid-Afrikaanse reg reël (art 220 van die Maatskappywet 61 van 1973), voldoen wel aan sommige van die vereis-

tes wat nodig is om gevolg aan die ware oogmerk van so 'n middel te gee. Daar bestaan egter ook heelwat leemtes wat vandag gebruik word en ook somtyds misbruik word om direkteure onontslaanbaar te maak. Hierdie gevalle het hoofsaaklik betrekking op ooreenkomste tussen die maatskappy en 'n derde, die feit dat langtermynkontrakte van direkteure nie noodwendig deur die algemene vergadering goedgekeur hoef te word nie en dat daar geen duidelikheid in die Suid-Afrikaanse reg bestaan oor die vraag of 'n belading van stemme wat net by ontslag-besluite ter sprake kom, geldig is nie. Gevolglik word wetswysigings voorgestel om hierdie leemtes uit die weg te ruim.

Selfs al word die voorgestelde wetswysiging deurgevoer, sal gevalle van ex lege-beskerming teen ontslag steeds behoue bly (onder andere deur die ontslagprosedure soos vervat in die statutêre reëling en deur die feit dat die te ontslane direkteur die maatskappy met likwidasie ingevolge art 344(h) van die Wet kan dreig). Daar sal ook steeds maatreëls bestaan waardeur ontslag voorkom kan word (onder andere deur die aangaan van stemooreenkomste). Die ex lege-beskerming teen ontslag en maatreëls ter voorkoming van ontslag wat dan nog bestaan, sal egter ongetwyfeld wettig en geregverdig wees.

a. Regspraak

- A.C. - Law Reports, Appeal Cases (Engeland).  
 A.C.L.R. - Australian Company Law Reports.  
 A.D. - Appellate Division (1910-1946) (Suid-Afrika).  
 All E.R. - All England Law Reports.  
 Cal. App. - California Appeal Cases (VSA).  
 Ch. - Law Reports, Chancery (Engeland).  
 (1910-1946) (Suid-Afrika).  
 C.P.D. - Reports of the Cape Provincial Division  
 E.D.L. - Reports of the Eastern Districts Local  
 Division (Suid-Afrika).  
 E.R. - English Reports Reprint (1220-1865).  
 I.L.J. - Industrial Law Journal (Suid-Afrika).  
 K.B. - Law Reports, King's Bench (Engeland).  
 L.T. - Law Times (Engeland).  
 N.L.R. - New Law Reports (Ceylon).  
 N.S.W.L.R. - New South Wales Law Reports.  
 N.W.T. - North Western Reporter (VSA).  
 O.R.C. - Orange River Colony Reports (Suid-Afrika).  
 S.A. - South African Law Reports (1947-).  
 S.C. - Court of Session Cases (Scotland).  
 T.C. - Reports of Tax Cases (Engeland).  
 T.L.R. - Times Law Reports (Engeland).  
 T.P.D. - Reports of the Transvaal Provincial Division  
 (Suid-Afrika).  
 T.S. - Reports of the Transvaal Supreme Court  
 (Suid-Afrika).  
 V.L.R. - Victorian Law Reports (Australië).  
 W.L.D. - Reports of the Witwatersrand Local Division  
 (Suid-Afrika).  
 W.L.R. - Weekly Law Reports (Engeland).

b. Tydskrifartikels

- AM. BAR A.J. - American Bar Association Journal.  
 C.L.J. - Cambridge Law Journal (Engeland).  
 D.R. - De Rebus (Suid-Afrika).  
 I.B.L. - International Business Lawyer (VSA).  
 I.L.J. - Industrial Law Journal (Suid-Afrika).  
 J.B.L. - Journal of Business Law (Engeland).  
 L.Q.R. - Law Quarterly Review (Engeland).  
 M.B.L. - Modern Business Law (Suid-Afrika).  
 M.L.R. - Modern Law Review (Engeland).  
 N.L.J. - New Law Journal (Engeland).  
 S.A.C.L.J. - The South African Company Law Journal.  
 S.A.L.J. - South African Law Journal.  
 T.H.R.H.R. - Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse  
 Reg (Suid-Afrika)  
 T.S.A.R. - Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg.

c. Ander

LAW S.A. - The Law of South Africa.



## VONNISREGISTER

Re A & BC Chewing Gum Ltd. Topps Chewing Gum Inc v Coakley,  
(1975) 1 All E.R. 1017.

Adams v Union Cinemas Ltd., (1939) 3 All E.R. 136.

Addis v Gramophone Co., Ltd., (1908-1910) All E.R. 1.

Administrateur, Natal v Trust Bank van Afrika Bpk., 1979(3)  
S.A. 824(A).

Allen v Gold Reefs of West Africa Ltd., (1900-1903) All E.R.  
746.

Ally v Dinath, 1984(2) S.A. 451(T).

Amoils v Fuel Transport (Pty) Ltd., 1978(4) S.A. 343(W).

Anderson v James Sutherland, (1941) S.C. 203.

Appel v Sher, 1950(2) S.A. 224(W).

Beach v Reed Corrugated Cases, Ltd., (1956) 2 All E.R. 652.

Bellairs v Hodnett, 1978(1) S.A. 1109(A).

Bentley-Stevens v Jones, (1974) 2 All E.R. 653.

R v Berman, 1932 C.P.D. 133.

Bluett v Strutchbury's (Ltd.), (1908) 24 T.L.R. 469.

Bold v Brough, Nicholson & Hall Ltd., (1963) 3 All E.R. 849.

Bonn Accord Irrigation Board, 1923 A.D. 480.

British Equitable Society v Bailey, 1906 A.C. 36.

British Murac Syndicate, Ltd. v Alperton Rubber Co., Ltd.,  
(1915) 2 Ch. 186.

Brown v La Trinidad (Ltd.), 4 T.L.R. 14.

Bulmer v Woollens Ltd. (In liq.), 1926 C.P.D. 459.

Bushell v Faith, 1970 A.C. 1099.

Byron v Cape Sundays River Settlements Ltd., 1923 E.D.L. 117.

Chapman v Beach, 37 E.R. 494.

Re a Company, (1983) 2 All E.R. 854.

Consolidated Frame Cotton Corporation Ltd. v Minister of Manpower, 1985(1) S.A. 191(D).

Coronation Syndicate Ltd. v Lilienfeld, 1903 T.S. 489.

De Villiers v Jacobsdal Saltworks (Michaelis and De Villiers) (Pty) Ltd., 1959(3) S.A. 873(0).

Desai v Greyridge Investments (Pty) Ltd., 1974(1) S.A. 509(A).

Diner v Dublin, 1962(4) S.A. 36(N).

Ebrahimi v Westbourne Galleries Ltd., (1972) 2 All E.R. 492.

Emphy v Pacer Properties (Pty) Ltd., 1979(3) S.A. 363(D).

Erasmus v Pentamed Investments (Pty) Ltd., 1982(1) S.A. 178(W).

Farmers Associated Dairies, Ltd. v Goldstein, 1924 W.L.D. 181.

Fisheries Development Corporation of SA Ltd. v Jorgensen : AWJ Investments (Pty) Ltd., 1980(4) S.A. 156(W).

French Hairdressing Saloons, Ltd. v National Employers Mutual General Insurance Association, Ltd., 1932 A.D. 60.

Goodwin v Brewster, (1951) 32 T.C. 80.

Goodman v Whitcomb, 37 E.R. 492.

Greenhalgh v Mallard, (1943) 2 All E.R. 234.

Gründling v Beyers, 1962(2) S.A. 131(W).

Gundelfinger v African Textile Manufacturers Ltd., 1939 A.D. 314.

Gunton v London Borough of Richmond upon Thames, (1980) 3 All E.R. 577.

Haynes v Kingwilliamstown Municipality, 1951(2) S.A. 370(A).

Hill v C.A. Parsons & Co. Ltd., (1971) 3 W.L.R. 995.

Holmes v Life Funds of Australia Ltd., (1971) 1 N.S.W.L.R. 860.

Imperial Hydropathic Hotel Co. Blackpool v Hampson, 23 Ch. 1.

James v Thomas H. Kent & Co. LD., (1951) 1 K.B. 551.

Johannesburg Stock Exchange v Northern Transvaal (Messina) Copper Exploration, 1945 A.D. 529.

Kern Trust v Hurter, 1981(3) S.A. 607(C).

Kuter v S.A. Pharmacy Board, 1954(2) S.A. 423(T).

Lee v Lee's Air Farming Ltd., (1960) 3 All E.R. 420.

Lee v Hshien, (1984) 1 W.L.R. 1202.

Lillicrap, Wassenaar & Partners v Pilkington Brothers (SA) (Pty) Ltd., 1985(1) S.A. 475(A).

Lincoln Mills (Australia) Ltd. v Gough, 1964 V.L.R. 194.

Loch v John Blackwood Ltd., (1924) A.C. 783.

R v Mall, 1959(4) S.A. 607(N).

Maloney v New South Wales National Coursing Association Ltd., (1977-1978) 3 A.C.L.R. 404.

Marshall v Colman, 37 E.R. 629.

McCulloch v Fernwood Estate Ltd., 1920 A.D. 204.

McMillan v Guest, 24 T.C. 190.

Moosa, N.O. v Mavjee Bhawan (Pty) Ltd., 1967(3) S.A. 131(T).

Moresby White v Rangeland Ltd., 1952(4) S.A. 285(SR).

Mullin (Pty) Ltd. v Benade Ltd., 1952(1) S.A. 211(A).

Mutual and Federal Insurance Co., Ltd. v Oudtshoorn Municipality, 1985(1) S.A. 419(A).

Myburg v Daniëlskuil Munisipaliteit, 1985(3) S.A. 335(N).

National Industrial Council of the Leather Industry of S.A. v Parshotam & Sons (Pty) Ltd., 1984(1) S.A. 277(D).

National Union of Textile Workers v Stag Packings (Pty) Ltd., 1982(4) S.A. 151(T).

Ndamse v University College of Fort Hare, 1966(4) S.A. 137(E).

Nelson v James Nelson & Sons Ltd., (1914-1915) All E.R. 433.

In re New British Iron Co. Ex parte Beckwith, (1898) 1 Ch. 324.

Norway v Rowe, 34 E.R. 472.

Parsons v B.N.M. Laboratories Ltd., (1963) 2 All E.R. 658.

Partnership in Mining Bpk. v Federale Mynbou Bpk., 1984(1) S.A. 175(T).

Phillips v Base Metals Exploration Syndicate Ltd. (In liq.), 1911 T.P.D. 403.

Portwig v Deputation Street Investments (Pty) Ltd., 1985(1) S.A. 83(D).

Puddephat v Leith, (1914-1915) All E.R. 260.

Rand Air (Pty) Ltd. v Ray Bester Investments (Pty) Ltd., 1985(2) S.A. 345(W).

Read v Astoria Garage (Streatham) Ltd., (1952) 1 All E.R. 922.

Read v Astoria Garage (Streatham) Ltd., (1952) 1 Ch. 637.

Ranch International Pipelines (Transvaal) (Pty) Ltd. v LMG Construction (City) (Pty) Ltd., 1984(3) S.A. 861(W).

Raymond v Abdolnabi (Ongerapporteur), W.L.D., 1984-07-30 (Leveson J), Saaknommer 15172/84.

Robinson v Randfontein Estates Gold Mining Co., Ltd., 1921 A.D. 168.

Ross & Co. v Coleman, 1920 A.D. 408.

SA Diamond Workers' Union v The Master Diamond Cutters' Association of SA, 1982 I.L.J. 87.

Schierhout v Minister of Justice, 1926 A.D. 99.

Shindler v Northern Raincoat Co., Ltd., (1960) 2 All E.R. 239.

Shuttleworth v Cox Bros. & Co. (Maidenhead) Ltd., (1926) All E.R. 498.

Smit v Workmen's Compensation Commissioner, 1979(1) S.A. 51(A).

Southern Foundaries (1926) Ltd. v Shirlaw, (1940) 2 All E.R. 445.

- Stewart v Schwab, 1956(4) S.A. 791(T).
- Stirling v Maitland, 122 E.R. 1043.
- Stocks Construction (OFS) (Pty) Ltd. v Metter-Pingon (Pty) Ltd., 1980(1) S.A. 507(A).
- Strachan v Lloyd Levy, 1923 A.D. 670.
- Stuart v Mansion - Housechambers Co., Ltd., (1866) 2 T.L.R. 761.
- Sweet v Finbain, 1984(3) S.A. 441(W).
- Swerdlow v Cohen, 1977(1) S.A. 178(W).
- Swerdlow v Cohen, 1977(3) S.A. 1050(T).
- The Taupo Totara Timber Co., Ltd. v Rowe, (1978) A.C. 537.
- Thomas Marshall (Exports) Ltd. v Guinle, (1978) 3 All E.R. 193.
- Thompson v Pullinger, (1894) 1 O.R.C. 298.
- Tiopaizi v Bulawayo Municipality, 1923 A.D. 326.
- Re Tivoli Freeholds Ltd., (1972) V.L.R. 445.
- Re T.N. Farrar Ltd., (1937) 2 All E.R. 505.
- Trek Tyres Ltd. v Beukes, 1957(3) S.A. 306(W).
- Unity Investments Co. (Pty) Ltd. v Johnson, 1932 C.P.D. 275.
- Wackrill v Sandton International Removals (Pty) Ltd., 1984(1) S.A. 282(W).
- Waters v Taylor, 35 E.R. 333.
- In re Yenidje Tobacco Co., Ltd., 1916(2) Ch. 426.

## BIBLIOGRAFIE

Adams, P.R., The Law and Practice Relating to Company Directors in Australia, tweede uitgawe, Butterworths, Australië, 1970.

Afterman, A.B., Company Directors and Controllers, The Law Book Company Ltd., Sydney, Australië, 1970.

Afterman, A.B. en Baxt, R., Cases and Materials on Corporations, tweede uitgawe, Butterworths, Sydney, 1975.

Allan, A., Delpont, H.J., Henning, J.J. en Viljoen, D.J., The Close Corporations Act 1984, Juta & Co., Kenwyn, 1984.

Bamford, B., The Law of Partnership and Voluntary Association in South Africa, derde uitgawe, Juta & Co., Ltd., Cape Town, 1982.

Botha, D.H., Groups in South African Company Law, Proefskrif, UP, 1981.

Botha, D.H., Henning, J.J. en De la Rey, E.M., Cilliers en Benadé : Inleiding tot Maatskappyereg, Butterworths, Durban, 1985.

Boyle, A.J. en Birds, J., Boyle and Birds' Company Law, derde uitgawe, The Law Book Company Ltd., Sydney, 1974.

Boyle, A.J. en Sykes, R.S. (red.), Gore-Browne on Companies, Jordan & Sons Ltd., drie en veertigste uitgawe, Bristol, 1982.

Brown, S.R. en Grogan, P.R., Company Directors, derde uitgawe, The Law Book Co., Sydney, 1974.

Burgess, R. en Morse, G., Partnership Law and Practice, Sweet & Maxwell, London, 1980.

Callaway, F.H., Winding up on the Just and Equitable Ground, The Law Book Company Ltd., Sydney, 1978.

Cilliers, H.S., Benadé, M.L. en De Villiers, S.W.L., Maatskappyereg, derde uitgawe, Butterworths, Durban, 1977.

Cilliers, H.S., Benadé, M.L., Henning, J.J., Botha, D.H. en De la Rey, E.M., Maatskappyereg, vierde uitgawe, Butterworths, Durban, 1982.

Crump, D.W., (red.), Dix and Crump on Contracts of Employment, sesde uitgawe, Butterworth, London, 1980.

De Villiers, S.W.L., Partnership : Preliminary Note in The South African Encyclopaedia of Forms and Precedents, Vol. 13, Butterworths, Durban, 1976.

De Villiers, S.W.L., Henning, J.J., Gardiner, S.J., Van Wyk, T. en Swart, G.J., Trust en Boedelbeplanning - Consulta 4, Lex Patria (namens Vereniging van Prokureursordes van Suid-Afrika), Johannesburg, 1980.

De Vos, W., Verrykingsaanspreeklikheid in die Suid-Afrikaanse Reg, tweede uitgawe, Juta & Kie Bpk., Kaapstad, 1971.

De Wet, J.C. en Van Wyk, A.H., De Wet en Yeats : Die Suid-Afrikaanse Kontrakereg en Handelsreg, vierde uitgawe, Butterworths, Durban, 1978.

The English and Empire Digest with Complete and Exhaustive Annotation, Vol. 9 en Vol. 10, Butterworths, London, 1975.

Fourie, J.S.A., Die Dienskontrak in die Suid-Afrikaanse Arbeidsreg, Proefskrif, UNISA, 1977.

Gamble, R.H., A Working Guide to the Administration of Private Companies, Butterworths, Durban, 1981.

Gibson, J.T.R. en Comrie, R.G., South African Mercantile and Company Law, vyfde uitgawe, Juta & Co., Cape Town, 1983.

Gower, L.C.B., Cronin, J.B., Easson, A.J. en Lord Wedderburn of Charlton, Gower's Principles of Modern Company Law, vierde uitgawe, Stevens & Sons, London, 1979.

Gullick, J.M. (red.), Rankins and Spicer's Company Law, twaalfde uitgawe, H.F.L.(Publishers) Ltd., 1981.

Hahlo, H.R., South African Company Law through the Cases, vierde uitgawe, Juta & Co., Kaapstad, 1983.

Halsbury's Statutes of England, derde uitgawe, Vol. 5, Butterworths, London, 1968.

Henning, J.J. en Delpont, H.J., Partnership, Butterworths, Durban, 1984.

Honoré, T., The South African Law of Trusts, derde uitgawe, Juta & Co., Kaapstad, 1985.

Joffe, V., The Companies Act 1980, Oyez Publishing, Ltd., London, 1980.

Leveson, G., Company Directors, Law and Practice, Butterworths, Durban, 1970.

Loose, P., The Company Director, his Functions, Powers and Duties, vyfde uitgawe, Jordan & Sons Ltd., Bristol, 1975.

- Mason, H.H., Casebook on Australian Company Law, derde uitgawe, Butterworths, Sydney, 1980.
- Meskin, P.M. (red.), Companies in The Law of South Africa, Vol. 4, Butterworths, Durban, 1982.
- Millin, P. en Wille, G., Coaker, J.F. en Zeffertt, D.T., Wille and Millin's Mercantile Law of South Africa, agtiende uitgawe, Hortors Stationary (Pty) Ltd., Johannesburg, 1984.
- Milne, A., Nathan, C., Smith, K.L. en Meskin, P.M. (red.), Henochsberg on the Companies Act, derde uitgawe, Butterworths, Durban, 1975.
- McPherson, B.H., The Law of Company Liquidation, tweede uitgawe, The Law Book Company Ltd., Sydney, 1980.
- Naudé, S.J., Die Regsposisie van die Maatskappydirekteur met besondere verwysing na die interne maatskappyverband, Butterworths, Durban, 1970.
- Norman-Scoble, C., Law of Master and Servant in South Africa, Butterworths, Durban, 1956.
- Olivier, M.P., Unfair Dismissal Law : An Appraisal of Current Developments, University of South Africa Tax and Business Law Centre Monograph Series, November, 1984.
- Pennington, R.R., Company Law, vierde uitgawe, Butterworths, London, 1979.
- Powell-Smith, V., The Law and Practice Relating to Company Directors, Butterworths, London, 1969.
- Ribbens, D.S., The Personal, Fiduciary Character of Members' Inter Se Relations in the Incorporated Partnership, DCL, McGill University, Montreal, 1981.
- Prentice, D.D., Companies Act 1980, Butterworths, London, 1980.
- Ringrose, H.G., The Law and Practice of Employment, tweede uitgawe, Juta & Co., Ltd., Cape Town, 1983.
- Scamell, E.H. en I'anson Banks, R.C. (red.), Lindley on the Law of Partnership, vyftiende uitgawe, Sweet & Maxwell, London, 1984.
- Schmitthoff, C.M., Davies, P.L., Farrar, J.H., Kay, M. en Morse, G.K. (red.), Palmer's Company Law, drie en twintigste uitgawe, Vol. I., Stevens & Sons, London, 1982.



Story, J., Commentaries on the Law of Partnership, sesde uitgawe, Little, Brown & Co., Boston, 1868.

Tinnion, J., The Companies Act 1980, Sweet & Maxwell, London, 1980.

Van Jaarsveld, S.R. en Coetzee, W.N., Arbeidsreg, tweede uitgawe, Lex Patria, Johannesburg, 1980.

Van Jaarsveld, S.R., Botha, D.H., Du Plessis, P.A., Oosthuizen, M.J., Piek, J.N. en Schutte, M.A., Suid Afrikaanse Handelsreg, Vol. III, tweede uitgawe, Lex Patria, 1983.

Van Jaarsveld, S.R., Coetzee, W.N., Delport, P.A., Du Plessis, P.W., Goodey, N.J., Grové, N.J., Nagel, C.J., Scott, T.J. en Van Rhijn, T.A.R., Suid-Afrikaanse Handelsreg, Vol. II, tweede uitgawe, Lex Patria, 1983.

Wallace, The Honourable MR Justice en Young, J.M., Australian Company Law and Practice, The Law Book Co. Ltd., Sydney, 1965.

## TYDSKRIFARTIKELS

Beck, A., "Delictual Liability for Breach of Contract", S.A.L.J., Vol. 102, Deel II, Mei, 1985, 222.

Beuthin, R.C., "A Director Firmly in the Saddle", S.A.L.J. Vol. 86, 1969, 489.

Beuthin, R.C., "Winding up a Domestic Company - The 'Just and Equitable' Provision", S.A.L.J., Vol. 89, 1972, 481.

Boberg, P.Q.R., "Back to Winterbottom v Wright? - Not Quite!", S.A.L.J., Vol. 102, Deel II, Mei, 1985, 213.

Botha, D., "Some aspects concerning the Removal of Directors", D.R., Vol. 71, 1973, 465.

Brassey, M.S.M., "Specific Performance - A New Stage for Labour's Lost Love", I.L.J., Vol. 2, Deel 2, 1981, 57.

Burridge, S.J., "Wrongful Rights Issues", M.L.R., Vol 44, 1981, 40.

Cartoon, B.J., "The Removal of Company Directors", J.B.L., January, 1980, 17.

Cathcart, D.A. en Kruse, S.A., "The new American Law of Wrongful Termination", I.B.L., Februarie, 1984, 73.

Chesterman, M.R., "The 'Just and Equitable' Winding up of Small Private Companies", M.L.R., Vol. 36, 1973, 129.

Gower, L.C.B., "Companies' Removal of Managing Director", M.L.R., Vol. 16, 1953, 82.

Hahlo, H.R., "Restriction on the Alteration of Articles", S.A.L.J., Vol. 86, 1969, 349.

Hahlo, H.R., "Restrictions on the Removal of A Director from Office", S.A.L.J., Vol. 87, Deel II, 1970, 242.

Hahlo, H.R., "Voting Agreement", S.A.L.J., Vol. 80, 1963, 281.

Kachelhoffer, G.C., "Boekbesprekings", D.R., Oktober, 1984, 503.

Le Roux, P.A.K., "Identifying the Contract of Service", M.B.L. Vol. 1, 1979, 50.

Markson, H.E., "Winding-up : The Partnership Analogy", N.L.J., Vol. 128, 1978, 115.

- Mulligan, G.A., "Damages for Breach - Victim's Quasi-Duty to Mitigate", S.A.L.J., Vol. 73, 1956, 423.
- Mulligan, G.A., "Damages for Breach - Measure (General Principles)", S.A.L.J., Vol. 74, 1957, 61.
- McPherson, M.L.R., "Winding up on the 'Just and Equitable' Ground", M.L.R., Vol. 27, 1964, 282.
- Naudé, S.J., "Kontraksluiting tussen Direkteur en Maatskappy", T.H.R.H.R., 1970, 142.
- Oosthuizen, M.J., "Swerdlow v Cohen and Others, 1977(1) SA 178(W)", T.S.A.R., No. 2, 1977, 165.
- Page, A., "UK Developments relating to Unlawful Termination of Employment Contracts", I.B.L., Februarie, 1984, 67.
- Pitt, G., "Winding up on the 'Just and Equitable' Ground", N.L.J., Vol. 127, 1977, 619.
- Preis, D.A., "Prevention of the Statutory Removal of Directors", M.B.L., Vol. 5, No. 2, 1983, 111.
- Prentice, D., "Removal of Directors from Office", M.L.R., Vol. 32, 1969, 693.
- Prentice, D.D., "Winding up on the Just and Equitable Ground: The Partnership Analogy", L.Q.R., Vol. 89, 1973, 107.
- Reinecke, M.F.B. en Becker, E.A., "Die Openbaringsplig by Versekering : Uberrima Fides Oorboord", T.S.A.R., Vol. 1, 1985, 86.
- Rider, B.A.K., "Partnership Law and its Impact on 'Domestic Companies'", C.L.J., Vol. 38, 1978, 148.
- Rubin, G.R., "The Director as Employee of the Company", J.B.L., 1978, 328.
- Schmitthoff, C.M., "Directors as Employees", J.B.L., 1978, 61.
- Schmitthoff, C.M., "The Director as Employee of the Company", J.B.L., 1979, 4.
- Schmitthoff, C.M., "House of Lords Sanctions Evasion of Companies Acts", J.B.L., Januarie, 1970, 1.
- Sealy, L.S., "The Director as Trustee", C.L.J., 1967, 83.
- Sher, J., "Erasmus v Pentamed Investments (Pty) Ltd., 1982(1) SA 178(W)", S.A.C.L.J., 1982, 89.

Tobias, P.H., "Can you help me I've been fired", AM. BAR A.J.,  
April, 1984, 68.

Van Warmelo, P., "Liability in Contract and in Delict",  
S.A.L.J., Vol. 102, Deel II, Mei, 1985, 227.

Zamir, I., "Invalidity of Dismissal from Public Employment",  
M.L.R., Vol. 21, 1958, 408.

## AMPTELIKE VERSLAE

- Cohen-verslag : Report of the Committee on Company Law Amendment, Cmd. 6659/1945.
- Millin-verslag : Verslag van die Kommissie van Onderzoek insake die Wysiging van die Maatskappy-Wet, U.G. 69/1948.
- Van Wyk De Vries-verslag : Verslag van die Kommissie van Onderzoek insake die Maatskappy-Wet, R.R. 45/1970.